

DIE GOEIE NUUS



Is beter

As wat jy

Dink

David Clayton

INHOUD

VERSTAAN SONDE EN GERECHTIGHEID

- 1. INLEIDING 3
- 2. HOOFSTUK 1: DIE NATUUR VAN SONDE 7
- 3. HOOFSTUK 2: DIE AARD VAN GERECHTIGHEID 19

NIE NAGEMAAK, VERVANG

- 4. HOOFSTUK 3: DIE TWEE ADAMS 27

DIE REALITEIT, CHRISTUS SE LEWE IN ONS

- 5. HOOFSTUK 4: DIE MENSLIKE GEES 35
- 6. HOOFSTUK 5: DIE GEES VAN GOD 41
- 7. HOOFSTUK 6: LEWE IN CHRISTUS 47

DIE OPENBARING VAN GOD

- 8. HOOFSTUK 7: MET 'N OOP GESIG 57

CHRISTUS SE NATUUR

- 9. HOOFSTUK 8: HOEKOM HET JESUS NOOIT GESONDIG NIE 63
- 10. HOOFSTUK 9: VOLKOME MENSLIK, VOLKOME GODDELIK 69

VERSTAAN DIE PLAN

- 11. HOOFSTUK 10: WAAROM DIE SONDAAR MOET STERF 77
- 12. HOOFSTUK 11: WAAROM JESUS MOES STERF 87

DIE VERBREEKTE VLOEK

- 13. HOOFSTUK 12: WAT IS 'N VLOEK? 97
- 14. HOOFSTUK 13: DIE VLOEK VAN DIE WET 103
- 15. HOOFSTUK 14: CHRISTUS 'N VLOEK GEMAAK 109

TIPE EN ANTI-TIPE

- 16. HOOFSTUK 15: DIE CHRISTEN EN DIE WET 119
- 17. HOOFSTUK 16: DIE TWEE VEBONDE 121
- 18. HOOFSTUK 17: WAAROM DIE OU VERBOND 133
- 19. HOOFSTUK 18: DIE WET VAN DIE GEES 143
- 20. HOOFSTUK 19: DIE KENNIS VAN GOED EN KWAAD 149
- 21. HOOFSTUK 20: TIPE VERSUS ANTI TIPE 159
- 22. HOOFSTUK 21: VERGIFNIS EN GERECHTIGHEID 169

DIE PLEK VAN GELOOF

- 23. HOOFSTUK 22: REGVERDIGHEID DEUR GELOOF 181
- 24. HOOFSTUK 23: DIE KUNS OM OP WATER TE LOOP 189

DIE PLEK VAN OORGAWE

- 25. HOOFSTUK 24: OORGAWE 195
- 26. HOOFSTUK 25: DIE BETEKENIS VAN DIE KRUIS 203
- 27. HOOFSTUK 26: DIE PLEK VAN DIE WOORD 207

HEILIGMAKING

- 28. HOOFSTUK 27: DIE WERK VAN 'N LEEFTYD 221
- 29. HOOFSTUK 28: DIE RES WAT BLY 217
- 30. HOOFSTUK 29: DIE EVANGELIE VAN DIE KONINKRYK 225
- 31. EPILOOG 236

**VERSTAAN SONDE
EN
GEREGTIGHEID**

INLEIDING

As ons vandag na die mensdom kyk, sien ons 'n verdraaide en 'n vals samelewing vol sonde. Onder andere geweld, misdaad, mishandeling veral vroue en kinders, selfsug, perversie van dit wat goed en reg is, en somer dosyne ander boosheid wanneer ons rondom ons kyk. Dit is duidelik dat daar 'n **SIEKTE** is wat die hele mensdom besmet het en daar is geen behandeling daarvoor nie. Daar is 'n groot nood vir 'n teenmiddel of kuur vir hierdie siekte wat sal werk. Dis billik om hierdie siekte as **SONDE** te klassifiseer en te erken dat ons dit moet behandel. Maar die vraag is, is daar regtig behandeling vir hierdie **SONDE** siekte?



Die feit dat daar vandag duisende verskillende godsdienstige groepe bestaan getuig van die werklikheid dat die mens nog altyd 'n behoefte gehad het om vry van hierdie **SONDE** siekte te wees, en 'n behoefte om in 'n verhouding met GOD te staan. Nogtans is die getuieis van die meeste godsdiens groepe en persone dat **SONDE** nog steeds 'n dominante mag in hulle lewens is, en dat hulle godsdienstige gebruike en oefeninge hulle nog nie vrygemaak het van **SONDE** se mag en heerskappy in hulle lewens nie.

SONDE is 'n groot probleem want dit skep soveel siektes, ellende, lyding, onverdraagsaamheid en dan uiteindelik die dood. Maar daar is nog 'n **VEEL GROTER PROBLEEM** wat sy oorsprong in **SONDE** het. **SONDE** vervreem ons van GOD! Dit plaas ons in 'n plek waar daar geen hoop vir more is nie. GOD belowe die ewige lewe, maar slegs vir die wat vry is van **SONDE**. Dit is dan een van die grootste redes hoekom dit van kardinale belang is dat ons dit vryspring, heeltemal! In die boek van Hebreërs sê Paulus die volgende:



Jaag die vrede na met almal, en die **HEILIGMAKING WAARSONDER NIEMAND** die Here sal sien nie; (Hebreërs 12:14)

Die ganse Christendom weet dat GOD **regverdig** is. Hy is Heilig en “*Sy natuur*” is gekant teen **SONDE**. Selfs al het ons nog nooit gelees wat die Bybel daarvoor sê nie, weet ons instinktief dat om GOD te sien moet ons geregtigheid hê!

Vanaf die begin van tyd, soek die mensdom na die “GEREGTIGHEID” wat ons sal <kwalifiseer> om vir ewig te lewe in gemeenskap met GOD.

Die eerste ellendige poging om dit te vind was gemaak deur Adam en Eva. Sedert hulle ontdekking dat **SONDE** hulle ongeskik gemaak het om in GOD se teenwoordigheid te verskyn het hulle vyeblare as bedekking gebruik. Deur klere te dra, gemaak van blare, probeer hulle hulleself geskik maak vir gemeenskap met GOD. Toe GOD aan hulle verskyn het, het Hulle gewet dit was nie genoeg nie. Hulle het gaan wegkruip om hulle self te verberg van Sy aangesig en teenwoordigheid.

VREEMDE MANIERE OM GOD TE SOEK:

Sederdien het mense talle maniere probeer vind om van die “VLEK VAN SONDE” te vlug en om “GEREGTIGHEID” te vind, maar tevergeefs. Terug in die middel eeue was daar ‘n Katolieke monik met die naam Simeon. In sy soeke na **GEREGTIGHEID** het hy ‘n paal geklim en daarop gewoon vir sewe en dertig jaar. Eers was die paal drie meter hoog, en toe ses meter, en toe elf meter en die laaste een was twintig meter hoog om van die skare wat na hom kom kyk het weg te vlug. Hy het daarop gebly deur alle weersomstandighede, son, reën en sneeu. Kos is opgeghys deur middel van ‘n tou en ‘n emmer. Hier is wat die geskiedenis oor die man skryf:



"Simeon die Stylite (“pillar dweller”) het sewe en dertig jaar van sy lewe op 'n pilaar gestaan. Hy het so min as moontlik geëet en sy uiters bes gedoen om nooit te gaan sit of te gaan lê nie. Hy sou hom heg aan 'n paal wat aan die bokant van sy pilaar vasgemaak is, sodat hy regop kon slaap, of op ander geleenthede sou hy leun teen die reling wat hom ook verhinder het om tydens storms af te waai. Hy het geen dak gehad nie, en geen mure afgesien van die oop reling nie; 'n leer kleed, lang hare en baard was al beskerming wat hy teen die elemente gehad het..... "

" Hy het die hele nag gebid, gereeld en laag gebuig (dit was sy enigste oefening): een getuie het opgehou om na sy 1.244ste buiging te tel."

(<http://gvanv.com/compass/arch/v1402/saint.html>)

Hierdie man het geglo dat hoe groter sy selfvernedering was, hoe groter sou sy stand van **GEREGTIGHEID** en sy goedkeuring in God se oë wees. Verder word geskryf:

"So styf was hierdie tou gebind aan sy liggaam dat dit in sy vlees vasgegroeï het. Dit het veroorsaak dat vlees rondom verrot het. Wurms het hul weg na oop sere op sy been gevind. Vir 'n jaar waarin hy op een voet moes staan, het hy die wurms gevang wat van sy sere geval het en gesê: 'Eet wat God jou gegee het.'" (The Other Side of Rome - by John B. Wilder, p.60)

Hierdie vreemde en onverstandige mens het die merk van "heilige" ontvang en staan vandag bekend as "St. Simeon the Stylite." Wat het hierdie man probeer soek deur homself op hierdie verskriklike manier te skend? Hy was op soek na 'n manier om van sonde te ontsnap, vir die reiniging van siel, vir **GEREGTIGHEID** en vir 'n manier om God te behaag. Watter voordeel of guns het hy daarmee verdien? Niks! Dit het hom nooit een stap meer **REGVERDIG** gemaak nie.

In elke godsdienstige groepering op hierdie planeet soek mense na maniere om **GEREGTIGHEID** te vind, 'n manier om GOD se guns en 'n ewige lewe te bekom. In sommige godsdienste sien ons mense op bedspikers lê, hulle liggame geskend om hul siele te suiwer en ons wonder hoe mense tot sulke uiterse gaan en so mislei kan word. Maar is dit anders as die benadering van baie wat hulle self Christene noem?

Vir baie van ons, selfs die dinge wat ons eet, word deel van die soeke na **GEREGTIGHEID**. Ons is reg geklee, ons eet reg, en ons is gehoorsaam aan al die reëls van die kerk, sodat ons **GEREGVERDIG** kan wees en so GOD tevrede kan stel, en dan Sy seëninge so te kan ontvang.

Dit is moontlik dat daar sommige voordele kan wees om van hierdie dinge te doen, maar is dit 'n manier om van **SONDE** te ontsnap? Ons moet eers verstaan wat **SONDE** werklik is voordat ons dit effektief kan hanteer. Een wyse persoon het eenkeer gesê:

"DAAR IS DUISENDE WAT KAP BY DIE TAKKE VAN DIE SONDE-BOOM, MAAR BAIE MIN WAT DIE WORTEL AANVAL."



Hierdie stelling is so waar. Die groot meerderheid van die godsdienstige wêreld benader **SONDE** op 'n verkeerde wyse omdat hulle nie verstaan wat **SONDE** is nie. Die noodsaaklikheid is eerstens om die aard van **SONDE** te verstaan. Wanneer ons **SONDE** verstaan, help dit ons om te sien waaroor dit werklik gaan, en om beter te verstaan wat nodig is vir die oplossing van die probleem. In die volgende hoofstuk gaan ons hierdie primêre vraag ondersoek: **WAT IS SONDE?** Wanneer ons hierdie fundamentele waarheid verstaan, sal ons die wonderlike antwoord sien wat in die Skrif aangebied word oor hierdie

“SONDE PROBLEEM”

NOTAS

HOOFSTUK 1

DIE NATUUR VAN SONDE

Wat is “SONDE”? Vra die vraag en baie Christene sal jou onmiddelik vat na 1 Johannes 3:4



Elkeen wat “DIE SONDE DOEN”, doen ook die wetteloosheid, want “DIE SONDE IS WETTELOOSHEID” (1 Johannes 3:4)



Hier sê dit duidelik dat **SONDE** die oortreding van die wet is. Volgens hierdie definisie vir 'n persoon om **SONDE** te pleeg moet hy “die wet” oortree. Natuurlik is daar geen ontkenning dat hierdie vers ons 'n ware beskrywing van **SONDE** gee nie. Om 1 Johannes 3:4 as definisie te aanvaar stel ons in staat om 'n begrip van die soort gedrag wat onaanvaarbaar voor God is, te verstaan. Dit laat ons egter ook besef dat dit nie al is wat die Bybel oor **SONDE** sê nie. Dit is nie die enigste begrip van **SONDE** wat ons in die Woord van God vind nie. As ons hierdie vers as 'n omvattende definisie van **SONDE** sou aanvaar, sou ons dadelik moet aflei dat die bestaan van **SONDE** slegs afhanklik is van ons “dade”. Ons sal dan moet glo dat **SONDE** beperk is tot ons gedrag, maar daar is baie plekke in die Bybel waarin ons leer dat daar meer daaraan is!

MEER AS VERKEERDE AKSIES

Sonde gaan veel dieper as net die dinge wat ons doen. Daar is sommige Christene wat daarop aandring dat 'n mens nie sondig voordat hy die wet oortree nie; daarom kan 'n mens nie 'n sondaar wees nie, tensy hy 'n wetbreker is. Hierdie mense glo dat om die probleem van sonde op te los, 'n mens eenvoudig moet begin om die wet te onderhou. Maar enige iemand wat eerlik is, weet dat hierdie manier nie sal werk nie!

In Markus 7: 18-23 het Jesus 'n interessante stelling gemaak:



En Hy sê vir hulle: Is julle ook so sonder verstand? Begryp julle nie dat alles wat van buite af in die mens ingaan, hom nie onrein kan maak nie, omdat dit nie ingaan in sy hart nie, maar in die maag, en dit gaan in die heimlikheid uit en maak al die voedsel rein? En Hy sê: Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein.



WANT VAN BINNE, UIT DIE HART VAN DIE MENSE, KOM DIE SLEGTE GEDAGTES, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein. (Markus 7: 18-23)

Verse 21 en 22 is veral interessant. Hier vertel Jesus ons dat “**SONDIGE DADE**” van iewers af in ons begin. Voordat ons 'n aksie kan doen, moet ons eers daarvoor dink. (Natuurlik het ons wat genoem word "refleks aksies", waaraan ons nie bewuslik dink nie, maar hierdie opdragte kom nog steeds van die brein af en is gebaseer op die soort gewoontes of instinkte wat in ons liggame bestaan.) Die vraag is dan, as ons ons hand vind wat **sonde** pleeg, sal dit help as ons die hand afsny? Natuurlik nie! Ons sal nog steeds die “**SONDIGE GEDAGTE**” in ons gedagtes hê. So nou sien ons dat ons optrede nie die probleem is nie. Die probleem is “die gedagtes” wat die aksies lewer. Nou ontstaan nog 'n vraag: Wat is dit wat die **SONDE-BELAAIDE** gedagtes veroorsaak?



DIE WERKLIKE PROBLEEM

As ek my gedagtes kan leer en disiplineer deur joga, meditasie, veg kunste (karate), ens, sou ek dan in staat wees om **SONDE** te oorkom? Kyk na wat Jesus in vers 21 gesê het: “Want van binne, **UIT DIE HART VAN DIE MENSE, KOM DIE SLEGTE GEDAGTES**” Dit is waar dat ons optredes uit die gedagtes kom, maar die gedagtes self kom van êrens af, hulle kom vanuit “die hart”. Die hart verwys nie na die verstand, of bewussyn nie, maar die onderbewussyn wat ons soms “**DIE NATUUR**” noem. Wanneer ons dit in ag neem, word dit duidelik dat **DIE WORTEL VAN SONDE** nie is wat ons doen of wat ons dink nie. **Die probleem is dan die soort hart of natuur wat ons het. Dit is die basis van ons werklike sonde probleem. Beide Jesus en Paulus het probeer om ons te laat verstaan dat ons probleem diep in ons natuur gewortel is. Die klem is onmiskenbaar. In Johannes 8: 31-34 lees ons:**



En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak. Hulle antwoord Hom: Ons is die geslag van Abraham en het nog nooit vir iemand slawediens verrig nie; hoe sê U dan: Julle sal vry word? Jesus antwoord hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat **DIE SONDE** doen, **'N DIENSKNEG VAN DIE SONDE IS.** (Johannes 8: 31-34)

DIE SLAWE MEESTER

Jesus het gesê dat as jy sondig, dan is jy die “dienaar van sonde”. As dit so is, wie is jou meester? Jesus het gesê dat **SONDE** jou meester is. Jy is die kneg of slaaf van die sonde. Die Jode het natuurlik gedink hy praat van fisiese slawerny. Hulle het gesê: “Ons is Abraham se kinders en ons was nooit slawe van enige iemand nie.” Maar Jesus het gesê as jy sonde pleeg, is iemand jou meester en **HY HET NA DAARDIE MEESTER VERWYS AS "SONDE"** Hier sien ons dat in hierdie gedeelte, die woord "sonde" verwys nie na die oortreding van die wet nie. *Jesus beskryf sonde as 'n koning, 'n heersende meester wat gehoorsaamheid eis.* Die woord "dienaar" kom eintlik uit die Griekse woord "doulos" wat letterlik "slaaf" beteken.

Jesus sê die een wat sonde doen, is 'n "SLAAF VAN SONDE" en 'n slaaf het geen keuse oor wat hy doen nie. Iemand anders dikteer hoe hy moet optree en in hierdie geval sê Jesus dat die meester se naam **SONDE** is.

Wanneer ons gaan na Romeine hoofstuk 7 vind ons Paulus in volle harmonie met Jesus, in vers 14-17 lees ons:



Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die **SONDE**. Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek. En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is. Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die **SONDE** wat in my woon. (Romeine 7:14-17)

Ons weet almal wat die lewe van 'n slaaf is. In die oggend wanneer hy ontwaak, vertel iemand hom watter soort klere om te dra, watter soort kos om te eet, waar hy daardie dag moet werk en hoe lank hy sal werk. Iemand anders besluit selfs wie hy sal trou en waar hy sal woon. "Hy het geen keuse oor wat hy sal doen nie". Iemand anders maak daardie besluite. So is dit in die lewe van 'n slaaf. 'n Slaaf het geen vermoë om vir homself te besluit nie. Paulus sê: "Ek word verkoop onder **SONDE**." Watter soort persoon word verkoop? 'n Slaaf natuurlik! Paulus praat oor die persoon sonder Christus. As so iemand 'n slaaf is, het hy 'n keuse oor wat hy sal doen? Geen! Paulus sê so iemand is 'n **SLAAF VAN SONDE**. Sy meester se naam is **SONDE**. Elke dag staan hy op en sê, "jy moet vandag vir my werk. Jy moet steel, lieg, verkrag, doodmaak" of miskien as jy 'n meer respekvolle slaaf is - dalk 'n lid van die kerk - sê hy, "wees kwaad vir jou vrou, skreeu op jou kinders en herberg boosheid in jou hart". Miskien gee die "**SONDE MEESTER**" ons die meer fatsoenlike sondes om uit te voer.

Hulle lyk nie so sleg soos die optrede van ander mense nie, maar die waarheid is, die wortel is dieselfde. Ons is almal nog steeds **SLAWE VAN SONDE**, gehoorsaam aan dieselfde meester. In vers 16 het Paulus gesê: "Ek stem saam dat die wet goed is," maar in vers 17 praat hy van sy slawerny en sê: "Nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die **SONDE** wat in my leef!"



Wou Paulus doen wat reg was? Natuurlik wou hy dit gedoen het! Het hy probeer? Natuurlik het hy! Met al sy mag en krag het hy probeer. Paulus was in karakter 'n sterker mens as die meeste Christene. Paulus was 'n vegter, maar nog steeds het hy gesê: "**EK KON NIE!**"

Hierdie swakheid is nie net waar van Paulus nie, maar dit geld ook vir elke man en vrou op hierdie planeet. Diegene wat meer opgevoed is en wat in die opper klasse van die samelewing leef, kan dalk beter klere aantrek en beter maniere vind om openlike **sondes** te verberg. Terwyl hulle self regverdigend die **SONDES** van moordenaars, prostitute en diewe veroordeel, het hulle steeds sonde. Hulle voel goed dat hulle nie sondaars soos ander mense is nie, maar wat is werklik 'n groter sonde; is dit moord of skynheiligheid? Die feit is die wortel is dieselfde; Die oorsaak van albei soorte **SONDE** is dieselfde. Dit is n feit: ons natuur is 'n slaaf van sonde!

NATUUR MOET VERANDER

Dus, het ons nou 'n veel voller begrip van sonde. Sonde is nie primêr ons optrede nie, en dit is nie eers ons gedagtes nie!

“SONDE IS IN WESE DIE NATUUR WAARIN ONS ELKEEN GEBORE WORD.”

Die verandering van ons optredes en gedagtes kan nie ons natuur verander nie. Ons natuur moet verander! En terwyl dit baie moeilik is om die gewoontes van ons gedagtes en dade te verander, is dit onmoontlik vir ons om ons eie natuur te verander! Ons het iemand nodig wat ons natuur kan verander. Dit is ons enigste hoop. Ons het bewysse en getuïenis van Jesus en Paulus dat die mens se probleem dieper is as blote aksies. Hulle laat ons duidelik verstaan dat dit wat ons nodig het, is 'n verandering van ons natuur. Jesus sê iets baie interessant in Johannes 3: 6:



Wat uit die vlees gebore is, **“IS VLEES”**; en wat uit die Gees gebore is, **“IS GEES”**.
(Johannes 3: 6)

Wat beteken dit? Dit is voor die hand liggend, vlees is vlees. Jesus sê: *“As jy vlees is, dan is daar net een manier waarop jy kan optree en dit is vleeslik!”* Vlees kan nie geestelik optree nie, en wanneer hy sê, “vlees”, beteken dit nie ons fisieke vlees en bloedliggame nie. Dit beteken ons **vleeslike sondige natuur**, of ons natuurlik bedorwe gedagtes. Vlees is natuurlik(spontaan) vleeslik, die Gees is natuurlik(spontaan) regverdig.

NIE VAN BUIITE

Die Engelse predikant Charles Spurgeon het 'n illustrasie gegee wat die probleem goed uitdruk. “Varkies van nature, is lief om in die modder te rol”, ek dink elke vark is lief om dit te doen. Alhoewel daar sommige varke opgesluit is vanaf hulle geboorte en nog nooit modder gesien het nie, sou, as een van hulle vrygelaat word en 'n plas modder kry, waarskynlik 'n goeie rol daarin gee.

“Kom ons sê iemand besluit dat hy 'n vark vir 'n troeteldier wil hê, maar hierdie vark het te veel vuil gewoontes, so hierdie persoon besluit om hom na 'n skool te stuur waar hy vyf jaar se opleiding sou kry. Elke dag in die skool leer die vark, “Jy sal nie in die modder rol nie.”

Vyf jaar se opleiding is uiteindelik verby en hierdie gegraduateerde vark gaan op sy weg. Hy het sy sertifikaat in sy hand, en hy dra sy baadjie en sy das wanneer hy by 'n poel modder kom. Wat doen hy? Hy gooi sy sertifikaat weg, trek sy baadjie en das uit en spring in die modder en hy rol. Hoekom doen hy dit?



Hy doen dit omdat dit sy natuur is! Hy is as 'n vark gebore! Van die oomblik dat hy gebore is, het iets in sy vark hart gesê: "modder is die beste ding in die wêreld" en opvoeding sal dit nie uit 'n vark kry nie!

Alle mense word gebore met 'n "SONDIGE NATUUR" en dit maak nie saak hoe ons onself opvoed nie, die wortel bly. "Dit wat vlees is, is vlees." Ons kan 'n mens leer om nie te steel nie, nie sy humeur te verloor nie, nie alkohol te drink nie, maar sulke opvoeding is in stryd met sy natuur. Wanneer niemand kyk nie, sal die man 'n drankie drink, hy sal sy humeur verloor, hy sal steel en hy sal toegee of oorgee aan sy natuur omdat 'n mens se natuur nie verander word deur opvoeding nie. As daar werklike verandering kon wees, moet ons dieper gaan. Kom ons kyk weer na die opgevoede vark. Onderwys het hom nie gehelp nie, maar miskien deur 'n wonderwerk van moderne wetenskap ontdek iemand hoe om 'n breinoorplanting te doen. So hulle neem die brein van 'n kat en hulle sit dit in die kop van hierdie vark.

Hoe reageer 'n kat op modder? Het jy al ooit 'n kat gesien wat in modder rol? Net as dit dood is! Jy moet 'n kat doodmaak voordat jy hom in modder gaan laat rol. So hier is hierdie vark met die kat se brein en weer loop hy op die pad. Hy lyk soos 'n vark en hy loop soos 'n vark, maar nou kom hy na die modder en wat doen hy? Hy loop so ver van dit af as wat hy kan. Hoekom doen hy dit? Dit is omdat hy 'n nuwe verstand het; 'n nuwe natuur. Niemand hoef die vark te vertel, "jy mag nie." Hy is nie opgevoed nie, maar hy het 'n nuwe verstand. In een oomblik word alles bereik wat vyf jaar van onderwys nie kon bereik nie. Hierdie illustrasie help ons om te verstaan wat ons probleem is en hoe ons dit moet benader!

LIG EN DUISTERNIS



EN dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. (1 Johannes 1: 5)

Hier en op verskeie ander plekke in die Nuwe Testament word God vergelyk met lig. Daar is 'n les om hieruit te leer. Dit is interessant dat ons die woord "lig" moet gebruik om die woord "duisternis" te definieer. Waarom het ons die woord "lig" nodig om duisternis te verduidelik? Het ons die woord duisternis nodig om lig te verduidelik? Nee! Die rede hiervoor is dat lig eintlik iets is, dit bestaan uit pulsende energie. Wetenskaplikes verstaan nie presies wat dit is nie, maar hulle weet dit is iets werkliks.

Maar wat is duisternis? Duisternis is die afwesigheid van iets; dit is nie iets op sigself nie. Duisternis is 'n toestand waar lig ontbreek en kan slegs verklaar word in terme van die lig wat ontbreek. Ons kan duisternis verstaan slegs wanneer dit in verband staan met lig. Wanneer ons hierdie waarheid verstaan, het ons 'n goeie grondslag om die ware aard van **sonde** te verstaan.



Die Bybel vertel ons dat "GOD ALLEEN GOED IS" (Matthéüs 19:17).

Dit beteken dat daar geen plek is waar ware goedheid gevind kan word tensy God daar is nie. Maar veronderstel daar is geen goedheid teenwoordig nie, wat bly oor? Boosheid en onheiligheid! Waar goedheid bestaan, kan daar nie kwaad bestaan nie, maar sodra die goeie weg is, is al wat teenwoordig is, onheiligheid. So kan ons dan verstaan waarom na God verwys word as "lig". Wanneer God se Gees teenwoordig is, en God in beheer is, kan **sonde** nie teenwoordig wees nie.

Dit is net wanneer God se Gees onttrek, en wanneer God nie in beheer is nie, wat **sonde** sy verskyning maak. "Sonde is in wese bloot die toestand wat ontstaan met die afwesigheid van God" Dit is daardie anderkant wat homself manifesteer wanneer die teenwoordigheid van God onttrek word. **DIT IS WAAROM DIE MENS BOOS VAN AARD IS; ONS IS GEBORE SONDER DIE GEES VAN GOD! WANNEER ONS DIT VERSTAAN, KAN ONS DIT INSIEN, DIE VRAAG IS NIE HOE OM VAN DIE BOSE ONTSLAE TE RAAK NIE, MAAR HOE OM GERECHTIGHEID TE VERKRY.**

Ons kan nie van sonde of die duisternis ontslae raak deur dit aan te val nie. Dit het geen werklikheid nie. Ons kan dit nie vang of vashou om dit te verwyder nie. Nee, wat ons moet doen is, God moet die lig aanskakel - ons moet "Sy geregtigheid" verkry. Wanneer ons geregtigheid verkry het, sal die sonde vanself natuurlik verdwyn.

SONDE SE OORSPRONG

In Esegïel 28 vind ons 'n beskrywing van hoe sonde die eerste keer die heelal betree het. Hier sien ons 'n beskrywing van Satan wat voorgestel word as die koning van Tirus.



Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here Here: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. (Esegïel. 28: 12-13)

Lucifer was die som, die totaliteit, die volmaaktheid van skoonheid en groot wysheid. Hy is geskep en aangestel met meer kennis as enige ander skepsel, en hy het geen onvolmaaktheid van die vlees gehad nie. Die geskifte sê dat hy met edelgesteentes bedek was. Hy was die mees volmaakste wese wat God ooit geskep het. Hy het groot wysheid, groot kennis, 'n goeie begrip en 'n perfekte skoonheid gehad. Hy het in 'n sondelose omgewing gewoon - hy het nie uit verwaarloosde omstandighede gekom nie. Elke voordeel wat voorsien kon word was syne. Vers 15 sê dat hy in al sy weë volmaak was.



Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. (Esegïel 28: 15)

Alles wat hy gedoen het, was altyd perfek. Maar daar het 'n dag gekom toe onreg in hom gevind is. Sy weë het nie verander nie, tot op 'n dag wat onreg in hom ontstaan het. In Lucifer, was waar al die moeilikheid ontstaan het. Dit het nie begin met slegte aksies nie, dit het eers **aan die binnekant begin, in sy hart**. Lucifer is perfek geskep.

Dit is nie maklik om te verstaan hoe sonde in hom ontwikkel het nie en dit is seker dat daar geen verskoning vir sonde kan wees nie, maar wat ons weet, is dat in hierdie volmaakte wese wat elke voordeel gehad het, wat elke geloofsleer verstaan het en wat die weë van God verstaan het, het iets begin verander. Wat ookal gebeur het, dit was eers in die hart van Lucifer, en toe daardie bose saad ontwikkel en volwasse geword het, het dit Lucifer na die plek geneem waar hy besluit het om onafhanklik van God te leef. Jesaja 14: 12-14 sê:



Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die Aarde neergeslaan, oorweldigter van die nasies! En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! (Jesaja 14: 12-14)

DIE PROBLEEM - ONAFHANKLIKHEID VAN GOD !

Hier sien ons dat Lucifer tot die gevolgtrekking gekom het dat hy goed genoeg was om dinge self te doen, alleen te wees en te lewe apart van God. Hy was een van daardie wesens wat gevoel het dat hy **goed genoeg in homself was!** Hy het tot op hierdie tydstip heeltemal afhanklik van God geleef sonder om te erken wat die ware bron van sy lewe en sy goedheid was. Hy het nie al die goedheid wat in hom was herken nie, al die voordele wat hy elke dag geniet het. Ook die geskenke wat deur die hand van God aan hom gegee was. Hy het homself in sy eie vermoëns toegedraai. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat hy homself, sonder God, kon bestuur.



Dit is waarskynlik dat Lucifer geen idee gehad het van die ware werking en weë van sonde nie. Hy het in 'n wêreld gewoon waar daar net lig was, wat kon hy van die duisternis weet? Hoe kon hy 'n konsep genoem duisternis, ken of selfs begryp? Toe Lucifer eers boosheid in sy hart begin bedink het, het hy nie beplan om te moor en te vernietig en te mislei nie! Al wat hy gedink het was: "Ek is 'n goeie, intelligente wese en ek het die vermoë om te dink en besluite te neem vir myself." Ek hoef nie alle dinge te doen soos God dit wil hê nie. "Hy het net besluit dat hy onafhanklik van God wou wees, want hy was 'n intelligente wese wat in staat was om sy eie lewe te rig.

“MAAR GOD BLY NIE IN DIE HART WAAR HY NIE WELKOM IS NIE.”

Ons kan dan sien toe Lucifer besluit het om sy eie baas te wees, sy eie heerser, het dit sy toestand en karakter verander. Hy wat nog altyd so goed was, so vol van goedheid, het heeltemal boos geword. Nie gelydelik boos nie, maar dadelik, heeltemal boos, die oomblik toe God van hom af ontrek het.

Hy mag vroom uitwendig voortkom, maar in sy hart het daar 'n verandering plaasgevind. 'n Saad is geplant en in daardie saad was die wortel van alles wat hy vandag is. Al die boosheid wat sedertdien in die heelal geopenbaar is, was in die hart van Lucifer die oomblik toe hy homself van God afgesonder het. Apart van God, is daar geen goed nie. **DAAR IS NIKS WAT IN DIE HART OORBLY NIE, BEHALWE DUISTERNIS WANNEER ONS VAN GOD SE LIG GESKEI WORD.**

SONDE SE DEUR

Kom ons kyk nou na iets wat ons sal help om dit nog beter te verstaan. Toe God die heelal geskep het, het hy die opsie gehad om robots te skep. Hiermee bedoel ek dat Hy kon 'n skepsel geskep het wat geen vrye keuse gehad het nie, wesens wat net kon doen wat Hy wou hê en wat nooit self kon dink en anders doen nie. Hy kon robotte maak, of Hy kon wesens geskep het wat in staat was om 'n vrye keuse en vrye denke te hê. Soos ons weet, het God gekies om wesens te skep wat vrye denkers is.

Dit is interessant om te weet dat hierdie vryheid van keuse iets is wat nooit weggeneem sal word nie. Vrye keuse sal altyd bestaan, en tog is dit die vryheid wat veroorsaak het dat sonde in die heelal ingekom het. Toe God 'n vrye wil geskep het, het Hy 'n groot risiko geneem. God het die risiko geneem wetend dat iemand eendag sou kies om daardie vrye wil te gebruik op 'n manier wat in stryd was met, of onafhanklik van Sy wil sou wees. Maar dit was God se begeerte dat hierdie vrye wil wat Hy aan sy skepsels gegee het, terug sou vloei na Hom in vrywillige en gewillige onderdanigheid. Wesens wat kies om God lief te hê, stel Hom in staat om te werk en Sy wil en welbehag te doen. En so was dit vir honderde, of duisende of dalk selfs miljoene jare. Ons weet nie hoe lank dit geneem het voordat daar uiteindelik iemand gekies het om daardie vrye wil te gebruik om onafhanklik van God se wil te wees nie. Daardie een teenstrydige keuse was waar die sonde begin het.

As ons dit oordink, ontstaan die volgende vraag in ons gedagtes. **Kan sonde self ooit vernietig word?** Kan ons vernietig wat opsigself geen bestaan het nie? As sonde enige stof gehad het, as dit van iets tasbaar gemaak is, dan kan dit uitgewis en vernietig word. Maar omdat sonde nie iets opsigself is nie en nie iets tasbaar is nie, kan dit nie vernietig word nie. Die dood van sonde is nie soos om 'n wesp se nes te verbrand nie; Dit is nie soos om 'n kanker uit jou liggaam uit te sny nie. Sonde is nie iets wat jy die lewe kan uitwurg nie. Dit het geen bestaan vanself nie.

Kan die heelal ooit na 'n plek kom waar sonde nie weer sal verskyn nie? Die antwoord is natuurlik Ja! Die heelal sal eendag by die plek kom waar, deur die vrywilligheid van elke wese in die heelal, sonde nooit weer sal verskyn nie. Dit sal wees deur 'n vrywillige keuse van almal wat in die heelal woon. Alhoewel daar altyd die vryheid sal wees om ander keuses te maak, sal niemand ooit weer daardie pad gebruik nie. Nietemin sal die opening altyd daar wees, want vrye wil sal altyd bestaan. Maar soos die Bybel in Nahum 1: 9 aandui, sal geen skepsel ooit so dom wees om sonde ooit weer in die heelal te hervestig nie.



Wat wil julle beraam teen die Here? Hy maak daar 'n einde aan; **“die benoudheid sal nie twee maal opkom nie”**. (Nahum 1:9)

NIE SONDE, MAAR EERDER SONDE SE OORSAAK

Om die **sonde probleem** te benader en om 'n oplossing te soek, moet ons nie na sonde kyk as 'n entiteit op sy eie nie, maar ons moet kyk na wat dit veroorsaak. Ons moet sien dat die probleem is nie hoe om ontslae te raak van sonde nie, maar hoe om **regverdigheid** te verkry. Ons kan nie ontslae raak van iets wat geen substantiewe werklikheid het nie. Ons kan nie met sonde afreken nie, want dit is nie die ware probleem nie.

Die probleem is die afwesigheid van lig, die afwesigheid van geregtigheid, dit is die probleem en dit is die enigste probleem. Waar goedheid bestaan, kan die bose nie sy gesig wys nie.

GOD SE GESAG VERWERP

As ons na die verhaal van Adam kyk en sien wat met hom gebeur het toe hy gesondig het, is dit duidelik dat die probleem in **sy gedagtes ontstaan** het. Ons sê dikwels dat wanneer Adam en Eva gesondig het, het hulle gehoor gegee aan Satan se woord. Maar laat ons die scenario 'n bietjie van nader bekyk. God het gesê: "*Moenie die vrug eet nie.*" Satan het gesê: "*Eet die vrug.*" Maar wie het die besluit geneem? Dit was Eva wat die eerste besluit geneem het. Voordat sy daardie besluit geneem het, het sy God se woorde opgeweeg teen die woorde van Satan en sy het tot haar eie gevolgtrekking gekom. Uiteindelik was dit haar eie wysheid wat sy vertrou het. Vir die eerste keer was God nie meer die gesag in haar lewe nie. In plaas daarvan het Eva haar eie gesaghebber geword toe sy gekies het om haar eie wysheid te volg eerder as om God te vertrou.

Dit was die oomblik toe dit gebeur het. Toe hierdie twee mense, Adam en Eva, besluit het dat hulle onafhanklik van God sou optree, was hulle dadelik van God geskei en geestelik dood. Op daardie oomblik was alles wat hulle gedoen het, net boos. Tekens van verandering het dadelik te voorskyn gekom. Hulle het vir God bang geword en het daarvan bewus geword dat hulle naak was.



Toe God Sy verskyning gemaak het, het Adam, wat Eva liefgehad het en net geleef het om haar gelukkig te maak, haar beskuldig. Hy wat nog nooit slegte gedagtes oor haar gehad het nie, maar net goed, was skielik so bang dat al wat hy aan kon dink, was homself. Hy het nie eens geweet of sy gaan sterf as gevolg van haar sonde nie, maar nogtans was hy gereed om haar te blameer! Die gevoel het dadelik oor hom gekom!

Ons is nooit goed in onself nie. Ons leer nie om goed te wees nie, ons is nie opgelei om goed te wees nie, ons ontwikkel nie as goeie wesens nie. Goedheid is die gawe van God en as ons dit nie van Hom ontvang nie, sal ons dit nooit hê nie.

Dit is net die teenwoordigheid van God wat ons goed maak. As ons kan leer om goed te wees, dan kan ons leer om God te wees! Maar omdat God alleen goed is, hoe kan ons leer om goed te wees?

DIE WÊRELD VAN SELF

Toe Adam gekies het om van die vrug te neem, het hy dadelik self-gesentreerd geword. Self-gesentreerdheid is die kern van 'n sondige lewe. Dit is die kern van die wêreld van sonde en sondaars.

Self, word die wêreld waarom ons en alles draai. In hierdie soort selfvervulde lewe is al wat ons kan doen, **SONDE**. In 'n selfsugtige lewe is alles wat gedoen word altyd in stryd met God se weg. Die enigste lewe wat beskikbaar is, na Adam en Eva van God weggedraai het, is die lewe wat elke mens in hierdie wêreld tans beleef totdat hy wegdraai en in 'n verhouding met God kom.

Soos ons die “**SONDE PROBLEEM**” ondersoek en onder die oppervlak bekyk, sien ons dat daar vier stappe in die proses van sonde is. Sonde volg hierdie orde en enige een van hierdie vier stappe mag na verwys word as sonde.

- Eerstens is daar twyfel of ongelooft in God
- Dit lei tot 'n gebroke verhouding met God
- Dit lei tot 'n selfsugtige, vleeslike natuur
- Dit lei altyd tot “wettelose gedrag”



Wanneer mense verwys na **SONDE**, kyk hulle gewoonlik na stadium vier wat **wetteloos** is. Dit word algemeen as sonde erken. Ons kan egter sien dat die “**sonde problem**” lank terug begin het voordat ons 'n wettelose gedrag sien. Dit begin met 'n twyfel in God. Die gevolge hiervan is die skeiding van God en 'n gebroke verhouding wat slegte dade tot gevolg het. Dus, as sonde ooit behandel word as 'n siekte, moet ons fokus op die wortel, die begin, waar dit ontstaan het. Om te begin met die gedrag is dwaas en ons kan sien dat so 'n benadering die probleem nie kan oplos nie.

AKSIES OF DIE NATUUR

Daar is baie mense wat net aan 'n “**regverdige lewe**” dink in terme van die **Tien Gebooie**. 'n Man besluit om 'n Christen te word en dink, “ noudat ek 'n Christen is, moet ek kerk begin bywoon. Ek moet ophou rook, stop om alkohol te drink, stop om leuens te vertel en ophou om egbreuk of hoerery te pleeg, soos sy geval mag wees. Maar hoe hy sy finansies in sy lewe hanteer wys dat hy nog steeds die nommer een-besluitnemer is. Dit is my geld, my motor, my huis, hierdie dinge is myne. Ek hou die gebooie, God het sy deel. Dit is hoe baie mense 'n “geregtige lewe” sien, maar dit is heeltemal 'n verkeerde konsep.

Geregtigheid kan nie beperk word tot die uitvoering van goeie dade nie. In 'n “**regverdige lewe**” is dit nie net die aksies wat betekenisvol is nie, maar eerder, die totale verandering wat die lewe van 'n wese omhels. Dit het nie net betrekking met hoe ons die wet verstaan nie, maar het betrekking met alles wat in ons lewens betrokke is. Ons kies om die volle eiendom van God te word!

Wanneer ons werklik “**geregverdig**” is, leef ons heeltemal vir God. Soos dit van Christus in Romeine 6:10 sê:



Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die **SONDE** eens en vir altyd gesterwe;
MAAR DIE LEWE WAT HY LEEF, LEEF HY VIR GOD.
(Romeine 6:10)

Die lewe wat ons moet lewe, is die opgestaande lewe van Christus en daardie lewe omhels veel meer as gebods-onderhouding soos dit algemeen verstaan word. Dit neem alles in, die kos wat ek eet, die haarstyl wat ek dra, die manier waarop ek my vriende behandel, die gesprekke wat ek agter geslote deure het - dit neem alles in, want my lewe is die lewe van Christus.



Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlijkheid geopenbaar word.
(Kolossense 3:2-4)



En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.
(1 Johannes 5: 11)

Dit is lewe wat aan ons gegee is. Jesus het gekom dat ons lewe kan hê en dit in oorvloed. Hy het nie net veranderinge gebring ten opsigte van sommige aspekte van ons lewens nie, maar verandering in die omtrek van die volle wese.



Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. (2 Korinthiërs 5: 17)



Dit is wat dit beteken om “**DIE GEREJTIGHEID**” van Christus te hê. En dit is wat God ons wil gee!

NOTAS

HOOFSTUK 2

DIE AARD VAN GERECHTIGHEID

Van die moeilikste stellings in die Bybel is deur Jesus gemaak, en in Mattheüs hoofstuk 5 vind ons 'n paar van hulle. Mattheüs 5:20 sê:



Want Ek sê vir julle dat, as julle gerechtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie. (Mattheüs 5:20)

NIE GOED GENOEG NIE

Kom ons onthou die tipe lewe wat die Fariseërs geleef het. Hulle het tiendes op munt en anys en komyn betaal, hulle het twee keer per week gevas, hulle het altyd gebid, altyd iets aan die armes gegee. As jy mense wou vind wie se lewens uiterlik regverdig was, moes jy na die Fariseërs kyk. Nou kom Jesus en Hy sê: "Dit is nie goed genoeg nie, as jy nie meer gerechtigheid as die Fariseërs het nie, is dit onmoontlik om die koninkryk te betree." Baie van die mense het waarskynlik gedink, "dit is harde woorde, maar wat sal ons doen? Ons moet net harder probeer! "

Jesus het verder gesê dat nie net die een wat 'n moordenaar was, wat iemand se lewe geneem het skuldig was aan moord was nie maar selfs die man wat kwaad was vir sy broer sonder oorsaak, was aan moord skuldig. 'n Man is nie net 'n egbreker wanneer hy saam met iemand anders se vrou slaap nie, maar selfs ook deur net 'n begeerte of voorneme in sy gedagtes te hê. In baie kerke is daar mans wat hieraan skuldig is en erken dat hulle nie geskik is vir die hemel nie, maar hulle hoop om eendag, deur harde werk en sorgvuldige dissipline, deur hul gedagtes te leer, kan hulle hul gedagtes in bedwang bring, en dus vir die hemel kwalifiseer.

Maar kyk wat het Jesus aan die einde van daardie hoofstuk gesê; Hy het dit nog moeiliker gemaak. In vers 48 sê Hy:



Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is. (Mattheüs 5:48)

Wat doen jy as jy 'n verklaring soos hierdie lees? Sommige mense gooi hul hande op en gee moed op. Maar die gewone Christen sê: "**Ek moet harder probeer. Om so volmaak soos God te wees, moet ek nog harder probeer!** "

Die waarheid is dat baie van hierdie mense wat hierdie wanhopige pogings tot self-dissipline maak, in 'n poging om God te behaag, heeltemal opreg is. Hulle probeer werklik doen wat hulle dink God vereis. Dit is nie altyd die geval dat hulle, hulle self verheug in self-dissipline nie, maar dat hulle werklik onkundig is oor die aard van ware gerechtigheid en hoe om dit te verkry. Dit is van kardinale belang dat ons dit verstaan, want as ons dit nie begryp nie, al het ons die mees ywerigste pogings aangegaan, vind ons dat dit alles tevergeefs was.

Om die kwessie te begryp, moet ons na die volgende vraag kyk: "**WAT IS GERECHTIGHEID?**"

Hoe sal ons dit definieer? Een van die meer gewilder definisies sê dat "**gerechtigheid reg doen is.**" Baie Christene voel dat hierdie definisie 'n baie goeie beskrywing van gerechtigheid is, in 1 Johannes. 3: 4 sê die Bybel:



Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid. (1 Johannes 3: 4)

Dit is dus 'n saak van eenvoudige redenasie. Ons kom tot die gevolgtrekking dat as sonde die oortreding van die wet is, dan is gerechtigheid natuurlik die teenoorgestelde van sonde en dus moet ons eenvoudig gehoorsaam wees aan "**DIE WET**". Die gevolgtrekking om sonde te vermy is eenvoudig, onderhou net die wet. Om gerechtigheid te verkry, gehoorsaam ons net die wet.

Op die oppervlak lyk dit soos 'n redelike gevolgtrekking, en in werklikheid, met 'n paar geringe afwykings, is dit die basiese grondbeginsel waarop elke nie-Christelike godsdiens gegrond is (hoewel die wette wat gehoorsaam moet word in meeste gevalle anders is). Die hartseer feit is dat Christene so mislei geword het, so onbekend met die beginsels van die evangelie dat hulle dieselfde basiese filosofie as die heidene omhels het, om verlossing te soek. Die basiese idee agter hierdie filosofie is dat ons gered word of verlore gaan na aanleiding van wat ons verdien, deur wat ons doen; deur hoe goed ons gehoorsaam is.

REGVERDIGHEID IN DIE WET

Natuurlik wanneer ons sonde en gerechtigheid definieer in terme van wat ons doen, moet ons verwysingspunt die wet wees want die wet is God se standaard waardeur Hy ons laat weet wat is reg en wat is verkeerd. Maar laat ons kyk na wat die Bybel in Galasiërs.3: 11,12 sê:



En dat **niemand deur die wet by God geregverdig word nie**, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe. Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.(Galasiërs 3: 11-12)

Hoe leef die regverdiges? Dit sê dat die regverdige lewe deur geloof, maar die wet is nie van geloof nie. So natuurlik kan die regverdiges nie volgens die wet lewe nie. Om regverdigheid te soek, sal ons dit nie vind as ons dit op grond van gehoorsaamheid aan die wet soek nie. Vers 21 sê:



Is die wet dan teen die beloftes van God? Nee, stellig nie! Want as daar 'n wet gegee was wat krag het om lewend te maak, dan sou die gerechtigheid werklik uit die wet wees. (Galasiërs 3: 21)

Wat hierdie verse ons vertel, is dat God regverdigheid deur die wet beskikbaar sou gestel het indien dit moontlik was. Maar dit is onmoontlik en daarom in die soeke na gerechtigheid, kan ons nie in hierdie verband staan met die wet nie. Baie Christene sien hul godsdienstige ervaring in die lig van die wet, en hulle verhouding met God in die lig van die wet.

As hulle daarin geslaag het om redelik gehoorsaam te wees aan die vereistes van die wet, voel hulle dat hulle in God se guns is, maar as hulle ongehoorsaam is, voel hulle dat hulle vervreem word van God en moet dan begin gehoorsaam raak voordat God hulle weer kan aanvaar. Deur op hierdie fondament te bou, bou hulle op iets wat nie kan werk nie, want deur die werke van die wet sal geen vlees geregverdig word nie. Geregtigheid kan nie tot stand kom deur ons gehoorsaamheid aan die wet nie.

SONDER DIE WET

Hierdie punt word verder beklemtoon in Romeine 3:21:



MAAR nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, (Romeine 3:21)

Let op wat hierdie vers sê. Dit praat van God se geregtigheid, en dit sê dit is sonder die wet. Dit is 'n vreemde frase. Wat beteken dit as apostel Paulus sê, "sonder die wet?" Wat hy sê, is dat daar geregtigheid bestaan, maar om dit te verkry, het niks met die wet te doen nie. Hoe is dit moontlik? Hierdie geregtigheid word verklaar dat dit die geregtigheid van God is. Nou as dit "sonder die wet" is, kan dit nie op grond van die nakoming van die wet verkry word, of ook nie met 'n verhouding tot die wet nie. Dit kan nie afhang van ons reg of ons verkeerd doen nie. Die gedagte word voortgesit in vers 22:



Die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; (Romeine 3:22)

TWEE SOORTE GEREJTIGHEID

Hier sien ons die Bybel vergelyk twee tipes geregtigheid. Daar is die geregtigheid van die wet, en daar is die geregtigheid van God wat buite die wet is. Dit is belangrik vir ons om te erken dat daar 'n geregtigheid is wat niks met gehoorsaamheid aan die wet te doen het nie. Hierdie geregtigheid word gesê dat dit God se geregtigheid is. Nou die geregtigheid van die wet sê:



Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. (Galasiërs 3:12)

Maar wat sê die geregtigheid van God? Vers 22 sê dit is "vir almal en almal wat eenvoudig glo!" Let op, een vereiste is **DOEN**. Dit is die wet. Die ander vereiste is **GELOOF**. Dit is God.

Hierdie waarheid is duidelik uitgebring in die ervaring van Abraham. Ons lees in Romeine 4: 3, wat sê die Skrif?



Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. (Romeine 4:3)

Verbasend! Soos almal, wou Abraham geregtigheid hê. Die Bybel sê dat hy in God geglo het. Wat het hy gedoen? Iets het in sy gedagtes gebeur, in sy houding teenoor God en toe dit gebeur het, het God hom dadelik as geregverdig beskou.

Onmiddellik het hy verwerf wat mense so hard na gesoek het, en hy het dit net verkry deur in God te glo. Die apostel Paulus het die weg van geregtigheid deeglik verstaan en sy getuienis in Filippense 3: 6-9 gegee:



Wat ywer betref, 'n vervolger van die gemeente; wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik. Maar wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag. Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry en in Hom gevind te word, **NIE MET MY GEREJTIGHEID WAT UIT DIE WET IS NIE, MAAR MET DIÉ WAT DEUR DIE GELOOF IN CHRISTUS IS, DIE GEREJTIGHEID WAT UIT GOD IS DEUR DIE GELOOF;** (Filippense 3: 6-9)

Hier het hy al sy eie werke genoem, sy versigtigheid in gehoorsaamheid aan “die wet” en die geslagslyn wat hom een van die mees uitstaande volgelingen van die wet in Israel gemaak het. Sy landsgenote sou hom as een van die heiligste mans onder die Jode beskou het. Hy het na hierdie prestasies verwys as die "**GEREJTIGHEID WAT IN DIE WET IS.**" Maar toe het hy gesê dat hy dit alles as drek beskou het, sodat hy die "**GEREJTIGHEID WAT UIT GOD IS**" kon kry, en hy het geeëndig om te wys hoe hy dit verkry, "**DEUR GELOOF.**"

Die punt is dat daar 'n geregtigheid is wat nie afhanklik is van die onderhouding van die wet nie, en dit is die enigste geregtigheid wat die moeite werd is om te hê. As ons in ag neem dat God volmaak is, absoluut regverdig is, is dit die enigste soort geregtigheid wat Hy kan aanvaar, volmaakte geregtigheid. Vir Hom om iets minder te aanvaar, sou beteken dat Hy 'n kompromis gemaak het en aangesien Hy volmaak is, kan dit nie vir Hom moontlik wees om 'n kompromis aan te gaan nie. Die enigste geregtigheid wat Hy kan aanvaar, is absolute geregtigheid.

Aangesien Hy volmaakte geregtigheid benodig, is dit duidelik dat slegs God self hierdie geregtigheid kan produseer. Trouens, almal wat probeer om geregtig te word deur wat hulle doen, probeer regtig deur hul pogings om soos God te word! Hierdie soort houding kan slegs as 'mal' beskryf word. Dit is gek vir 'n arme korrupte sondaar om die lewe van ons almagtige God deur sy eie pogings te bewerkstellig. Maar dit is hoe verward baie van ons geword het.

GEVAAR IN DIE VERKEERDE MANIER

Enige een wat geregtigheid soek, moet na God toe kom om dit te verkry. Die enigste manier waarop ons dit kan bekom, is as 'n gawe van God. Die een wat dit op enige ander manier soek, sal homself uitput en niks bereik nie. Dit is wat die Jode as 'n volk gedoen het.

Romeine 9: 30-32 sê:



Wat sal ons dan sê? Dat die heidene, wat die geregtigheid nie nagejaag het nie, die geregtigheid verkry het, naamlik die geregtigheid wat uit die geloof is; terwyl Israel, wat die wet van die geregtigheid nagejaag het, die wet van die geregtigheid nie bereik het nie. Waarom? Omdat dit nie **UIT DIE GELOOF WAS NIE**, maar net asof dit uit die werke van die wet was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot. (Romeine 9: 30-32)


Wie kon harder probeer het as Israel? Die Bybel sê dat hulle "GEREGTIGHEID NA GEVOLG HET." Dit is wat hulle dag en nag gesoek het, maar hulle het dit nooit behaal nie.

Maar hier is die heidene. Is hulle op soek na geregtigheid? Glad nie, maar hulle hoor die evangelie en wat doen hulle? Hulle glo dit, en dadelik het hulle gevind wat die Jode in hulle harde werk nie kon vind nie. Dit was geloof en geloof alleen wat die seën van geregtigheid verkry het. Ons moet leer dat in al ons goeie bedoelings, dit ons nie sal help in die soeke na geregtigheid as ons dit op die verkeerde manier soek nie, dit is wat hierdie ervaring van die Jode ons leer.

Wat sê ons dan? Is die wet in stryd met die geregtigheid van God? Is God se geregtigheid teen die wet? Hoe kan die wet belangrik wees as dit my nie regverdig kan maak nie? Hoekom is dit nodig, as ek dit nie nodig het om regverdig te wees nie?

GOD SE KARAKTER UITGEDRUK

Die Tien Gebooie is beskryf as 'n transkripsie van God se karakter. Miskien is dit meer korrek om te sê dat hulle 'n **uitdrukking is van God se karakter**. Met ander woorde, die Tien Gebooie vertel ons wat God is en hulle is 'n uitdrukking van God se wil vir die mens. Maar natuurlik, as dit is wat God vir ons wil hê, moet dit 'n uitdrukking wees van wat in Sy hart is. 'n Persoon van integriteit sal slegs wette maak wat hy as regverdig en goed beskou. Dit is dus duidelik dat *die wet nooit in stryd met God se geregtigheid kan wees nie*, want as dit werklik 'n beskrywing van God is, 'n uitdrukking van Sy karakter, dan is dit inderdaad 'n uitdrukking of 'n beskrywing van **ware geregtigheid**. Daarom sê Paulus vir ons in



Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed. (Romeine 7:12)

Maar die gebooie is nie geregtigheid in hulleself nie. Hulle bring nie geregtigheid nie, *hulle beskryf slegs geregtigheid*. Toe God op die berg Sinai neergedaal het en die tien gebooie aan Moses gegee het, het geregtigheid nie skielik tot stand gekom nie, dit was net 'n uitdrukking van iets wat nog altyd daar was. **God het slegs Sy karakter beskryf en dit in die Tien Gebooie in woorde gestel.**

As ons dit kan verstaan, sal ons kan verstaan wat die wet is. Ons sal verstaan dat die Tien Gebooie 'n beskrywing van geregtigheid is. Kan ons regverdigheid vind in die beskrywing? Nee! As ons geregtigheid wil hê, moet ons verder gaan as die beskrywing.



Baie Christene is op hierdie punt verward. Hulle gaan na die wet, wat slegs 'n beskrywing van geregtigheid is en poog om geregtigheid in die wet te vind. *Maar as ons geregtigheid wil hê, moet ons na die bron van geregtigheid gaan, en daar is net een so 'n plek in die hele heelal.* Kom ons kyk na 'n illustrasie. Ek het 'n foto van my vrou. As jy na hierdie foto kyk, kan jy sien watter hare sy het, jy kan iets vertel oor hoe sy glimlag, jy kan die kleur van haar vel sien en jy kan baie inligting oor haar kry, net deur na hierdie prent te kyk.

Jy kan haar dalk in 'n skare uitken, net omdat jy na hierdie foto gekyk het. Gestel ek neem hierdie foto oral saam met my en ek soen en druk dit altyd. Gestel ek neem dit snags saam met my bed toe, sal dit my gerus stel? Natuurlik nie! Net tensy ek nie regdenkend is nie! Hierdie foto is slegs 'n beskrywing en dien slegs as 'n herinnering. Maar dit kan my nie bevredig nie. Om bevrediging te verkry, moet ek die ware voorwerp vind. So, op dieselfde manier, as jy op soek is na geregtigheid, moet jy verder gaan as die beskrywing wat in die wet voorkom, anders sal jy net jouself frustreer. God alleen is regverdige Mattheus 19: 16-17 bring hierdie waarheid baie duidelik uit. En dit sê:



EN daar kom een na Hom en sê vir Hom: Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê? En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooe. (Matthéüs 19: 16-17)

Vers 17 sê dat net God goed is. Dit is 'n absolute waarheid. Dit is baie belangrik dat ons dit glo. Jesus het dit self gesê. Aangesien dit so is, wat is sommige van die waarhede wat hieruit voortspruit? Wel vir een ding, beteken dit dat op enige plek in hierdie heelal waar ons iemand vind wat goed is, kan ons weet dat God in daardie persoon woon. Waar ons enigiemand goed vind, het ons gevind waar God se lewe is. Wanneer ons dit verstaan, dan weet ons dadelik dat in ons soeke na geregtigheid moet ons verander. Die uitdaging vir my is nie dat ek geregtigheid moet voort bring nie, want hoe kan ek die lewe van God produseer? Die uitdaging vir my, is om die lewe van God te ontvang, want God alleen is goed. So ons sien dat geregtigheid 'n Persoon is, en daardie persoon is God. Maar natuurlik is geregtigheid ook "reg doen", want God doen altyd wat reg is. Maar gaan ons die karakter van God produseer deur wat ons doen? Gaan ons 'n geregtigheid wat gelyk is aan God, deur ons pogings lewer? Dit is onmoontlik. Slegs God kan God wees! Prys sy Heilige naam!

Die vraag is waarom doen God wat goed is? Hoekom is Hy altyd net besig om te doen wat die beste is vir wesens in Sy heelal? Is dit omdat Hy gehoorsaam is aan 'n reël? Is dit omdat Hy so beveel word om op te tree? Dit is bietjie dwaas om te dink dat God nie steel nie omdat sy wet sê: "Jy mag nie steel nie." God het nie die wet nodig om te doen wat reg is nie. Hy doen goed omdat sy natuur goed is. Omdat Hy goed is, kan Hy nie doen wat verkeerd is nie. Die gedagte van verkeerd doen is heeltemal in stryd met Sy natuur. Dus, as God goed is, en God leef binne-in ons, wat sal die gevolg wees? Ons sal ook onself handhaaf in goeie gedrag, en ons sal dit doen omdat God Sy goeie lewe in ons leef.

Is hierdie idee 'n praktiese een? Is dit moontlik vir iemand om so in my te lewe, dat sy natuur in my gedrag gemanifesteer word? Is dit moontlik vir Hom om so te leef dat ek nie eens reëls nodig het om my te laat doen wat reg is nie? Dit is wat die Bybel meen wanneer dit sê dat ons God se geregtigheid kan hê wat sonder die wet is. Ons kan regverdig gemaak word deur God se natuur te ontvang, 'n geregtigheid wat gebaseer is op die ontvangs van die lewe self, eerder as die geregtigheid wat kom deur wat ons doen in die nakoming van die reëls en regulasies wat deur die wet bepaal word.

NIE NAGEMAAK, VERVANG

HOOFSTUK 3

DIE TWEE ADAMS

Die apostel Paulus gebruik dikwels 'n uitdrukking wat ons soms omseil omdat dit moeilik is om te verstaan. Dit is die sinsdeel, "**IN CHRISTUS**" Hierdie bewoording verskyn verskeie kere in die geskrifte van Paulus en dit is vol van diepe betekenis. Dit word meestal in die boeke van Efésiërs en Kolossense gevind. Wat beteken hierdie frase en hoe belangrik is dit dat ons dit moet verstaan? Efesiërs 1: 3 sê:



GESEËND is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele **in Christus**, (Efesiërs 1: 3)

God het ons alreeds geseën met alle geestelike seëninge, maar daar is 'n kwalifikasie. Waar is hierdie seëninge? **HULLE IS IN CHRISTUS**. Daar is net een manier om hierdie seëninge te bekom, ons moet wees waar hulle is. Efesiërs. 2: 6 sê:



En saam opgewek en saam laat sit in die hemele **in Christus Jesus**, (Efesiërs 2:6)

Let op hoe sterk Paulus se stelling is. Hy sê ons sit eintlik in hemelse plekke. Ons kyk na onself en sê: "Dit is nie waar nie, ek sit hier op aarde en lees hierdie boek." Wat beteken dit dan wat Paulus sê. Hy beklemtoon die feit dat **die Christen se lewe verenig is met die lewe van Christus**. Dieselfde lewe wat in my tone is, is ook in my vinger, so waar my tone gaan, gaan die lewe in my vingers ook. Dit is wat Paulus probeer om te sê. Hy sê: "As Christus jou lewe is, waar ookal Christus is, is waar jy is." In 1 Korintiërs 15:45 het ons 'n interessante stelling:



So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die **laaste Adam 'n lewendmakende Gees**. (1 Korintiërs 15:45)

Om korrek te verstaan wat dit beteken **om in Christus te wees**, moet ons eers verstaan wat dit beteken **om in Adam te wees**. Let op, die vers praat van twee Adams, daar is 'n eerste Adam en daar is 'n laaste Adam. Die laaste Adam verwys natuurlik na Jesus Christus, maar die vraag is hoekom is Jesus die laaste Adam genoem? Nou weet ons Adam was die eerste man, hy is in 'n tuin geplaas en hy is 'n pragtige vrou gegee. Nie een van hierdie dinge is van toepassing op Jesus nie, maar hy word "die laaste Adam" genoem. God probeer iets vir ons sê. Wanneer ons na Adam kyk, kan ons iets van Hom leer wat ons help om iets oor Christus te verstaan. In Romeine 5:14 sê Paulus:




Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom. (Romeine 5:14)

Hier is Adam 'n 'figuur van Christus'. Daar is een of ander manier waarop Adam en Christus soortgelyk is. Romeine 5:19 gee ons die sleutel om te verstaan waarom Jesus na verwys word as die laaste Adam. Dit sê:




Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.
(Romeine 5:19)

Kyk weer na die vers. Daar word gesê: "Deur een mens se ongehoorsaamheid is **baie** sondaars gemaak (KJV), maar 'n klein woord is uitgelaat toe die vertalers van die KJV hierdie vers vertaal het. In werklikheid moet die vers lees: "Deur een mens se ongehoorsaamheid is die baie sondaars gemaak." Dit is die manier waarop dit in verskeie weergawes van die Bybel vertaal word. Die vers sê nie net dat sommige sondaars geword het nie, dit vergelyk twee stelle mense. Aan die een kant is die een, en aan die ander kant is daar die **baie**. Wie is die een? Die een is Adam! En wie is "**die baie**?" Die **baie** is die res van die mensdom.



Die eerste Adam



Die Baie (Mensdom)

Toe die een man ongehoorsaam was, wat het met die baie gebeur? Hulle het sondaars geword. Dit was nie hul eie optrede of gedrag wat hulle sondaars gemaak het nie. Nee! Dit was een man se ongehoorsaamheid wat veroorsaak het dat almal sondaars geword het. Dit lyk natuurlik nie regverdig of reg nie, maar dit is nie 'n kwessie van geregtigheid nie, so is die wet van gevolge in die heelal. **EEN MAN SE KEUSE HET ALMAL IN SY NAGESLAG GERAAK. ALMAL IS IN ADAM SE SONDE GEBORE!**

Toe jy en ek gebore is, was dit nie ons skuld dat ons sondaars was nie, maar die probleem van sonde is aan ons oorgedra en ons moet dit hanteer. As 'n kind met VIGS gebore word, kan dit nie sy skuld wees nie. Dit moet sy ouers se skuld wees. Dit is nie 'n kwessie van wie die skuld moet kry nie, maar dit is nog steeds die realiteit waaraan die kind moet leef.

God het een man geskep en toe hy hierdie een man geskep het, was alle menslike lewe in daardie een persoon. God het nie elke individu individueel geskep nie, maar Hy het een menslike lewe geskep en die lewe van alle mense is in daardie een lewe geskep. Dit is dieselfde lewe wat oor die eeue vermenigvuldig en oorgedra is. Ons is almal deelgenote van Adam se lewe, en in hierdie sin is ons almal in Adam. Met ander woorde, aangesien ons almal deel van die een lewe is, is ons almal deel van Adam se bestaan.

Maar as ons almal deel van Adam se lewe is, watter soort lewe verwag ons om te hê? As iets uit 'n bok gebore word, sal ons 'n kat verwag? Adam kon net sy eie beeld voortbring.

Alhoewel Adam oorspronklik in die beeld van God gemaak is, het hy die beeld berderf en hierdie berderfde beeld is die enigste ding wat hy aan sy kinders oordra.

As gevolg van Adam se sonde is ons nou die wettige prooi van Satan. Ons het nie meer 'n reg om met die lewe van God gebore te word nie, dus is ons almal gebore sonder God se Gees. Dit is die erfenis wat ons van Adam ontvang het en dit is belangrik vir ons om dit te verstaan. Die rede waarom die mensdom in sy natuurlike toestand kwaad doen, is nie omdat mens nie probeer om goed te doen nie. Dis omdat 'n mens die realiteit van Adam se lewe leef. Die lewe in ons is 'n verdorwe lewe en dit is nie moontlik vir ons om 'n ander lewe te lewe as die een wat ons het nie. Dit is in hierdie sin dat ons, soos die Bybel sê, sondaars gemaak word deur wat Adam gedoen het. Dit beteken nie dat ons skuldig bevind word aan 'n ander mens se sondes nie. Wat dit beteken, is dat ons sondig en hulpeloos gebore word, nie in staat om iets goed te doen nie. Ons is as 'n soort van 'sondaar' gebore.

Baie jare gelede het ek 'n gradeplegtigheid bygewoon. Die spreker het gesê: "Jy word wat jy is." Soos wat ek geluister het, het ek gedink, "waaroor praat hierdie man? Hoe kan jy word wat jy al is?" Toe het dit nie vir my sin gemaak nie, vandat ek die waarheid van die twee Adams verstaan het, besef ek dat daar waarheid is in wat hierdie spreker gesê het. As ons almal Adam se korrumperte, onbeweeglike lewe geërf het, word die feit onvermydelik: solank as wat ons almal die lewe van Adam het, solank wat almal "in Adam" is, hoe langer ons almal leef, hoe meer moeite ons probeer doen, al wat ons openbaar is die lewe wat ons reeds besit". Ons kan net word wat ons reeds is. Niks wat 'n mens kan doen, of al ooit gedoen het, kan ons in staat stel om die menslike natuur te verander nie. Die mens se pogings het nog nooit 'n nuwe lewe geproduseer nie. Handeling 17:26 sê:



En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het, (Handeling 17:26)

Ons kan sien hoe ongelooflik waar dit is. Dit is nie net geestelik, maar ook fisies dat ons broers en susters is. As ons ver genoeg teruggaan in tyd, sal ons vind dat ons almal dieselfde grootouers het, maar ten spyte van hierdie familie verwantskap veg ons dikwels teen mekaar omdat dit die natuur van Adam se lewe is. Daar is geen vrede in hierdie lewe nie, geen harmonie nie. Soos 'n kanker in die liggaam, veg Adam se lewe teen homself!

Ek het een keer 'n video gesien van 'n hond, wie se gedrag gek was, wat 'n been kou. Soos hierdie hond die been eet, het sy agterbeen na sy mond begin beweeg asof dit 'n gedagte vanself gehad het. Die hond het vir sy eie voet gegrom, maar toe die voet nog nader aan die been beweeg, het hy omgedraai en sy eie voet gebyt. Dit het oor en oor gebeur. Ek het gekyk na hierdie hond en gedink, "dit is net soos die gedrag van die menslike ras." Ons kan sê dat die gedrag van hierdie hond mal is, maar dikwels besef ons nie dat dit presies is hoe die wat die lewe van Adam besit, optree en veg teen hulself nie. Dit is die natuurlike gedrag van die gevalle lewe van Adam.

Die belangrikste punt is: Hoekom is ons in die toestand waarin ons is? Is dit omdat ons probeer om so te wees? Die antwoord is nee! Dit is nie as gevolg van ons pogings, of selfs as gevolg van ons keuses nie. **Dit is omdat ons so gebore is!**

Een man het dit aan ons almal gedoen! "Ons is veroordeel om sonde te pleeg omdat ons die nageslag van Adam is en hierdie veroordeling rus op die hele mensdom as gevolg van een mens. Wat moet ons dan doen om veroordeel te word? Ons moet slegs gebore word!

Wanneer ek sê 'veroordeling', bedoel ek nie dat God ons veroordeel nie, ek bedoel nie dat ons skuldig is aan wat Adam gedoen het nie. Om as persoon skuldig te wees moet hy 'n keuse maak om 'n vas gestelde wet te verbreek. God veroordeel ons nie vir wat iemand anders gedoen het nie, maar ons toestand veroordeel ons! Die kind wat met VIGS gebore is, word veroordeel om te sterf. Die siekte in die kind veroordeel die kind. Net soos ons kondisie (toestand) ons veroordeel. Dit is wat dit beteken wanneer die Bybel sê in Romene 5: 18,



Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. (Romene 5: 18)

In hierdie toestand, is dit onmoontlik vir ons om 'n regverdige lewe te leef, en vroeër of later, tensy iets gebeur om ons 'n nuwe lewe te gee, sal ons in hierdie verlore toestand sterf. Dit is die lewe wat ons besit wat ons veroordeel.

As God se genade, in Christus, nie ingegryp het op die oomblik dat Adam gekies het om die vrug te eet nie, sou hy dood neergeval het. Wanneer die lewe van God geestelik verwyder is, sou die fisiese lewe dadelik geëindig het en die hele mensdom in Adam gesterf het. Maar Jesus het tussen die mens en die ewige dood ingetree, Hy het die vloek op Homself geneem en hy het 'n proeftydperk vir ons almal gekry. Deur Sy offer het Hy gesê: "Alhoewel hulle geestelik dood is, bewaar Ek hulle fisiese lewe vir 'n tyd en gee hulle die geleentheid om terug te keer na 'n geestelike lewe." Daarom het God ons 'n tyd, honderd en twintig jaar ***(Lewens tydperk in die Bybel)** gewoonlik gegee, om te lewe. Ons dae op aarde is 'n kans om ons pad terug te vind na die lewe, deur Christus, want ons is almal dood (geestelik) gebore!

***Ons lewens tydperk is tans veel korter agv gesondheidsredes
(eetgewoontes, lewenstyl, gebrek aan oefening, stres, ens.)**

Dit is interessant om te sien dat God nooit belowe het om Adam se lewe te herstel nie. Die Christelike lewe is nie 'n herboude lewe nie. Die Bybel maak dit duidelik dat die lewe van Adam moet sterf.



Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. (2 Korinthiërs 5: 17)

Vandat ons in Adam gebore is, is ons grootste behoefte om 'n nuwe lewe te ontvang! Die oue is veroordeel en kan nie herstel word nie. Dit moet doodgaan! Maar waar is ons, om hierdie nuwe lewe te ontvang? Om hierdie lewe oor te dra, moet daar 'n oorspronklike lewensbron wees. Adam was die bron waaruit die menslike lewe oorgedra is, maar sy lewe was tot die dood korrup(sondig). Noudat ons 'n nuwe lewe nodig het, wat gee God ons? Hy gee vir ons 'n tweede Adam! Hy gee vir ons iemand anders wat die bron van 'n nuwe lewe is. As ons dit kan verstaan, weet ons hoekom Jesus die laaste Adam genoem word!

Nie omdat hy in 'n tuin met 'n pragtige vrou gesit is nie, maar omdat Hy die bron van 'n nuwe lewe is, is Hy die Vader van 'n nuwe volk.

SLEGS DEUR GEBOORTE


Nou as ons oorweeg wat dit beteken om in Christus te wees, is daar 'n ander beginsel wat ons moet verstaan: Die lewe word deur die geboorte van een persoon na die ander oorgedra en slegs deur geboorte. Die enigste persoon wat ooit 'n uitsondering op hierdie reël was, is Eva omdat sy nie gebore is nie. Sy het haar lewe deur Adam se rib(liggaam) gekry.

In Jesaja 9: 6 word Jesus genoem, "die **EWIGE VADER**":



Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, **Ewige Vader**, Vredevors — (Jesaja 9: 6)

Jesus is nie die Vader in die godheid nie, Hy is die Seun van die Vader. Maar in hierdie konsep van die twee Adams maak dit duidelik sin wat die ware betekenis van hierdie vers is. Jesus is die Ewige Vader, maar van wie? Hy is die Vader van almal wat die nuwe skepping uitmaak, die nuwe menslike ras! Jesus is die tweede Adam en van Hom kom daar 'n nuwe ras van mense wat in Sy lewe gebore is. In hierdie sin is Hy hulle Vader, die laaste Adam.



DIE EERDTE ADAM

- Vader van die mensdom
- Gevalle natuur (Vleeslik)
- Bring sonde en veroordeling
- Bring dood
- Lewe in die wêreld



DIE LAASTE ADAM

- Vader van die nuwe skepping
- Wedergeboorte (Geestelike natuur)
- Bring geregtigheid
- Bring lewe
- Lewe in die Koningryk van God

Kom ons kyk na wat dit beteken. Daar is 'n parallel tussen beide Adams. Een het ons in sonde gebring - een bring ons na geregtigheid. Toe Adam die verbode vrug geneem het, was niemand van ons nog gebore nie, so ons het nog geen bewussyn gehad nie, maar ons lewe was daar en toe ons duisende jare later gebore is, het ons die aangebore natuur, die valse lewe van Adam begin leef. Het ons enige keuse gehad? Nee, ons was eenvoudig gehoorsaam aan ons natuur wat geëis het wat ons moes doen.

Beskou nou die tweede Adam: werk Sy lewe op dieselfde manier? As jy in die tweede Adam gebore word, wat is dit wat nou bepaal hoe jy leef? Dit is Sy lewe! Dit is nie jou poging nie! Jou poging was nie wat bepaal hoe jy geleef het toe jy in die eerste Adam was nie.

Dit was die natuurlike uitwerking van hoe ons opgetree het wat jou gemaak het wat jy is. Net so wanneer ons deel van die tweede Adam is, is ons gedrag die natuurlike gevolg van ons nuwe lewe, 'n hergebore natuur.

DIE LEWE IN CHRISTUS

Al die eienskappe wat Jesus besit, is deel van Sy lewe. Daar is geen sonde nie en daar is geen veroordeling in Hom nie. Hierdie lewe is in Christus, aan die regterhand van God, die plek van oneindige krag en voorreg, ver bo alle owerhede en magte. Hierdie is die eienskappe wat 'n intrinsieke deel van hierdie lewe van Christus is. Ons hoef nie te sukkel om hierdie wonderlike dinge te bekom nie, hulle is reeds ons sin, teenwoordig in Christus. Die een vraag is, wie se lewe het ons? **Dit is die enigste vraag. Ons verlossing en oorwinning hang nie af van wat ons gedoen het nie, maar wie se lewe ons geërf het.**

Let daarop dat wat Adam gedoen het, was gedoen voordat iemand gebore is. Net so, wat Christus gedoen het, was gedoen voordat ons gebore is. Maar toe ons in Adam gebore is, was die gedrag wat in ons lewens verskyn het bloot 'n manifestasie van die aard wat Adam duisende jare gelede van sy oortreding ontvang het. Net so, wanneer ons in Christus gebore word, wat in ons lewens verskyn, is dit bloot 'n manifestasie van wat Christus al twee duisend jaar gelede gedoen het. So kan Paulus sê: **"Ek is gekruisig met Christus," en elke Christen kan dieselfde ding sê. As jy my vra, "wanneer is jy gekruisig, wanneer het jou ou lewe in Adam gesterf?" Sal ek sê, "twee duisend jaar gelede," vir die lewe wat ek nou besit, twee duisend jaar gelede gekruisig. As jy my vra, "Wat is jou verhouding met God?" Sal ek sê, "ons is een." Die lewe wat ek besit, is een met God se lewe, want die lewe wat ek besit, is die lewe van Christus self.**

Toe ek na God kom, en myself as 'n seun van Adam herken, was my vraag: "Wie is ek om God te nader?" Maak nie saak hoe hard ek probeer het nie, dit was moeilik om te glo dat ek gehoor was, want ek was so onwaardig dat ek nooit kon dink dat ek 'n antwoord sal kry nie. Maar wanneer Jesus bid is sy gebed volkome aanvaarbaar. Daar is geen struikelblok in die weg van God se antwoord op Sy gebede nie. Daar is Groot krag in gebed wanneer ons in Christus bid. Daar is geen verskil in hoe God met ons handel, en hoe hy met Christus handel nie omdat ons dieselfde lewe deel. Ons is werklik een. Dit is iets wonderliks om aan te dink; dit is selfs meer wonderlik om te glo.

So in hierdie twee Adams is die lewens wat ons leef alreeds bepaal, selfs voordat ons gebore is. Dit is hoekom die Bybel ons vertel dat een mens ons almal sondaars gemaak het (Romeine 5:19). Toe ons gebore was, het ons alreeds soos sondaars gelewe, omdat dit is wat ons reeds was. Ons kon onself nie help nie.

Nou aan die anderkant, om die lewe van Christus te ervaar, moet ons wedergebore word. Hoe word ons wedergebore? Aan die kant van die eerste Adam is lewe oorgedra aan ons deur middel van 'n seksuele verhouding. Maar hoe word die lewe oorgedra na die tweede Adam? Dit is deur geloof. Dit is deur die Heilige Gees dat Christus se lewe oorgedra word.

Ons betrokkenheid is dat ons God sal glo. Dus, alhoewel Christus dit alles gedoen het, en as ons dit wil ervaar, moet ons wedergebore word, en geloof neem ons na daardie ervaring.

Adam het veroordeling vir alle mense tot stand gebring. Hy het dit vir ons almal gedoen, maar niemand sal dit ervaar tensy hy gebore word nie. Op dieselfde manier, alhoewel Jesus verlossing vir ons almal bereik het, sal niemand dit ervaar tensy hy weergebore word in Christus nie. So het Jesus gesê:



Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. (Johannes 3: 17-18)

Wat moet ons doen om veroordeel te word? Niks! Ons moet net bly soos ons is. Ons word in ongeloof gebore, al wat ons moet doen is om voort te gaan in ongeloof, en ons sal voortgaan in veroordeling waar Adam die mensdom alreeds geplaas het.

Ons staan nie in hierdie wêreld in 'n neutrale posisie nie, vry om tussen twee kante te kies nie. Sommige het die idee dat ons in 'n soort tussen-twee gronde is, en dat ons die eenkant of die ander vryelik kan kies. Hierdie idee is 'n valse een. Dit mag dalk waar van Adam gewees het, maar ons staan nie in sy plek nie. Ons is gebore, en leef ons lewens alreeds aan Satan se kant. Ons enigste keuse is om van daardie kant af te ontsnap, en die enigste manier om te ontsnap **is om die lewe van Christus te ontvang**. As ons nie glo nie, bly ons in ons veroordeling, maar as ons glo, vat ons geloof die lewe van Christus vas en ons ontsnap die lewe van veroordeelding. Die evangelie is baie eenvoudig. In wese is dit hierdie:



En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word. (Galasiërs 3: 8)

Die evangelie was aan Abraham verkondig, en wat was hierdie evangelie? Kyk na wat dit sê: *In een man is die hele wêreld geseën*. Dit is die evangelie. **Ons lewens, ons seën, alles, is in een persoon - in Christus!**

As ek die Bybel lees, besef ek dat God net een mens gaan red. Almal van ons sal deel hê aan daardie verlossing, maar God se plan was om ons almal as deel van een persoon te red. Daar is een regverdige man, een wat God se guns verdien, een wat die sonde verower het. Ons enigste hoop is om aan te sluit by daardie lewe!



En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. (1 Johannes 5:11)

**DIE REALITEIT,
CHRISTUS SE LEWE IN ONS**

HOOFSTUK 4

DIE MENSLIKE GEES

Een van die vrae wat die mens fascineer vir so lank as wat hy al bestaan, is: "Wat is die mens?" Wat is sy ware natuur? Dit is natuurlik duidelik dat die mens baie voortrefliker is as ander vorme van lewe op aarde. Hy is in staat om te kan dink en te redeneer, vol van gevoelens en emosies wat hom op 'n vlak oneindig hoër as enige ander skepsel op planeet aarde plaas.

Die mens het kennis gehad om sy eie liggaam te ondersoek en het ontdek dat hy in sy fisiese samestelling nie baie anders is as ander lewende dinge nie. Trouens, sommige van die meer ingewikkelde diere is baie soortgelyk aan die mens. Dit is egter in sy verstand waar daar 'n groot verskil voorkom. Die mens beskik oor 'n bekwaamheid, 'n kapasiteit, waarvan hy baie min weet en wat hy self moeilik vind om te definieer, maar wat hom baie meer maak as net 'n ander dier.

Ons almal weet dat ons 'n verstand het, wat ons in staat stel om te funksioneer en wat nie op 'n biologiese manier verduidelik kan word nie. Dit is hierdie onbekende verstand wat vir die mens 'n raaisel is, maar terselfdertyd het dit hom die vermoë gegee om die planeet waarop hy woon, te beheer.

Wat is hierdie bekwaamheid wat ons die "verstand" noem, en waar kom dit vandaan?

Sover ek kan onthou, het ek groot geword met die oortuiging dat die mens bestaan uit twee komponente, die stof van die aarde en die asem van die lewe. Ek was altyd verwys na Genesis 2: 7 as die grondslag waarop hierdie geloof gevestig kon word.



En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword. (Genesis 2: 7)

Hierdie idee is sinvol. Dit is 'n maklike beskrywing van wat gebeur het toe die mens geskep is. Eerstens was daar die leweloze liggaam wat daar gelê het, uit die stof gevorm. Toe het God die asemhaling proses begin deur lewe te blaas in hierdie stof en so het die mens begin asemhaal, en 'n lewende siel geword. So was ek verduidelik om te glo dat die mens net 'n stukkie stof is wat asemhaal



Miskien was almal nie so geleer of opgevoed nie, maar in my godsdienstige opvoeding was dit die geval, ek was so geleer. Ons het altyd gedink dit is belangrik dat mense dit moet verstaan. Toe ek op die ouderdom van 22 tot bekering kom, het 'n vraag by my opgekom waarvoor ek nie 'n antwoord kon vind nie.


Die vraag was: As ek sou sterf, sou dit ek persoonlik wees wat in die opstanding sou terugkom? As ek sou sterf, was dit duidelik dat my liggaam terug sou keer na stof, dit sou terugkeer na die einste molekules waaruit dit gekom het.

So al wat ek is, is 'n asemhalende stuk stof, hoe sou God dieselfde persoon in die opstanding terugbring? Sal Hy my weer opwek met dieselfde molekules en atome waaruit my liggaam voorheen bestaan het, my weer lewendig maak?

Ek het besef dat die antwoord is, nee. Die einste selle waaruit ons liggame saamgestel is, word elke jaar hernu. Die liggaam wat ek nou het bestaan nie meer uit dieselfde atoom deeltjies waaruit dit tien jaar gelede saamgestel was nie. Trouens, gedurende 'n mens se leeftyd is die meeste van die materiaal wat eintlik jou liggaam uitmaak, verskeie kere verander. Dit is selfs moontlik dat wat vandag een persoon uitmaak in terme van die werklike molekules en atome, 'n deel van iemand anders se liggaam kon wees in die verlede!

Dus, die vraag wat knaend in my gedagtes vasgevang was, wat maak my, my?

Ek het vroeë gevra aan diegene wat ek gedink het die nodige kennis het, maar hulle het gesê, "God kan iemand net soos jy terugbring." Natuurlik, toe ek dit hoor, het ek regtig bekommerd geword, want dit het geklink of dit my tweelingbroer is wat terug sou kom in die opstanding in plaas van myself persoonlik. Ander het vir my gesê, "dit is nie nodig vir jou om te weet hoe dit gebeur nie. God is in staat om dit te doen en dit is nie nodig dat jy jouself bekommer daarvoor nie." Hierdie antwoord was ook nie bevredigend vir my nie.



Ek het geglo dit was nie verkeerd om te soek na begrip nie. So, natuurlik, het ek sorgvuldig begin studeer, en tot my verligting het ek uitgevind dat die Bybel 'n duidelike antwoord op my vraag het. Dit leer duidelik dat die mens meer is as net 'n liggaam wat asemhaal. Ek het ontdek dat daar ook 'n deel in die mens is wat gees genoem word, en dat hierdie deel die kritieke deel van die mens is. Wanneer die Bybel sê dat God die asem van die lewe in die mens geblaas het, praat dit nie net oor wind of lug nie. Ons is nie net 'n stukkie stof wat asemhaal nie; daar is meer aan ons as dit.

Die woord "asem" in Genesis 2: 7, is die Hebreeuse woord, "**neshamah**", en dit kan op verskeie maniere vertaal word. Dieselfde woord het verskillende betekenisse. Volgens Strong se Hebreeuse woordeboek is sommige van die betekenisse: *Wind, asem, gees, siel*. So kan die woord ook as "gees" vertaal word. Dit sal korrek wees om die vers soos volg te lees, "God het die gees van die lewe in sy neus geblaas." Ek glo dat dit die ware betekenis van die vers is, God het ons nie net vertel dat die mens 'n stuk stof is, wat begin asemhaal het nie. Nee. Hy het ons ook vertel dat hy 'n verstand gekry het, of 'n gees in die mens; 'n innerlike deel van sy wese wat 'n belangrike deel van sy samestelling is.

Weer in die Nuwe Testament vind ons dieselfde waarheid. Kom ons ondersoek 'n paar ander verse wat hierdie leer baie duidelik maak en versterk. Jakobus 2:26 sê:



Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.
(Jakobus 2:26)

Daar word gesê dat die liggaam sonder die gees dood is. Die Griekse woord *pneuma*, wat as 'gees' vertaal word, kan ook vertaal word as beide 'asem' en 'gees'. 'n Predikant het eenkeer vir my gesê, "daar is geen plek in die Bybel wat sê dat die mens bestaan uit twee dele nie. Waar die Bybel van die mens se gees praat, beteken dit net asem. "Hierdie predikant was duidelik nie bekend met die volgende verse nie. Prediker 12: 7 sê:



En die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het. (Prediker 12: 7)

Hierdie vers verduidelik wat gebeur wanneer 'n individu sterf en dit noem twee aspekte van 'n persoon. Daar is die stof en daar is die gees. Die stof gaan terug na die aarde, maar wat gebeur met die gees? Dit keer terug na God. Praat dit net van die lug wat ons inasem? Sê dit dat wanneer 'n persoon sterf, die lug wat hy gebruik om mee asemhaal te haal, na God opgaan? Dit is wat sommige mense glo, maar daar is baie bewyse in die Bybel wat iets heeltemal anders sê:



Want wat my betref, het ek, liggaamlik afwesig maar in die gees teenwoordig, alreeds besluit asof ek teenwoordig was, om hom wat so iets gedoen het, in die Naam van onse Here Jesus Christus, as julle vergader het en my gees saam met die krag van onse Here Jesus Christus — om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here. (1 Korintiërs 5: 3-5)

In die kerk in Korinthe was daar 'n man wat sy pa se vrou as sy vrou geneem het en Paulus was baie ontsteld daaroor. Hier het hy die kerk aanbeveel oor wat hulle daaraan moes doen en dit is wat hy gesê het. Drie keer praat hy oor die gees en nie een van daardie kere het hy net gepraat oor die lug wat van die neus afkomstig is nie. Eerstens sê hy: "Ek is afwesig in my liggaam, maar ek is in die gees teenwoordig." Dan sê hy: "As julle bymekaar kom, sal my gees by julle wees." Hy praat nie van asem of lug nie. Oplaas sê hy: "Gee hierdie persoon aan Satan oor sodat sy liggaam vernietig kan word en sy gees gered kan word in die dag van die Here."

Daar is iets wat die gees genoem word, en miskien kan ons nie verduidelik wat dit is nie, maar die Bybel sê dat dit bestaan, dit is deel van die samestelling van elke mens. Paulus sê dat hoewel die liggaam vernietig kan word, dit nog moontlik is dat die gees gered kan word. Let op die laaste woorde van Jesus terwyl Hy aan die kruis sterf:



En Jesus het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor!
En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit. (Lukas 23: 46)

Hy was nie bekommerd oor sy liggaam nie, maar oor Sy gees, wat dit ook al was. Net so toe Stefanus sy laaste woorde uitgespreek het, was: "Here Jesus, ontvang my gees." (Handelinge 7:59) Hy het nie gesê: "Neem die lug wat ek asemhaal nie." Daar was iets anders wat deel was van sy ware self, en hy het Christus gevra om dit te bewaar.

Wanneer ons gebore word, het ons 'n liggaam, maar het ons ook 'n gawe ontvang wat ons in staat stel om te dink en te leer.

Ons word met 'n verstand gebore en soos ons groei, begin ons 'n karakter ontwikkel. Het dit net te doen met 'n liggaam, of is daar iets meer? Wanneer 'n kind gebore word, begin hy in 'n sekere manier op te tree en dit het niks te doen met die soort liggaam wat ons het nie. Selfs identiese tweelinge ontwikkel verskillende persoonlikhede. Daar is iets meer as net die liggaamlike samestelling.

Soms noem ons dit 'verstand', soms noem ons dit 'gees', maar ons weet almal dat hierdie liggame nie ons ware identiteit is nie. Die liggaam is nie die kritieke komponent wat ons maak wat ons is nie. Daar is iets meer!

'N NUTTIGE ILLUSTRASIE

Baie jare gelede het ek 'n illustrasie gesien wat 'n goeie idee gegee het van die verhouding tussen die gees en die liggaam. Ons weet almal wat 'n bandopnemer is. Dit benodig twee komponente sodat dit kan werk. Een van hulle is die opnemer self, en die ander is 'n kasset. Aan die begin van 'n aanbieding kan ons 'n leë kasset in 'n bandopnemer plaas en die "rekord" knoppie druk. Dit sal dan begin om enige geluid op te neem wat gemaak word. Aan die einde van die program kan ons die kasset verwyder en ons kan die bandopnemer neem en dit ses voet in die grond begrawe. Maar solank as wat ons die kasset het, word elke klank wat tydens die aanbieding gemaak is, bewaar en op 'n dag as ons dieselfde kasset neem en dit in 'n ander bandopnemer plaas, sal presies dieselfde geluide weer speel.



Dit illustreer die verhouding tussen die menslike liggaam en die gees. Die gees kan vergelyk word met die kasset, terwyl die liggaam vergelyk kan word met die bandopnemer. Kan die kasset werk sonder die bandopnemer? Sonder die bandopnemer kan dit nie werk nie, maar wanneer jy die kasset weer in 'n bandopnemer sit, word dadelik wat opgeneem is, weer tot lewe gebring. As jy hulle weer skei, is hulle albei "dood". Die een kan nie sonder die ander funksioneer nie.

So, gedurende ons leeftyd, word ons hele persoonlikheid en karakter op ons gees opgeneem. Alles wat 'n mens 'n unieke individu maak, word op sy gees ingeprent. Wanneer hy sterf, keer die liggaam terug na die aarde waaruit dit gekom het, maar die gees, die mees noodsaaklikste deel van 'n persoon, word in 'n onbewustelike toestand bewaar. God bewaar hierdie gees tot op die tyd van die opstanding wanneer God hierdie gees deur middel van 'n nuwe liggaam sal herstel. 'n Persoon kom dan terug met presies dieselfde persoonlikheid, karaktertrekke, herinneringe, ens. Al is die veheerlikde liggaam anders.

Ek het nog nooit 'n gees gesien nie. Ek weet nie wat my gees is nie, maar die Bybel sê dat dit bestaan en my verstand vertel my dat dit sin maak. Natuurlik, as 'n persoon dood is, kan sy gees nie rondloop of rond vlieg en mense bang maak soos sommige glo nie.

Dit het 'n liggaam nodig om te kan funksioneer. Maar een dag sal God dit in 'n nuwe liggaam plaas. Vir die regverdiges, sal dit 'n baie beter liggaam wees, maar dit is dieselfde persoonlikheid wat weer sal verskyn. Dit sal dieselfde persoon wees wat terugkom en nie net iemand soos hy nie!

Nou, dit is die samestelling van die mens, eenvoudig verduidelik, en as ons dit verstaan, kan ons begin waardeer wat ons probleem regtig is en kan ons begin verstaan hoe dit hanteer moet word. Ons begin verstaan dat ons werklike probleem nie die toestand van ons liggaam is nie, maar die toestand van ons gees of ons verstand. Die gees is wat die liggaam beheer en openbaar gemaak word deur die liggaam. As die sonde probleem gehanteer moet word, moet dit op die vlak van die gees hanteer word. Ons kan die voorkoms van ons liggame verander, ons kan ons haarstyle verander of ons gesigte versier. Ons kan spiere ontwikkel deur gewigte op te lig. Ons kan onself fisies verander, maar die waarheid is dat ons baie min kan doen om die soort gees waarmee ons gebore word, te verander.

As ons dit aanvanklik verstaan, sal ons erken dat enige ware verandering in ons gees 'n werk van God moet wees en nie iets wat deur die mens uitgevoer kan word nie.

Om hierdie waarheid te verstaan is baie belangrik. Dit gee ons nie net 'n fondament waaruit ons die natuur van God beter kan verstaan nie, maar dit help ons om te verstaan wat ons probleem regtig is.

NOTAS

HOOFSTUK 5

DIE GEES VAN GOD



En God het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.
(Genesis 1: 26-27)

Hier kan ons sien dat die mens in die beeld van God gemaak is. Ons weet dat God 'n sigbare vorm het en ons weet dat hierdie vorm soortgelyk aan die vorm van 'n mens is. Daar is verskeie plekke in die Bybel waar mense visioene van God gehad het en in al die gevalle het Hy verskyn met die basiese vorm van 'n mens. Een van hierdie plekke is Daniël 7: 9, waar dit sê:



Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur; (Daniël 7: 9)

Hier word God voorgestel as 'n persoon met wit hare. In Openbaring 5: 1 sê dit dat Hy hande het. So ons sien dat Hy 'n vorm soos ons het, of miskien is dit beter om te sê dat ons 'n vorm soos Hy het. Maar is ons net ligamlik in die beeld van God gemaak? Soos ons verder in die Bybel lees, sien ons dat ons op verskillende maniere soos Hy is. Ons het gevoelens, God het gevoelens; Ons het lief, God het lief; Ons kan bedroef wees, God kan bedroef wees. Hy het emosies soos ons het, maar ook, die Bybel leer dat geestelik is God dieselfde as ons. As ek soortgelyk is, stel ek nie voor dat ons op enige manier gelyk is aan Hom nie. Natuurlik is ons ver minderwaardig, nee, oneindig minderwaardiger as Hy, maar die patroon is daar, ons is soos iemand fisies, verstandelik en geestelik gevorm. Ons is ontwerp volgens die patroon van ons Skepper.

Die logiese gevolgtrekking wat ons kan maak is, dat ons sommige lesse kan leer oor wat God is, net deur te bestudeer wat die mens is. Een belangrike ding wat ons reeds geleer het, is dat die mens bestaan uit 'n liggaam en 'n gees en dat die twee dele een persoon en nie twee verskillende mense vorm nie. Kom ons lees nog een vers wat hierdie punt beklemtoon:



EN in die tweede jaar van die regering van Nebukadnésar, het Nebukadnésar 'n droom gehad, sodat sy gees onrustig geword het en dit met sy slaap gedaan was. (Daniël 2: 1)

Hier sê dit dat Nebukadnésar 'n droom gehad het, wat veroorsaak het dat sy gees onrustig geraak het. Wat beteken dit wanneer dit sê dat "sy gees onrustig was?" Was dit sy asem wat onrustig was? Natuurlik nie! Het dit beteken dat sy knieë saam geklap het? Nie noodwendig nie! Het hy baie gesweet? Nie noodwendig nie! Wat is dit wat onrustig was? Dit was sy gedagtes wat onrustig was! Binne-in was hy ontsteld. Daar sien ons hoe die Bybel die woord gees gebruik soos dit met mense verband hou.

Dit verwys na die innerlike deel van 'n persoon, na sy gedagtes of verstand. Niemand sou glo in die lees van hierdie vers dat dit beteken dat Nebukadnésar se vriend of broer onrustig was nie. Ons verstaan dat dit Nebukadnésar self was wat versteur was, maar op 'n innerlike vlak. Om dit te begryp, help dit ons grootliks om die natuur van ons Skepper te verstaan. Kom ons gaan nou na 1 Kor. 02: 11 Dit sê:



Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God. (1 Kor. 02: 11)

Niemand weet wat in 'n man is behalwe sy gees nie. Weet iemand regtig hoe 'n ander persoon is? Watter soort persoon is ek regtig aan die binnekant? Is ek regtig 'n Christen? Wat is ek in daardie oomblikke wanneer niemand kyk nie? Afgesien van God is ek die enigste persoon wat regtig weet wat ek is. Maar is dit my natuurlike liggaam wat my innerlike self ken? Nee! In my denke, my gees, weet ek wat ek is. Niemand ken die dinge van 'n mens behalwe sy eie gees nie!

Nou sê die vers: "**Selvs so (dit is op dieselfde manier) weet niemand die dinge van God behalwe die Gees van God nie.**" Hierdie vers vergelyk twee dinge baie duidelik. Dit vergelyk hoe die mens se gees met die mens verband hou en hoe God se Gees met God verband hou. Dit is een van die mees duidelikste verse in die Bybel wat ons help om te verstaan wat die Gees van God is. As 'n man se gees nie 'n afsonderlike persoon van die mens self is nie, is God se Gees nie 'n afsonderlike persoon van God self nie, anders maak die vers geen sin nie. Paulus sê: "**Die mens se gees is verwant aan die mens in dieselfde verhouding as wat God se Gees met God verwant is.**" Die mens se gees is nie 'n afsonderlike persoon van homself nie, en God se Gees is nie 'n afsonderlike persoon van homself nie. So God het 'n Gees en die mens het 'n gees. God se Gees is God self, maar nie sy liggaam nie. Die mens se gees is die mens self, maar nie sy liggaam nie. Nou wanneer ons hierdie waarheid verstaan, het ons, ons hand op een van die grootste sleutels gesit, wat die deur oopsluit om regverdigmaking deur geloof te verstaan!

Kom ons kyk na 'n paar feite wat ons verder sal help om vas te stel, wat hierdie "Gees van God" is. In 1 Konings hoofstuk 8 het ons 'n beskrywing van 'n geleentheid toe Salomo die tempel ingewy het. In vers 27 het Salomo gepraat oor God se alomteenwoordigheid, Sy vermoë om orals te wees op dieselfde tyd, hy het gesê:



Maar sou God werklik op die aarde woon? Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het. (1 Konings 8: 27)

Salomo het geweet dat God in die hemel op 'n troon sit, maar nog steeds het Hy gesê: "Die hemele kan U nie omring nie, selfs die hoogste hemel kan U nie bevat nie." Wat hy gesê het is: "die vorm wat op die troon sit, dit is nie al waaruit God bestaan nie. Daar is baie meer wat nie gesien kan word nie, daar is 'n geestelike vermoë waardeur God buite Sy liggaam beweeg en wat tot in elke deel van die heelal strek"

Lank gelede het ek met 'n broeder gesels, en hy het gesê, "God is oral, maar nie persoonlik teenwoordig nie. Dit is deur sy engele dat Hy op alle plekke teenwoordig kan wees. Daar is oral engele en hulle sien alles en dan gaan hulle terug en hulle doen aan God verslag.

"Toe hy dit gesê het, het ek besef dat sy konsep van God baie beperk was. Maar die waarheid is dat baie ander Christene ook dieselfde glo. Terwyl hulle glo dat God deur die Heilige Gees teenwoordig is, dink hulle dat die Heilige Gees 'n ander persoon is, en nie die Vader self nie! So die Vader self is nie eintlik teenwoordig nie, dit is net die Heilige Gees, 'n afsonderlike persoon van die Vader. So in hulle denke is die Vader beperk in mag en is Hy slegs op sy troon in die hemel teenwoordig. Jeremia sê dieselfde as Salomo:



Is Ek 'n God van naby, spreek die Here, en nie 'n God van ver nie? Sou iemand homskuilplekke kan wegsteek dat Ek hom nie sien nie? spreek die Here. Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die Here. (Jeremia 23: 23-24)

Nou let op, God sê nie dat Hy binne in die hemel en die aarde woon nie, maar dat Hy die hemele en die aarde vul en dat Hy in elke uithoek van die heelal is. Watter soort persoon is hierdie wese? Wanneer ons hierdie vraag besin, sien ons hoe klein ons werklik is en hoe groot God regtig is. God het hierdie waarheid op verskeie plekke versterk. In Matthéüs 10: 29-30. Daar word gesê:



Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie. En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel. (Matthéüs 10: 29-30)

Ek weet nie hoeveel voëls elke dag sterf nie. Toe ek nog 'n stoute seun was, het ek baie van hulle doodgemaak met 'n slinger. God het van elke een geweet wat ek dood gemaak het. Selfs wanneer ons elke dag loop, word daar baie insekte dood getrap deur ons. God ken elke een wat sterf, of dit nou 'n insek, dier of mens is. Nog meer verbasend is, die gedagte dat God al die hare op ons koppe getel het.

Hoeveel hare is op my kop? Wat van al die hare op al die koppe op die hele planeet? Weet God regtig hoeveel hare op elke persoon se kop is? Sulke kennis is wonderbaar! Hoe kan ons dit alles verstaan?

Maar die vraag is, hoe weet God? Hoe hou Hy tred? Dit is omdat Hyself in 'n intieme en persoonlike kontak met elke deel van Sy groot skepping is. Dit is omdat Hy alomteenwoordig is! **Deur Sy Gees is Hy oral!** Dit is wonderlik om na te dink. Die gedagte laat 'n persoon deur die vallei van die doodskaduwee loop en geen kwaad vrees nie!

Kom ons oorweeg die volgende feit: As die Heilige Gees 'n afsonderlike persoon van God die Vader was, dan sou dit beteken dat God die Vader nie eintlik by ons teenwoordig is nie. Dit sou beteken dat dit 'n derde persoon is wat hier is, as God die Vader, en dit sou beteken dat die Vader self nie werklik alomteenwoordig is nie. Die lid van die Godheid wat regtig kragtig sou wees, sou die Heilige Gees wees. Ons kan sien hoe dit van die Vader se glorie wegneem, maar meer as dit, op 'n praktiese wyse vernietig dit ons verhouding met God die Vader!

Baie jare gelede het ek aan hierdie dinge gedink en aangesien ek geglo het dat die Heilige Gees 'n individu op Sy eie was, het ek geredeneer: "As ek tot die Vader bid, en ek bid vir die Seun waarom moet ek nie ook bid tot die Heilige Gees nie?" Daarom het ek besluit om ook tot die Heilige Gees te bid. Toe ek dit begin doen, het my godsdienstige ervaring versleg.

Ek kon nie die teenwoordigheid van God ervaar tydens my gebedsuur soos ek normaalweg gedoen het nie en ek het gewonder hoekom dit so is, en so het ek van iets bewus geword.

Ek ken die Vader, die Bybel vertel my wie en wat Hy is. Ek het 'n beeld gevorm in my kop. Ek ken ook die Seun, ek het ook 'n beeld van Hom wie, wat en hoe Hy is, soos verklaar in die Bybel. Maar ek ken nie die Heilige Gees nie. Maar wat vertel die Bybel my oor die Heilige Gees? Die Heilige Gees word verteenwoordig deur water, deur vuur, deur olie, deur 'n duif, en deur 'n wind. Ek kon nie met een van hulle 'n verhouding hê nie. Ek het probeer om te bid na iets wat ek nie geken het nie. Geen wonder dat ek nie kon deurbreek nie!

Toe ek dit verstaan, het dit my ook gehelp om iets anders te verstaan. In baie kerke waar aanbidding op die Heilige Gees fokus, is daar dikwels wanordelike en vreemde gedrag. Mense spring oor banke, rol op die vloer maak harde geluide en oor die algemeen gedra hulle hulself op 'n baie wanordelike manier. Hoekom?

Het Jesus ooit oor banke gespring of op die vloer gerol terwyl Hy aanbid het? Demoon besete mense het hulself so gedra in Bybel se tye, maar nie Christus nie. En wat van die Vader? Al wat ons weet is, Hy praat van ordelikheid en welvoeglikheid en verstandigheid. Maar wanneer Christene te doen het met iets wat hulle nie ken nie, is daar gevolglik probleme. Wat weet hulle van die sogenaamde "derde persoon", naamlik die Heilige Gees? Hulle weet dat "Hy" krag het! Dit is al wat hulle van hom weet. **Hulle sien krag sonder karakter en krag sonder persoonlikheid!** So hulle enigste ware belangstelling in die Heilige Gees is die krag wat hulle ontvang, eerder as Sy karakter. Dit is die logiese gevolgtrekking wat ons maak van "aanbidding" aan 'n God wat ons nie ken nie.

Maar wanneer ons verstaan dat die Heilige Gees, die Gees van die Vader is, die manier waarop Hyself persoonlik by ons teenwoordig is, is ons nooit wanordelik nie omdat ons weet in wie se teenwoordigheid ons is.

As gewone mense kan ons enige plek in die wêreld besoek deur net ons verbeelding te gebruik. Deur net ons oë toe te maak, kan ons in ons verbeelding sien en op 'n manier plekke ervaar wat aan die ander kant van die wêreld geleë is, maar ons almal weet dat dit nie die regte en egte ervaring is nie. Die foto wat ons sien, die ervarings waarna ons smag, bestaan net in ons gedagtes.



Maar wat ons in ons gedagtes bedink, is alles by God moontlik om te doen, want terwyl ons in die basiese vorm van God geskape is, is Hy veel groter! Wat ons net onself verbeel is by Hom 'n normale lewenstyl. Dit wat hy sien, gebeur! Terwyl Hy op een plek is, is Sy lewenskrag, Sy energie, Sy persoonlikheid besig om te vloei na elke deel van die heelal! **Hierdie alomteenwoordige aspek van God, is waarna die Bybel verwys as die Heilige Gees of die Gees van God.**

Kom ons haal nog een gedeelte aan. Psalm 139: 7 sê:



Waar sou ek heengaan **van u Gees** en waarheen vlug van u aangesig? (Psalm 139: 7)

Hier verduidelik Dawid dat die Gees van God dieselfde is as die teenwoordigheid van God. Dawid het verstaan dat God alomteenwoordig is; dat daar nog nooit 'n plek was wat hy heen kon gaan waar God nie is nie. Dit is belangrik om dit te verstaan. Om dit te verstaan, sal ons verhouding met God verander en ons aanbidding sal verander. Ons sal 'n fondament hê waaruit ons die waarheid van geregtigheid in Christus werklik kan verstaan. Een vers bind dit alles saam. In 1 Korinthiërs . 6: 17. Dit sê,



Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom. (1 Korinthiërs. 6: 17)

Kom ons kyk noukeurig na wat hierdie vers sê. Hoe verbind 'n mens twee stukke yster saam? Dit is deur sweiswerk. Hoe verbind ons twee plante saam? Dit is deur enting. Maar hoe kan twee geeste verbind word? Net God weet! Maar God sê dat dit is wat gebeur. Ons kan twee stukke yster saamsmelt, en ons kan sien dat twee plante een maak, maar ons kan nie sien wanneer twee geeste saamgevoeg word nie. **Tog sê God dat dit gebeur. Hierdie deel van God (Gees) kom en verenig met die gees van die mens.** Dit is een van die wonderlikste waarhede in die Bybel. Hierdeur word die mens 'n deelgenoot van die lewe van God.

NOTAS

HOOFSTUK 6

LEWE IN CHRISTUS

Wat is lewe? Daar is geen mens wat 'n perfekte antwoord op hierdie vraag kan gee nie. As die mens hierdie vraag kon beantwoord, sou ons waarskynlik al self lewe geskep het. Maar die beste wat ons kan doen is om die eienskappe of kenmerke van “**lewe**” te beskryf en te wys hoe dit, dit self openbaar.

Tog is dit 'n baie belangrike vraag omdat dit in die Bybel oor en oor as die mens se grootste probleem verduidelik word, die afwesigheid van lewe. **Die mens word beskryf as dood en benodig lewe.** Ons word vertel dat hierdie lewe is gegee in Christus Jesus. Die vraag is, is ons werklik, letterlik, in werklikheid iets gegee, of is dit net 'n tipiese manier waarvan die Bybel praat?

Wanneer 'n persoon lewe ontvang, wat ontvang hy? Byvoorbeeld, Lasarus wanneer hy dood was. Wat was daar van hom weggeneem? Wat het hom bewusteloos gemaak? Wat het sy verstand en liggaam afgeskakel sodat hy nie beter was as 'n stukkie stof nie? Wat was weg? Was dit 'n vonk van elektrisiteit, was dit 'n asem van lug wat van sy longe geneem was? Ons weet van beter as dit! Al die elektrisiteit en lug in die heelal sal nie 'n dooie persoon kan terugbring nie. Die lewe is 'n element wat God alleen besit en wat Hy self alleen kan oordra of gee. Ons weet dalk nie wat dit is nie, maar ons weet dat dit bestaan en dat dit iets baie werklik en kosbaar is.

Sodra 'n wese gebore word, weet ons of dit lewe of nie, deur na sekere aanwysers te kyk. In die geval van diere soek ons na onafhanklike beweging, reaksie op aanraking - iets wat aandui dat hierdie dier die vermoë het om sekere funksies uit te voer. As hierdie funksies duidelik gesien kan word, sê ons die ding is lewendig. As hierdie funksies nie teenwoordig is nie, sê ons dit is dood.

VERSKILLENDE SOORTE VAN LEWE

Wat ook al lewe is, in plante, mense, diere, insekte, voëls, visse, mikrobies, almal het deel daaraan. Miskien wanneer ons na die basiese fundamentele definisie daarvan kyk, is alle lewe dieselfde.

Dit is dieselfde vonk van energie wat die mier lewe gee, wat ook aan die mens lewe gee. Een ding is egter seker en dit is dat die lewe homself anders in verskillende organismes manifesteer en in hierdie sin kan ons sê dat daar verskillende soorte lewe is.

Die oomblik vanaf geboorte sal 'n voël optree soos 'n voël, 'n vis soos 'n vis, 'n hond soos 'n hond en 'n mens soos 'n mens. Daar is sekere soorte gedrag wat nie aangeleer hoef te word nie, omdat dit inherent deel van daardie lewe is en 'n integrale deel van die organisme is wat so 'n lewe ontvang het. Met ander woorde, lewe is nie iets wat geleer of ontwikkel word nie.

Lewe is iets wat geërf word, wat by geboorte teenwoordig is en die eienskappe sal hê wat bepaal hoe die organisme sal optree en watter soort skepsel dit sal wees. Maak nie saak hoe dit probeer, of hoe dit leer nie, 'n hond sal nooit 'n kat wees nie. In die beste probeerslag sal die opvoeding van 'n hond in katgedrag slegs 'n baie verwarde en swak aangepaste hond tot gevolg hê!

GEESTELIKE EN FISIESE LEWE

'n Geestelike lewe kan op meer as een manier verstaan word. Kom ons definieer wat ons bedoel wanneer ons praat van 'n geestelike lewe. Dit kan verwys na die toestand en bestaan van geestelike wesens - die soort en die kwaliteit van lewe waarin hulle bestaan. By hierdie definisie besit alle geeste 'n geestelike lewe, insluitende God, die engele en selfs demone. Dit is 'n soort bestaan wat nie fisies is nie. Dit is egter nie die soort geestelike lewe wat ek hier wil bespreek nie.

Dit is moontlik vir 'n mens in ons fisiese ligamlike toestand, hier en nou, om ook 'n sekere soort lewe te ontvang wat ons ook 'n geestelike lewe kan noem en dit is wat ons nou wil bekyk. Hoe definieer ons hierdie geestelike lewe? In hierdie konteks waarvan ons praat, is 'n sekere soort lewe wat God aan diegene gee wat Christus voortbring. Hierdie lewe beïnvloed ons op 'n geestelike vlak, dit wil sê, dit beïnvloed ons gedagtes eerder as ons liggame. Dis hoekom ons daarna verwys as 'n geestelike lewe. **Hierdie lewe is 'n gawe van God deur Jesus Christus, en kan op geen ander manier verkry word nie.**

Een van die belangrikste dinge wat ons moet verstaan, is die aard van hierdie lewe en hoe werklik dit is. Dit is ook belangrik om te verstaan hoe hierdie lewe verkry en ontvang kan word!

IS GEES EN LEWE DIESELFDE



"Want soos die liggaam sonder die **GEES** dood is, so is die geloof sonder werke ook dood" (Jakobus 2:26)

Wat maak die mens dood? Die Bybel sê dit is die afwesigheid van die **gees**. Dit stem ooreen met Genesis 2: 7 wat ons vertel hoe die mens lewe die eerste keer ontvang het. Dit sê dat God die "asem", of die "**gees**" van lewe in die neus van die mens ingeblaas het en dit het die mens 'n lewende siel gemaak.

In die Bybel verteenwoordig "**gees**" die sleutel bestanddeel wat 'n mens lewend maak. Die volgende verse illustreer dit baie duidelik.



"En haar **gees** het weer gekom, en sy het dadelik opgestaan. En hy het bevel gegee om haar iets te ete te gee." (Lukas 8:55)

"En toe hy dit gesê het, het Hy die laaste **ASEM** uit geblaas" (gees opgegee) (Lukas 23:46)

"Jesus ontvang my **gees**" (Handelinge 7:59)

In hierdie en in baie ander verse sien ons die duidelike leer dat die **gees** (wat dit ook al is) die lewensbelangrike bestanddeel is wat 'n mens lewe skenk. Wanneer die **gees** weg is, is die persoon dood, en wanneer die **gees** terugkom, kom die persoon terug. Natuurlik is daar baie Christene wat glo dat die **gees** 'n werklike individuele entiteit is wat op 'n bewuste vlak kan voortbestaan nadat 'n individu dood is. Hulle glo dat hoewel die liggaam ophou om te funksioneer, die **gees** steeds in 'n nie-fisiese wêreld leef en funksioneer. Dit is 'n vals idee wat nie deur die Bybel ondersteun word nie en dit lê die grondslag vir baie valse oortuigings soos die leer dat die mens dadelik na sy beloning in die hemel of na 'n ewige brandende hel gaan.



Dit lei ons ook om te glo dat dit moontlik is om met dooie mense te kommunikeer, of die ewe gevaarlike idee dat God se Gees 'n derde individuele persoon is, onafhanklik van God en Jesus. In 'n poging om hierdie valse oortuigings teen te werk, het sommige aan die ander kant na die uiterste gegaan! Hulle beperk die gees tot gedagtes en idees, en ontken dat die **gees** 'n werklike komponent is wat uit een of ander soort energie bestaan; 'n letterlike element wat ons nie kan definieer nie. Albei uiterstes is vals en ontken wat die Bybel sê. Om die een of die ander te omhels, sal ons lei tot 'n pad wat ons verder en verder van die waarheid sal weg dwing.

Dus, hoewel ons lewe nie kan definieer nie, weet ons dat ons dit besit. Die lewe is 'n baie werklike, letterlike en waarneembare element wat bestaan en word na as ons “**gees**” verwys. Dit geld ook vir God. God se **lewe** word ook na verwys as die “**Gees van God**”.

DIE NATUUR VAN DIE MENS

Een van die hoofredes waarom daar misverstande en onenigheid is oor die onderwerp van geregtigheid deur die geloof, is dat daar 'n verwarring is oor die natuur van die mens en dus ook outomaties verwarring oor die “**werklike probleem van die mens**”. Sommige glo dat die mens se probleem regtig 'n fisiese een is en daarom glo hulle ook dat die oplossing 'n fisiese een moet wees. Hulle glo dat die werklike rede waarom die mens sonde pleeg, is omdat hy 'n swak, gevalle en sondige liggaam het wat hy van Adam geërf het. Hulle glo dat as ons met Christus se hulp hierdie liggaam onder dissipline kan bring, dan sal ons kan stop om sonde te pleeg.

Maar die waarheid is, daar is twee kante van die mens se “natuur”. Daar is die fisiese en die geestelike. Die mens het 'n gees so ook vlees; 'n gedagte as ook 'n liggaam. Wat is die mens se werklike probleem? Wat maak hom regtig 'n slaaf van sonde en 'n vyand van God?

Is dit sy vlees of is dit sy gees? Is dit sy liggaam of is dit sy verstand? Let op wat God vir ons in sy Woord sê:



"Want die vleeslike verstand is vyandskap teen God, want dit is nie onderworpe aan die wet van God nie, en dit kan ook nie." (Romeine 8: 7)

Dit is baie duidelik. Die mens se probleem is dat hy 'n "**vleeslike verstand**" het, hy het 'n korrupte gees wat nie in staat is om goed te doen nie. Die gedagtes van 'n sondige mens is net kwaad en daarom is dit onmoontlik vir hom om goed te doen. Die probleem is nie sy liggaam nie, maar sy verstand. Die mens se probleem is nie 'n fisiese een nie, maar 'n geestelike een en dit moet op 'n geestelike vlak opgelos word, nie in die fisiese nie!



Want van binne, uit die hart van die mense, gaan slegte gedagtes, egbreuk, hoererye en moorde voort. (Markus 7:21)

Dit is waar dat die Bybel dikwels praat van die "**vlees**" of die "**liggaam**" as die probleem. Byvoorbeeld in Romeine 8: 8 sê dit dat diegene in die "vlees" God nie kan behaag nie. Maar die volgende vers, Romeine 8: 9, wys dit vir ons dat dit nie praat van letterlike vlees en bloed nie, maar van die vleeslike verstand of die sondige gees.



"Maar julle is nie in die **vlees** nie, maar in die **Gees**, so ja, dat die **Gees van God** in julle woon. En as iemand nie die **Gees van Christus** het nie, is hy nie een van sy nie." (Romeine 8: 9)

Romeine 6: 6 vertel ons ook dat die "**liggaam van sonde**" deur ons eenheid met Christus vernietig is. Maar dit is duidelik dat ons nog steeds ons "vlees en bloed" liggaam het, en dit is steeds swak en ly die gevolge van sonde selfs nadat ons Christene geword het. Dit is dus duidelik dat die Bybel nie van ons letterlike liggame praat as dit van ons "liggaam van sonde" praat nie, maar weer praat dit van die vleeslike verstand, die geestelike deel van ons wat die werklike probleem is.

DIE NATUUR VAN DIE MENS SE LEWE

Wat is die aard van 'n mens se **lewe**, of 'n mens se **gees**? Van nature het die mens 'n **lewe** wat swak, vleeslik en inherent korrup is, en daar is niks wat die mens daaraan kan doen nie. Die swak, vleeslike "**natuur**" is iets wat hy geërf het; dit is die lewe wat aan hom oorgedra is, oorgedra van geslag tot geslag oor 'n periode van ses duisend jaar. Die **lewe** wat ons leef weerspieël ons "**natuur**". Wanneer ons **lewe** by bevrugting ontvang, ontvang ons ook ons **natuur**. Om hierdie rede gedra 'n hond wat as 'n hond gebore is, natuurlik soos 'n hond, en 'n vark tree op soos 'n vark omdat dit die **lewe** is wat elkeen geërf het. Net so sal 'n mens altyd soos 'n mens optree, maar nog belangriker sal hy as 'n sondaar optree, met die neiging om altyd verkeerd te doen, want dit is die **natuur** wat hy by geboorte ontvang het. Sy **natuur** het te make met die **lewe** of die **gees** wat hy geërf het.

Nou kan ons verstaan dat ons 'n "**sondige natuur**", of 'n "**sondige gees**", geërf het en dat hierdie geaardheid die kern is van wat ons is, op beide die fisiese en geestelike vlakke. Fisies word ons gebore met dieselfde genetiese swakhede soos die hele mensdom.

Geestelik word ons ook gebore met dieselfde gevalle, korrupte gees. Solank mens, mens is, sal hulle die gevalle vleeslike gees of natuur hê, en hulle sal nie in staat wees om werklik die sonde te weerstaan nie. Dit is onmoontlik dat enige skepsel in die heelal hom in stryd met sy natuur gedra. **Die mens word vleeslik gebore, en sal 'n vleeslike lewe leef.**

VALS GODSDIENS

Een van die eienskappe van alle valse godsdienste is dat hulle ons laat fokus op die fisiese (liggaamlike) vlak van ons **natuur**, of op ons uiterlike dade of aksies.

Deurgaande beproewing van die liggaam, streng dissipline, rituele en seremonies en met uiterlike waardes probeer die mens die probleem van sy verdorwe vleeslike natuur oplos. Maar hierdie konsepte en maniere is baie, baie verkeerd! Dit is die grondslag van wetlikheid; 'n godsdienste gebaseer op reëls. Hierdie konsepte lei tot die idees wat die mensdom moet doen om sonde te oorkom, en om sy liggaam en verstand in gehoorsaamheid aan 'n stel voorgeskrewe reëls te bring.

Dit moet weer en weer gesê word, die mens se probleem is nie aan die buitekant nie! **Dit is nie sy vlees wat moet verander nie, maar sy gees of sy verstand.** Hy het 'n nuwe gees nodig! Hy het die verstand of lewe van Christus nodig. So kan ons sien, al wat ons nodig het, is 'n nuwe gees, waar sal ons dit kry?

Sal ons dit skep?

Sal ons dit ontwikkel?

Sal ons dit in 'n leeftyd met moeite produseer?

Kan ons van uit onself en deur ons eie pogings soos Christus word?

Nee nee nee! Die Bybel sê dat ons dit slegs as 'n gawe van God kan ontvang. Dit is 'n bonatuurlike werk, dit is iets heeltemal buite die mens se vermoë om te bereik. As ons hierdie nuwe gedagte of lewe wil bekom, moet ons dit as 'n geskenk van Christus net deur geloof ontvang! Daar is absoluut geen ander manier nie. Geen mens se poging kan 'n sondaar in 'n heilige verander nie. Geen hoeveelheid dissipline kan 'n vleeslike verstand in 'n geestelike verstand verander nie.! 'n Nuwe natuur, of 'n nuwe soort wese, moet die eksklusiewe werk van God in Christus wees!"

As 'n mens nie wedergebore word nie, kan hy nie die koninkryk van God ingaan nie.



Tensy 'n mens uit water en Gees gebore word, kan hy nie in die koninkryk van God ingaan nie." (Johannes 3: 3-5)

Dit is die antwoord op die mens se sonde probleem. Dit is die enigste antwoord! Elke mens wat hoop om die ewige lewe te hê, moet wedergebore word, want dit is die enigste manier waarop sonde oorkom kan word. Hy moet wedergebore word in die **gees**. Wat beteken dit? Onthou dat die **gees** die **lewe** is. Jesus het gesê: "Die mens se **gees** is die "mens se lewe" en God se **Gees** is "God se lewe".

Wat Jesus gesê het, is dat die enigste manier waarop die mens die “mag van die sonde” kan ontvlug en kan kwalifiseer vir God se koninkryk, is om God se eie lewe of **God se eie Gees** te ontvang. Die mens moet 'n **natuur** kry wat heeltemal anders is as sy eie korrupte gees.

Daar is baie mense wat by hierdie wonderlike waarheid struikel. Sommige weerstaan die idee dat die mens letterlik deel kan hê aan die lewe van God. Vir hulle is dit 'n lasterlike idee om voor te stel dat die mens en God letterlik dieselfde lewe kan deel. Hulle vrees dat dit die mens kan lei tot selfverheffing of dat dit ons kan dryf en lei na die onderrig van pantheïsme. Maar wanneer die woord van God iets baie duidelik leer, hoef ons nie bang te wees daarvoor nie. Ons moet eerder bang wees om dit te verwerp. Dit is ons wanopvatting wat opsy gesit moet word eerder as die woorde van God!

"Ek het gekom dat hulle die **lewe** kan hê en dat hulle dit meer oorfloediger kan hê."
(Johannes. 10:10)



"..... Jou liggaam is die tempel van die Heilige Gees wat in jou is, wat julle het van God, en julle is nie julle eie nie?" (1 Korinthiërs. 6:19)

Maar hy wat by die Here aangesluit het, **is een gees.**" (1 Korinthiërs. 6:17)

"Ek in hulle en jy in my, sodat hulle perfek in een kan word." (Johannes. 17:23)

Daar is dosyne van hierdie verse in die Bybel wat almal dieselfde groot waarheid leer. 'n Christen word letterlik en werklik 'n kind van God, omdat hy letterlik die "**lewe van God**" ontvang. Is dit nie wat gebeur as ons ouers kinders kry nie? Hulle word ons seuns en dogters omdat hulle ons "**lewe**" ontvang en dit is die rede waarom hulle soos ons optree? Dus, die Woord van God sê vir ons dat dit die manier is waarom ons soos God kan optree, omdat ons 'n nuwe soort skepsel is. Dit is omdat ons hierdie Goddelike **lewe** in ons het, en dit is 'n **lewe** wat nie kan sondig nie.



"Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie; want sy nageslag bly in hom, en hy kan nie sondig nie, omdat hy uit God gebore is." (1 Johannes. 3: 9)

Dit is die waarheid. Mense kan nie sonde oorkom omdat hulle hard probeer om te doen wat reg is nie!

Hulle kry ook nie die oorwinning deur worsteling en gesukkel teen versoeking nie!



"Want ek weet dat in my, dit is in my vlees, niks goed is nie; want die wil is by my teenwoordig; maar hoe om te doen wat goed is, vind ek nie." (Romeine. 7:18)

Sulke metodes is tevergeefs en frustrerend. Hulle kan jou nooit tot oorwinning lei nie, want ons kan nie ons **natuur** weerstaan nie. Die enigste hoop is dat ons 'n **nuwe natuur** of 'n **nuwe lewe** kan ontvang, en dit is wat God ons gee wanneer Hy ons Sy Heilige Gees gee. Dit is sy **eie natuur**, Sy eie **volmaakte lewe** wat nie deur sonde aangeraak kan word nie.



"Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood." (Romeine. 8: 2)

DIE WOORD OF DIE GEES?

Daar is nog een belangrike vraag wat beantwoord moet word. Wat is dit wat 'n sondaar in 'n heilige verander?: Is dit die woord van God of is dit die Gees van God? Of is dit dat die woord van God dieselfde is as die Gees van God?

Jesus het gesê:



"Die woorde wat ek met jou spreek, hulle is **gees** en hulle is die lewe." (Johannes 6:63)

Dit kan lei tot die geloof dat Christus nie letterlik in sy kinders leef nie, en dat dit nie eintlik God se lewe is wat letterlik verenig met die lewe van 'n Christen nie!

Sommige Christene glo dat dit beteken dat as ons die woorde van die Bybel lees, word ons deur die woorde verander. Ons ontvang die gedagtes van die Bybel en die woorde verander ons gedagtes sodat ons gedagtes soos die gedagtes van God word en dit is wat dit beteken om te sê dat ons die lewe van Christus het; of wat veroorsaak dat ons dink op dieselfde manier as wat Hy dink. In Johannes 5:39 het Jesus gesê:



Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. (Johannes 5:39)

Die betekenis van hierdie stelling word beter verstaan as ons dit lees in 'n ander weergawe as die King James. Ons sien dat wat Jesus regtig gesê het, was: "Julle ondersoek die Skrif ..." Hy het hulle nie beveel om die geskifte te bestudeer nie, maar eerder gereageer op hul gewoontes om die Skrif te ondersoek en te glo dat hierdie praktyk hulle die ewige lewe gewaarborg het.

Die Jode was lief om die Skrif te lees, maar wat was hul doel daarmee? Hulle het gedink dat die ewige lewe in die Skrif beskikbaar was. Hulle het gedink dat hulle die seën van God sou ontvang en deur die woord gevoed sou word. Maar Jesus het hulle die ware betekenis van die Skrif uitgewys,



"... en dit is hulle wat van My getuig ..." (Johannes 5:39)

Dit is die bedoeling van die Skrif, om van Christus te getuig. Die Jode lees die geskifte en dink dat in die lees en memorisering van die woorde hulle "**die lewe**" sou kry. Maar woorde kan ons nooit lewe gee nie. Die doel van die woorde is om ons na Christus te lei, die een wat die "**ware lewe**" is, en die enigste een wat ons die ewige lewe kan gee.

Soos Paulus in Galasiërs 3:24 sê:



"die wet was ons skoolmeester om ons na Christus te bring" (Galasiërs 3:24)

"Jesus het voortgegaan deur te sê:



"Julle sal nie na My kom om **die lewe** te hê nie." (Johannes. 5:40)

"Ek is die weg, die waarheid en **die lewe**" (Johannes. 14: 6)

Wat 'n tragiese prentjie! Die Jode het die Skrifte deursoek en bestudeer, hulle kon elke leerstuk verduidelik het, en hulle het ook seker gemaak dat hulle die woorde van "die skrif" kon memoriseer, selfs gedeeltes afgeskryf en aan hulle klere vasgework wat hulle gedra het. Hulle het ook dit teen die mure van hul huise geskryf. Maar hulle het die hele punt gemis van dit wat hulle gelees het!

Maar al hierdie woorde het net een punt gehad, een doel, en dit was om hulle na Christus te lei. Tog, terwyl hulle die woorde wat van Christus gepraat het, aangeneem het, het hulle Hom verwerp, die lewende realiteit waarna hierdie woorde hulle gelei het. Paulus sê vir ons:



"As daar 'n wet gegee is wat die lewe kon gee, sou die wet regverdig wees." (Galasiërs. 3:21)



Maar dit was nie moontlik nie. Woorde kan ons nie lewe gee nie! Maak nie saak hoe ons hulle memoriseer nie, maak nie saak hoe ons aan hulle dink nie, ongeag hoe mooi hulle die waarheid uitdruk, woorde kan ons nie **die lewe** gee nie.! **Dit is net Christus self, die lewende Woord van God wat Homself gegee het**; nie deur raadgeving of opvoeding of deur ons gedagtes op te wek nie, maar deur die inplanting van **Sy eie lewe, Sy eie lewenskrag, die Heilige Gees, en om ons 'n deelgenoot van die lewe van God te maak**, die Goddelike natuur. Daarom sê Paulus weer vir ons:



"... die letter maak dood, maar die gees maak lewend." (2 Korintiërs 3: 6)

"Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid." (2 Korintiërs. 3:17)

Die woord is natuurlik baie belangrik vir ons, en om te lewe! Ons moet die Woord bestudeer, en ons moet dit verstaan, maar net omdat dit ons in staat stel om Christus te vind en aan Hom vas te hou. **Dit is Hy en Hy alleen wat ons “DIE LEWE” kan gee! Amen!**

NOTAS

DIE OPENBARING VAN GOD

HOOFSTUK 7

MET N OOP GESIG

Een van die vreeslikste gevolge van **sonde** is dat dit ons konsep van God verwoes het! Dit is die tragedie van die eeue! Die grootste doel van die herstelplan is die hernuwing van "'n ware begrip van God." Die bewys van die verskriklike verdraaidheid word geïllustreer in die gedrag van ons eerste ouers nadat hulle God ongehoorsaam was.



En hulle oë het albei oopgegaan, en hulle het geweet dat hulle naak was. en hulle het vyeblare bymekaar gemaak en voorskote gemaak. En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy gewandel het in die koelte van die dag in die tuin. En Adam en sy vrou het hul voor die aangesig van die HERE God verberg onder die bome van die tuin. (Genesis 3: 7-8)

Adam en Eva het 'n plan van geheimhouding bedink voordat God hulle weer sou besoek. Hulle plan het ingesluit om naaldwerk te doen, blare van vye vas te werk en hulle naaktheid te bedek met die hoop dat hierdie voldoende sou wees om voor God te verskyn. Maar toe God verskyn, het hulle ontdek dat hul eie voorsiening nooit goed genoeg was om hulle te kwalifiseer om voor God te staan nie. Toe hulle sy stem hoor, het dit vir hulle onmiddellik duidelik geword dat daar niks was wat hulle kon doen om hul ellendige toestand te verbloem nie, en hulle het gevlug om van die aangesig van God weg te kom!



Kom ons let op dat dit nie God was wat hulle weggejaag het nie, en dit was ook nie God wat vir hulle weggekruipt het nie. God het hulle kom soek. God was nie onkundig oor wat gebeur het nie. Hy het presies geweet wat hulle gedoen het, maar het nogtans hulle kom soek. Het God se houding teenoor hulle verander omdat hulle die verbode vrugte geneem het? Absoluut nie!! Ware liefde verander nie. 'n Vader het sy kinders lief of hulle goed is of wanneer hulle sleg is. Of hulle misluk en of hulle suksesvol is, 'n goeie pa bly nog steeds net so lief vir hulle. So sê God:



"Ek is God en ek verander nie ..." (Maleági. 3: 6)

Daarom het God nog steeds gaan soek na Adam en Eva soos Sy gewoonte was, selfs toe hulle teen Hom opstandig geraak het. God se houding teenoor hulle het nie verander nie!

DIE VERBERGING VAN GOD SE GESIG

Maar iets het verander, en daar was geen twyfel daaroor nie. Die iets wat verander het, was die grootste en mees tragiese gevolg van sonde. Die mens het weg gehardloop om homself te verberg vir God, sy Vader en beste vriend. Die realiteit van hierdie verandering in die mens se houding teenoor God word in ander gevalle in die Bybel geïllustreer. Beskou Moses se ontmoeting met God op die berg Sinai.



En as my heerlijkheid verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek totdat Ek verbygegaan het. En as Ek my hand wegneem, sal jy My van agter sien; maar my aangesig kan nie gesien word nie. (Exodus 33:22-23)

In hierdie ontmoeting met Moses was God se optrede 'n illustrasie. God kon vir Moses 'n tipe gesig toon verberg in Sy heerlijkheid as Hy wou. Toe Jesus saam met twee engele aan Abraham verskyn het, het Abraham sy gesig gesien en met Hom van aangesig tot aangesig gepraat. So toe God vir Moses gesê het: "Jy kan my heerlijkheid nie sien en leef nie." Het God vir Moses 'n les probeer leer wat 'n dieper en geestelike implikasie het.



Jy kan my aangesig nie sien nie; want niemand sal my sien en lewe nie. (Exodus 33:20)

Dit was in antwoord op Moses se versoek: "Laat my tog U heerlijkheid sien." Dit is interessant wanneer ons dit vergelyk met iets wat die apostel Johannes sê in Johannes 1:14 sê. Hy sê:



"En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid." (Johannes 1:14)

Johannes sê: "Ons het Sy heerlijkheid gesien", maar God het vir Moses gesê: "Niemand sal My heerlijkheid sien nie ... niemand sal My aangesig sien en lewe nie." God het Sy gesig weggesteek en Moses het Hom van agter gesien.

Daar is geestelike implikasies hier wat ons moet bekyk. Wat verteenwoordig God se glorie? Dit is God se "**karakter**" wat voorgestel word as "**Sy heerlijkheid.**" In hierdie ondervinding met Moses het God die les geleer dat dit nie vir die mens moontlik was om die volle werklikheid van wat Sy karakter is, te sien nie. Sulke kennis sal te oorweldigend wees, en sal lei tot die vernietiging van die gevalle mens. So, wat het God gedoen? Hy het Moses Sy agterkant gewys. Hoe pas ons dit geestelik toe?



Die mens se sondigheid maak hom nie net bang vir God nie, maar dit verdraai ook die beeld van God in sy denke. Toe Adam en Eva van God weg gehardloop het om hulleself te verberg, het Hy niks gedoen dat hulle vir Hom bang moes wees nie.

Sy houding teenoor hulle het nie verander nie, maar tragies het hulle begrip van God verander en vanweë hul verdraaide beeld van God was dit nie moontlik vir hulle om Hom te sien nie!

VERSLUIER IN DUISTERNIS

God verander nooit! Elke probleem wat voortspruit uit hierdie sondige situasie, elke vrees wat ons van God het, elke voorbehoud wat ons oor God het, is gebaseer op ons verkeerde begrip van God, en dit is nie gebaseer op die realiteit van wie God is, of van wat God se ware houding teenoor ons is nie. God stel nie voorwaardes op vir ons voor Hy ons sal aanvaar nie. Hy sê byvoorbeeld nie: "As jy nie goed genoeg is nie, kan jy nie na my kom nie." Wanneer ons hierdie soort konsep van God het, is dit omdat ons steeds na Sy agterkant kyk, ons het nog nie Sy aangesig gesien nie. In 1 Konings 8: 12 lees ons:



Toe het Salomo gesê: Die HERE het gesê dat Hy in donkerheid wil woon. (1 Konings 8:12)

Dit is nou 'n vreemde vers, want op ander plekke word ons onder die indruk gebring dat God in verblindende lig woon. In elke beskrywing wat van Hom gemaak word, vind ons dat Hy deur verblindende lig weggesteek word, maar hier verklaar Salomo dat God gekies het om in die "digte donkerheid" te wandel. Hoe moet ons dit verstaan? Wel, God praat van die manier waarop Hy met die mens omgegaan het. In hierdie omgang met die mensdom moet God Homself verberg in duisternis, omdat menslike onkundigheid die mens nie in staat stel om die volle glorie van God te aanskou nie. So verberg God Homself in duisternis, nie ter wille van God nie, maar as gevolg van die beperkings van die mensdom en die verwronge beeld wat die mens van God het.

Die realiteit is dat hierdie wanopvatting so diep gewortel is in menslike denke dat selfs vandag, onder ons geleerdes in die Christelike kerk, is hierdie wanopvatting steeds teenwoordig en word ons verhouding met God op alle vlakke daardeur beïnvloed. Hierdie misverstande van God het die grootste impak op ons geloof en beperk ons vermoëns om die seëninge van God te ontvang.

Tog moes God in digte duisternis wandel met betrekking tot die mens as gevolg van die mens se onvermoë om die waarheid te ontvang van, wie **God regtig is. Hierdie duisternis omsingel nog steeds die denke van baie mense selfs in hierdie dag. Dit is ons werklike probleem! Maar daar is 'n wonderlike gedagte in 2 Korinthiërs. 4: 3-6 :**



Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie. Want ons verkondig nie onself nie, maar Christus Jesus as Here, en onself as julle diensknegte om Jesus wil. Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn — dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus. (2 Korinthiërs. 4:3-6)

Toe Moses gevra het, "**Wys my U heerlijkheid**" het God geantwoord "Jy kan my aangesig nie sien en lewe nie" so het God Sy rug aan hom gewys. Nou hier in die Nuwe Testament word ons die geestelik toepassing gegee.

Hier word ons vertel dat dit nou moontlik is om die “Heerlikheid van God” te sien en nog steeds te lewe, want God het daardie Heerlikheid geopenbaar in die aangesig van Jesus Christus! Daarom is dit vandag moontlik om na die gesig van God te kyk en nog te kan leef! Natuurlik, om na Sy gesig te kyk, sien ons nie 'n fisiese vertoning van lig nie. Wanneer die Bybel sê dat ons God se Glorie in die aangesig van Jesus sien, verwys dit na **God se Karakter of God se Natuur**. God se houding teenoor die mensdom kan gesien word in die volle aanskouing wat geopenbaar word in die “**gesig**” of in die lewe van Jesus Christus. Dit is die punt, en in ons studies van God moet ons Hom sien in die lig wat skyn in die gesig van Jesus. Indien nie, sal ons konsepte verkeerd wees!

HEERLIKHEID OORGEDRA

In die verhaal van Moses se ontmoeting met God op die berg Sinai word ons vertel van 'n baie interessante verskynsel wat plaasgevind het. Dit blyk dat deur die noue verbintenis met God, sommige van die “Heerlikheid ” op Moses oorgeplaas was.



En toe Moses van die berg Sinai afdal—die twee tafels van die Getuigenis was in die hand van Moses toe hy van die berg afgedaal het Moses nie geweet dat die vel van sy gesig blink omdat hy met Hom gespreek het nie. En toe Aäron en al die kinders van Israel Moses sien, het die vel van sy gesig geblink! Daarom was hulle bevrees om naby hom te kom. (Exodus. 34: 29-30)

Baie keer in die Bybel sien ons dat hierdie realiteit tentoongestel word. Waarhede wat verband hou met God se karakter word aangebied met 'n bedekte sluier, omdat mense nie in staat is om dit te verstaan nie. Totdat ons Jesus sien soos Hy is, sal die evangelie altyd vir ons bedek wees, iets wat met 'n sluier bedek is, swak en moeilik om te verstaan. **Maar God vertel ons dat hy in Jesus Christus die sluier verwyder het sodat almal wat belangstel, die volle glorie van God in al Sy prag kan sien.**



Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar ‘n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem. Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ‘n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is. (2 Korinthiërs . 3: 14-18)

Soos ons die gesig van Jesus onbedek sonder hierdie sluier sien, word ons in dieselfde beeld verander deur die Gees van God. Dit is wat God vir ons doen; Stap vir stap wys Hy ons die gesig van Jesus, sodat die sluier verwyder kan word en ons Hom kan sien en kan verstaan wie Hy en wat Hy werklik is

NOTAS

CHRISTUS SE NATUUR

HOOFSTUK 8

HOEKOM HET JESUS NOOIT GESONDIG NIE

Waarom het Jesus nooit gesondig toe al die ander mense gesondig het nie? Was dit net toeval of 'n sameloop van omstandighede dat net een man van al die biljoene wat ooit geleef het, nooit 'n sondige aksie uitgevoer het nie, selfs as 'n baba?

Ons het al gesien dat babas 'n humeur het en ons het ook al selfsugtige gedrag by babas waargeneem, selfs voordat hulle kan redeneer of verstaan. Het Jesus ook ooit sulke gedrag getoon?

As Hy 'n sondige gedrag getoon het, selfs as 'n baba (soos humeurig, woede, selfsigtige ens) sou dit gewys het dat Hy 'n korrupte geestelike geaardheid gehad het en self ook 'n nuwe denke moes ontvang. Hy sou self ook wedergebore moes word! Dit is waar dat 'n baba nie 'n bewustlike daad van sonde kan pleeg nie en daarom nie aan sonde skuldig kan wees nie. Maar 'n baba kan, en toon wel sondige gedrag wat toon dat hy van geboorte af 'n aangebore neiging het tot verkeerde gedrag en dat hy 'n sondige natuur het.

Aangesien Jesus nooit gesondig het nie, is dit duidelik dat Hy iets moes hê wat geen ander persoon gehad het nie. Maar wat was hierdie eienskap wat Christus anders gemaak het van elke ander mens, selfs as 'n baba?

FISIESE EN GEESTELIKE NATUUR

Laat ons eers kennis neem van 'n fundamentele waarheid: Elke persoon in die heelal besit 'n fisiese, materiële natuur wat afhanklik is van ons genetiese of fisiese eienskappe. Nietemin beskik elkeen ook oor 'n ander natuur, 'n geestelike natuur wat afhang van die toestand van sy gees.

Die mens se liggaam het 'n vleeslike of gevalle natuur. Dit is swakhede en neigings wat geneties oorgedra word.

Die mens het ook 'n vleeslike geestelike natuur. Hy het 'n verstand of gees wat heeltemal selfsugtig is en wat hom natuurlik sal lei om dinge te doen wat selfgesentreerd is. **Sonde is nie 'n kwessie van genetika nie! Sonde ontstaan in die verstand. Dit gaan oor die toestand van die verstand.**

DIE BRON VAN SELFSUG

Die enigste persoon in die heelal wat van nature onselfsugtig is, is God. Toe 'n Seun uit God gebore is, is hierdie onbaatsugtige natuur oorgedra aan sy Seun wat die lewe en natuur van Sy Vader geërf het.



“En die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is —“ (1 Johannes 1: 2)

Daarom is daar net twee Wesens in die heelal wat van nature onselfsugtig is en hulle is God en Sy Seun. Alle ander wesens is slegs “onselfsugtig” as hulle met God verenig word deur Sy Gees. Sonder hierdie eenheid of eenwording is hulle natuurlik selfsugtig en self-soekend.

Maar selfsugtigheid is nie 'n saak van die vlees nie. Selfsugtigheid is nie iets wat van gedrag afhang of hoe 'n persoon reageer op die wet nie. Selfsugtigheid is 'n kenmerk wat van binne kom, van die mens se verstand en is die natuurlike houding van alle mense wat van die Gees van God geskei is. Selfs al leer 'n mens om die wet te gehoorsaam of te onderhou, sal dit hom nie in 'n onselfsugtige persoon verander nie.

Opvoeding kan nie 'n persoon onselfsugtig maak nie. Om die Bybel te bestudeer, met betrekking tot die wet, kan hom nie onselfsugtig maak nie. Die enigste ding wat 'n persoon onselfsugtig kan maak, is gemeenskap met God. Daarom kon geen opvoeding, gemaak het dat Jesus Hom gedra het as Sy natuur nie 'n goeie natuur was nie.

Hier sê sommige dat Hy goed was, alleenlik omdat Hy gevul was met Sy Vader se Gees, maar dat Hy self van nature net so selfsugtig en korrup was soos alle mense. Dit is 'n totale vals idee. **As dit so was, waar kom hierdie selfsugtigheid en korrupsie dan vandaan? Hy het Adam se sondige vlees of natuur geërf, maar nie Adam se verstand nie.**

DIE GODDELIKHEID VAN CHRISTUS

Toe Hy na hierdie aarde gekom het, was Hy van Sy Goddelike krag en Goddelike heerlikheid gestroop. Wat het nog oorgebly van die Seun van God? Wat het Hom nog steeds die Seun van God gemaak?

Daar is sommige wat so ver gaan om te sê: Sy krag was weg, Sy glorie was weg, Sy verstand was weg, Sy natuur was weg, Sy karakter was weg - so wat het van die hemel gekom? Wat het van die Seun van God oorgebly? Volgens hulle teorie was Hy niks! Al wat oorgebly het, was 'n naam en dit moet 'n valse naam wees, omdat niks van die oorspronklike oorgebly het nie.

Wel, as dit waar was, dan was die enigste gevolgtrekking wat ons kan maak, dat Jesus nie die Seun van God was nie, en God kon net so maklik enige ander menslike baba geneem en dieselfde met hom gedoen het soos Hy met Christus gedoen het.

Diegene wat dit glo, het die waarheid vernietig dat Jesus die Seun van God is. **Kom ons onthou die waarheid, dat Goddelikheid nie net krag is nie, maar dit sluit ook die natuur in!**

Goddelike krag het te doen met die Almagtige vermoë van God om enigiets te doen, wonderwerke, wêrelde te skep en elke gedagte van Satan af te weer. Jesus het elke sodanige vermoë agtergelaat toe hy 'n mens geword het.



Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. (Filippense. 2: 5-8)

Die Goddelike natuur is 'n eienskap van bestaan wat God en sy Seun alleen as natuurlik besit, maar wat ook aan diegene wat die lewe van Christus ontvang het, gegee word. Hierdie eienskap is 'n aspek van God se natuur, wat Sy houding of denkwyse totaal anders maak as enige geskape wese! Toe Jesus na hierdie aarde gekom het, het Hy nie hierdie Goddelike natuur agtergelaat nie.




En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid. (Johannes 1: 14)

God is goed. Hy is volkome goed. Dit beteken dat Hy nooit 'n enkele aansporing van goedheid gehad het, wat nie geheel en al gebaseer is op liefde en onselfsugtigheid nie. Ons weet almal dat dit waar is. Hierdie eienskap is nie gebaseer op God se krag nie, en dit is ook nie gebaseer op God se kennis nie. Dit is die kern van God se natuur! Soos die Bybel ons leer, "**God is liefde.**" Dit is wat Hy is. Dit is die belangrikste eienskap van Sy bestaan en in waarheid, is dit hierdie goeie eienskap wat Goddelikheid skei van alle geskape wesens.

In teenstelling met wat sommige glo, is krag nie die belangrikste kenmerk van goddelikheid nie. As dit so was, sou Satan nader gewees het aan goddelikheid as die mens omdat hy veel meer krag het. Die belangrikste kenmerk van goddelikheid is dat God volkome goed is. Hy is suiwer liefde!

Jesus, as die Seun van God het hierdie (geestelike) natuur van goddelikheid, gekombineer met die gevalle (fisiese) natuur van Adam besit. Dit was Sy reg. Dit was by Sy geboorte, by nature, omdat Hy Heilig is. Hy was die Seun van God. Sy drang was om goed te doen, om te doen wat liefdevol is, te doen wat regverdig is, wat onselfsigtig is en dit was by nature.



Dit is egter duidelik dat die krag van God vir hom beskikbaar was en dat Hy sonder hierdie krag nie baie van die goeie dinge kon verrig het wat in Sy gedagtes opgekom het nie. Alhoewel Hy goed was in Homself by nature, moes Hy nogtans met die Heilige Gees gedoop word omdat Hy die krag van sy Vader nodig gehad het om die begeertes van Sy hart uit te voer.

In een sin, Christus moes neerdal na ons vlak. Hy het ons fisiese natuurlike aard met al sy laste op Homself geneem, verswak deur 4000 jaar van agteruitgang. Hier het Hy ten volle na ons vlak gekom. Maar nou dat Hy hier is, hoe kon Hy ons help as Hy geestelik in presies dieselfde situasie of posisie was? Hoe kan een man 'n ander uit die dryfsand trek as hyself in die dryfsand staan?

Nee, dit is onmoontlik! Jesus moes op 'n gunstige terrein staan alhoewel Hy na ons vlak neergedaal het. Hy moes 'n manier vind om die mensdom op te hef en dit kon nie in die mensdom gevind word nie, want daar is niks goeds in die mensdom nie.

Hy moes Goddelikheid na die mensdom bring en Hy kon dit net doen as Hyself ook Goddelik was. In Homself het Hy Goddelikheid met die menslikheid verenig en op hierdie manier het Hy die mensdom verhoog na die plek waar die mens ook die Seuns van God geword het.

Jesus het nie gekom om die mensdom te leer hoe om die Heilige Gees te ontvang nie. Enige ander persoon kon dit gedoen het, maar net die Seun van God kon die een wees, wat beide goddelik en menslik was, want Hy was albei. Dit was Hy, die Seun van God wat die mensdom nodig gehad het om gered te word!

KAN GODDELIKHEID VERSOEK WORD?

'n Verstand met Goddelike kragte kan nie versoek word nie, want so 'n verstand ken die einde van die begin af. Maar 'n Goddelike verstand sonder sy kragte wat die toekoms nie kan sien nie en wat nie alles weet nie, kan versoek word. Dit kan versoek word om die weg van self te kies eerder as die weg van oorgawe.

Dit is waar dat die kern van boosheid selfsugtigheid is en Goddelikheid heeltemal liefdevol en onselfsigtig is. Jesus was van nature onselfsugtig vanaf geboorte. Maar wat Satan sy hele bestaan probeer doen het, was om Jesus te kry om iets te doen wat nie uiters selfsugtig was nie, maar wat op eie gewin gegrond was.

Hierdie was 'n ander manier om Hom te onderwerp aan die beginsel van self, wat die grondslag van Satan se regering was.

Jesus se drie versoekings in die woestyn was illustrasies van hoe Satan probeer het om Hom te laat sondig.

Hy het Hom die eerste keer versoek om klippe in brood te verander. Dit het nie na selfsug gelyk nie, maar dit sou beteken het dat Jesus op **Sy eie inisiatief** sonder die Vader se meewerking, opgetree het. In werklikheid, het Satan Jesus versoek om Sy eie God te word. Jesus het aan Satan gesê dat die mens moet lewe volgens die woord van God. God moet elke aspek van die lewe rig en die mens moet self geen besluite alleen neem nie. Die volgende versoeking van Jesus was om van die tempel se dak af te spring en te bewys dat Hy die Seun van God was. Dit was 'n uitnodiging om te bewys dat Hy God se Seun was deur 'n wonderwerk te doen. Dit sou Sy besluit eerder as God s'n gewees het. Weereens, was Hy in die versoeking om sonder God se leiding te handel.



Derdens het hy aangebied om Jesus beheer oor die wêreld te gee sonder om te ly of te sterf, as Hy hom net sou aanbid. Dit was 'n aanbod vir Jesus om beheer te kry oor die wêreld, anders as die een wat God verorden het. Jesus het die voorstel onmiddelik verwerp.

Daar is twee geleenthede wat die Bybel onthul dat Jesus met self-begeerte geworstel het, in Getsemane en op Golgota. **Op geen ander tyd in Sy lewe het Hy ooit met die Vader se wil verskil nie. Maar selfs dan, wat het Jesus gesê? "As dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan, maar nie My wil nie, maar laat U wil geskiet."**

Het Jesus na 'n baatsugtige manier gesoek? Nee. Hy het gesê, "as daar 'n ander manier is dat hulle gered kan word sonder dat Ek van U geskei word, laat dit so geskied." Daar was geen baatsug hier in nie. As daar 'n makliker manier was, dan was dit nie nodig vir Hom om die moeilike pad te stap nie. Maar nou sien ons dat Hy in die versoeking gestel is om Sy eie weg te kies, eerder as die Vader se weg. Nie 'n selfsugtige manier nie, maar 'n selfbepalende manier.

Dit was die einste wortel van Lucifer se opstand. Selfsugtigheid beteken om aan self te dink in plaas van om aan ander te dink. Selfgedermineerdheid, die eie ek houding beteken om my eie manier eerder as om God se manier te kies, selfs al doen ek goed. Dit het te doen met geloof of die gebrek daaraan en beteken dat ek my eie wysheid bo God s'n vertrou. Selfs al doen ek goed vir ander en dit is selfgesentreerd, is dit sonde.

Maar moes Jesus stry en veg teen die versoeking om ontug te pleeg? Het Sy liggaam Hom getrek na wellustige begeertes dat Hy koue storte moes neem om af te koel? Het Hy gesukkel om nie suggestiewe woorde aan Maria en Martha te spreek nie en die drang weerstaan om hulle nie op onvanpaste plekke aan te raak nie? Absoluut nie! Maar daar is sommige wat glo dat Jesus met dieselfde versoeking versoek is, met dieselfde mate van intensiteit waarmee hierdie versoeking ons aantrek. Maar die Bybel sê dat sonde iets was wat Jesus gehaat het. Dit was nie iets wat Hom aan getrek het nie.



U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle; (Hebreërs 1:9)

Die Bybel sê natuurlik dat Hy in alle opsigte versoek is, net soos ons is. Wanneer ons egter na 'n paar dinge noukeurig kyk, word dit duidelik dat, alhoewel Hy in beginsel soos ons in die versoeking gely is, het Hy nie die versoeking soos ons in besondere ondervind nie.

Eerstens kan twee persone presies dieselfde versoeking deurgaen terwyl die een persoon dit onmoontlik vind om te weerstaan, het die ander een geen probleem daarmee nie. Die feit dat Jesus dieselfde versoeking moes deurgaen as wat ons het, en net so versoek is soos ons was, beteken nie dat Hy moes sukkel net soos ons gesukkel het met die versoeking nie.

Wanneer word versoekings onweerstaanbaar? Is dit wanneer dit vlugtig in ons gedagtes opkom, of wanneer ons begin dink aan die moontlikhede?



Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.. (Jakobus 1: 14-15)

Wanneer 'n man na 'n pragtige vrou kyk, wanneer is hy werklik versoek om saam met haar te gaan slaap? Is dit wanneer hy net na haar gekyk het, of is dit wanneer hy begin om gedagtes te koester wat tussen hulle kan gebeur? Elke eerlike persoon ken die antwoord.

'n Verleiding is net onweerstaanbaar of kragtig wanneer ons gedagtes koester oor hoe dit sou wees om in te gee. Wanneer 'n mens 'n besluit geneem het in jou gedagtes, om nie 'n sekere aksie uit te voer nie, dan verloor daardie aksie effektief alle mag om jou te versoek.

Ons kan Josef se reaksie op Potifar se vrou bekyk en vergelyk met Dawid se sonde met Batseba. Die versoeking het in Dawid se gedagtes 'n vastrapplek gekry terwyl hy op die dak rond gewandel het, sy oë vasgevang op die pragtige lyf van sy buurman se vrou terwyl hy die moontlikhede oorweeg het. Dit was nie so met Josef wat nooit vir 'n oomblik die gedagtes gekoester het om in die bed met sy meester se vrou te wees nie.

Nou, het Jesus ooit met die gedagte van sonde gespeel? Het Hy ooit plek gemaak vir die moontlikheid om verkeerd te doen? Absoluut nie!! Hy het sonde gehaat. Daarom is dit duidelik dat Jesus, in terme van die versoekinge wat ons dikwels mee sukkel, Jesus nooit die stryd ondergaan het om te oorkom wat ons dikwels moes oorkom nie.

Dit is waar dat Jesus die oorwinning oor die sonde moes behaal. Dit is wat Hy vir ons moet gee. Maar dit beteken nie dat Hy nie op dieselfde manier met die sonde geworstel het soos ons nie. Hoekom nie? Omdat Hy nie gekom het om vir my 'n stryd met die sonde te gee nie, Hy het gekom om vir my die oorwinning oor die sonde te gee! Wat Hy nodig gehad het, was om 'n oorwinnaar oor die sonde te wees. Dit is al wat Hy nodig gehad het om te doen. Nadat hy die oorwinning behaal het, gee Hy nou hierdie lewe aan my, 'n lewe wat reeds die sonde oorwin het!

HOOFSTUK 9

VOLKOME MENSLIK, VOLKOME GODDELIK

Jesus Christus, die Seun van God het na hierdie aarde gekom en 'n mens geword. Hy was een honderd persent mens, maar terselfdertyd was Hy volkome Goddelik. Dit is 'n waarheid wat deur eeue deur Christene verkondig is en dit vandag nog steeds as 'n onwankelbare waarheid hou.

Met die eerste oogopslag blyk dit na 'n konsep teenstrydig en onmoontlik om te harmoniseer. Die meeste Christene verduidelik dit deur te sê dit is 'n raaisel en iets wat deur geloof aanvaar moet word sonder om dit te verstaan. **Maar die volle Godheid van Jesus, gekombineer met die feit dat Hy volkome menslik was, is die sleutel tot die plan van verlossing en tensy ons verstaan hoe Jesus volkome menslik kon wees en tog volkome Goddelik was, sal die plan van verlossing altyd 'n onbegryplike raaisel vir ons bly.**

DIE MENS HET IN ADAM GEVAL

Toe Adam van God af weggedraai het, het hy die hele mensdom met hom saam geneem. Dit was die mensdom wat God verwerp het omdat die hele mensdom in die een man Adam saamgevoeg was. Adam was op daardie stadium die hele menslike ras. Adam se lewe is die lewe wat aan almal oorgedra is en die besluit wat hy gemaak het, het almal wat later uit sy lewe sou kom, beïnvloed. **Adam het Satan se lewensbeginsel (onafhanklikheid van God) aangeneem en die mensdom op Satan se grond geplaas. Vanaf daardie tyd het elke mens wat uit Adam se geslag gebore is, aan Satan se kant van die stryd behoort. Dit is waar Adam ons gelaat het.**

Om te verstaan wat Jesus gedoen het om ons te red en watter bevoegdheid Hy nodig gehad het om ons verlossing te bewerkstellig, moet ons Jesus 'n oomblik uit die prentjie verwyder en kyk na die toestand van die mens waar Adam ons gelaat het.

Toe Adam die mensdom op Satan se grondgebied geplaas het, was al wat nodig was om die situasie om te keer, dat Adam die keuse moes maak om na God terug te keer. Dit lyk baie eenvoudig, maar laat ons die volgende in ag neem: Dit is onmoontlik vir enige wese in die heelal om na God terug te keer, tensy die Gees van God werk in daardie wese. Volgens Jesus is God alleen goed (Matt. 19: 17), en sonder die Gees van God kan geen skepsel goed wees of goeie begeerte hê nie. Sonder die invloed van God is ons natuurlik bang vir God, sonder enige begeerte om saam met Hom te wees. **Toe Adam die beginsel van onafhanklikheid van God gekies het, was dit die toestand wat hy vir die hele mensdom gekies het. Die mens se regmatige posisie was dieselfde as Satan se posisie; Die mensdom was van God geskei, sonder die invloed van God se Gees kan ons nie anders kies nie.**



"Die vleeslike verstand is vyandskap teen God, want dit is nie onderworpe aan die wet van God nie, en dit kan ook nie wees nie." (Romeine. 8: 7)

DIE MENSDOM SE ENIGSTE HOOP

Daar was net een moontlike hoop vir die mensdom en dit was hierdie: As daar 'n mens gevind kon word, gebore uit Adam se ras, geplaas in presies die situasie waar Adam die mensdom geplaas het (verwyderd van God), en wat vrywillig die keuse kon maak om na God terug te keer, dan sou so 'n mens in homself die mensdom met God kon herenig het. Maar so 'n mens moes dit nie net vir homself doen nie, maar het ook nodig gehad om sy lewe, wat herenig is met God, aan alle ander mense te kon oordra. Hierdie spesifieke punt moet uitgebrei word tot 'n volledige boek. Dit is die kritieke punt in die plan van verlossing en dit word glad nie verstaan nie. Die volledige plan van verlossing het betrekking op God se wyse om Homself te herenig met die mensdom. Hy kon dit nie sonder die toestemming van die mens doen nie. Dit was die mens wat gekies het om onafhanklik te wees van God en omdat God Sy regering op die beginsel van vryheid, vrye-wil en vrye-keuse gevestig het, kon God nie inmeng met die mens nadat die mens sy besluit geneem het nie. As God Homself ooit met die mens moet herenig, moet dit die mens se eie vrywillige keuse wees, en die mens, sonder God, was nie in staat om so 'n keuse te maak nie.

NET GOD IS GOED

Jesus sê vir ons dat daar net een is wat goed is, en dit is God. As ons hieraan dink, besef ons dat dit die absolute waarheid is. Daar is geen skepsel in die heelal wat goed kan wees nie, tensy hy met God verenig is. As God se metode om goedheid aan ons deelagtig te maak, onafhanklik van Sy eie lewe, dan sou die verklaring van Jesus in Mattheus 19: 17 nie waar wees nie:



En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie. (Mattheus 19:17)

Hy het nie gesê dat daar net een bron van goedheid is nie (wat beteken dat God mense van Sy goedheid kon gee) Nee. Hy het gesê niemand is goed nie ... behalwe God! Die engele rondom die troon in Openbaring 15: 4 herhaal dieselfde waarheid in effens verskillende woorde.



Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dae openbaar geword het. (Openbaring 15:4)

God alleen is goed. God alleen is Heilig en elke plek waar ware goedheid gevind word, kan ons seker wees dat ons die teenwoordigheid van God gevind het. Die Bybel het soms mense beskryf as "goed", maar dit was net omdat die teenwoordigheid van God deur die Heilige Gees van God in sulke mense gewerk het.

IS JESUS GOED?

Maar wanneer die Bybel verklaar dat God alleen goed is, sluit dit die enige gebore Seun van God uit? Die Bybel vertel ons dat Jesus "die presiese afbeelding van Sy persoon is."



Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte (Hebreërs 1:3)

Hy is presies soos Sy Vader en dit was waar, selfs al was Hy hier in die vlees. Dit is die waarheid wat in Johannes 14: 9 uitgedruk word.



Jesus sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy, Toon ons die Vader? (Johannes 14:9)

Jesus is uit God gebore - die enigste wese in die heelal wat op hierdie manier ontstaan het. Hy het Sy natuur deur erfenis verwerf en moet dus dieselfde inherente eienskappe van goedheid en liefde as Sy Vader hê. Dit is waarom Jesus in staat was om God volkome te verteenwoordig terwyl Hy hier op aarde was, want Hy was inderdaad God by natuur en in Hom is alle eienskappe van God se natuur en karakter vertoon.



En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid. (Johannes 1:14)

Die glorie wat in Jesus gesien is, was die heerlikheid van die eniggebore van die Vader. Met ander woorde, daar is nêrens anders so 'n heerlikheid wat gesien kon word nie. Hierdie heerlikheid was **SLEGS** in die eniggebore Seun van God.

So, toe Jesus aan die ryk jongman gesê het, "daar is niemand goed nie, maar een, dit is God." Hy het nie aangeneem dat Hy, Jesus, nie goed was nie. Dit was Sy manier om die man te dwing om te dink oor wie Hy werklik was. As ware goedheid in Jesus gesien is, moet dit beteken dat ware Goddelikheid in Hom is. Hy was waarlik die natuur van God. Dit is wat Hy wou hê die man moes verstaan.

GODDELIKE NATUUR - DIE SLEUTEL


Dit is waarom Jesus in die mens se posisie van totale skeiding van God geplaas kon word, en tog die keuse kon gehad het om getrou te wees aan God, ten spyte daarvan dat Hy in so 'n omgewing was. **Dit was omdat Hy goed was in Homself! Die goedheid in Jesus was nie afhanklik van die inwonende teenwoordigheid van die Heilige Gees nie.** Nee, ons as wesens kan nie goed wees nie, tensy die Heilige Gees in ons woon. Maar Jesus is die Seun van God; Sy bron van goedheid is Homself! Selfs toe die Gees van God van Hom af weggenem is, was Hy nog steeds goed, want as God se Seun is Hy inherent goed. Ware Goddelikheid is altyd goed onder alle omstandighede, maar dit is die enigste goed in die heelal en daarom het dit 'n Goddelike wese gekos om die verlossing van die mens te bewerkstellig.

Niemand anders kon dit gedoen het nie, selfs nie die heiligste engel nie, want enige engel wat van God geskei is, sou dadelik gesondig het. Dit is wat ons leer uit die ervaring van Lucifer.

GEEN GENADE VIR CHRISTUS

Jesus aan die kruis, het die plek van die mensdom ingeneem. Hy het nie die plek van die mensdom geneem soos dit onder die invloed van genade bestaan nie. Genade kom na ons deur Jesus Christus, en die genade van Jesus kom na ons deur wat Jesus aan die kruis volbring het. Toe Jesus na die kruis gegaan het, het hierdie posisie van genade nie aan Jesus behoort nie. Hy het nie ons plek geneem soos wat ons nou is nie, bevoordeel deur genade. Nee, Hy moes ons plek inneem soos wat ons destyds verdien het, waar ons was toe Adam sy keuse gemaak het. Hy moes die plek neem heeltemal van God verwyderd en sonder die hulp van God se Gees. Dit was die betekenis van daardie verskriklike roepstem aan die kruis, "My God, My God, waarom het U my verlaat?"

Al was Jesus heeltemal van God verlate, was Jesus nog steeds in staat gewees om 'n keuse te maak om getrou aan God te bly. Hoe kon Hy dit doen? Hy kon dit doen omdat Hy goed van nature was; want Hy was van nature heeltemal Goddelik. Die onttrekking van God se Gees en teenwoordigheid, het nie Jesus na die weg van selfbehoud laat draai nie. Dit sou die geval gewees het as Hy 'n skepsel was wat afhanklik was van tweedehandse goedheid deur middel van die inwonende Heilige Gees. Maar Hy was God se Seun, inherent goed, en so was Hy in staat om goed te bly, alhoewel Hy 'n mens geword het en gely het deur die onttrekking van Sy Vader se Gees. Dus, deur hierdie oorwinning, in die gevalle menslike vlees, deur Sy Goddelike natuur te verkry, kon Hy die mensdom herstel na die plek by God.



Natuurlik word die voordele van hierdie oorwinning van Christus aan die kruis deur die mensdom gevoel vanaf die oomblik dat Adam gesondig het. "Jesus die Lam geslag vanaf die grondlegging van die wêreld af". Die oomblik toe die mens gesondig het, dieselfde oomblik het die offer van Christus begin om die wêreld te bevoordeel, selfs duisende jare voor Christus letterlik gesterf het. Dit het egter nie die realiteit verminder dat Christus inderdaad moes sterf nie; dat hy wel moes gaan na die plek waar die mens behoort het nie. Dit is wat God van die begin af belowe het en Jesus moes elkeen van die beloftes nakom, en die mens se plek inneem.

HEELTEMAL MENSLIK

Dit is duidelik dat Jesus 'n mens in die volle sin moes wees, anders kon Hy nie die mens se plek ingeneem het nie, en die mensdom na God teruggebring het nie. Dit was 'n mens wat gekies het om ons van God te skei en net 'n mens kon daardie besluit omkeer. Maar Jesus moes meer doen as om net 'n mens te word. Hy moes die besluit as 'n mens maak, as 'n afstammeling van Adam, onder die presiese omstandighede wat Adam die ras gebring het. Hy moes dieselfde beperkings en tekortkominge van die gevalle mens hê, die vervalde mensdom, want dit is waar Adam ons geplaas het, en baie belangrik, Hy moes op die kritieke oomblik van die toets, heeltemal van die steun van God se Gees geskei word. Dit is waar die sonde die mensdom geplaas het en dit is waar Jesus moes gaan om die mensdom te red.

VOLKOME GODDELIK

Ons sien egter ook dat Jesus volkome goddelik moes wees in die sin dat Hy in Sy geestelike natuur, die natuur van God moes besit het. Dit was absoluut noodsaaklik in orde om van God geskei te word, nog steeds goed te kan kies en God te vertrou terwyl Hy geskei is. Sy goddelike natuur was van kardinale belang vir ons verlossing. Sonder dit kon Hy ons nie verlos nie! Daarom moes Hy volkome mens sowel as volkome goddelik wees!

Kom ons kyk na 'n ander punt: Wanneer ons sê dat Jesus volkome goddelik was, beteken dit dat Hy in Homself al die kragte van die godheid besit het? Ons het reeds gesien dat Hy dit besit het, en moes ook God se natuur van oneindige goedheid besit het. Dit het geensins afbreek gedoen aan die feit dat Hy ten volle 'n mens was nie. Dit het eenvoudig beteken dat Hy 'n goeie mens was. In alle begrip was Hy beperk tot die vermoëns en krag van die mensdom, maar Hy was goed van natuur; dit was die kritieke verskil. Maar het Hy die vermoëns van almag, alwetendheid, alomteenwoordigheid en al die ander vermoëns van God besit? As Hy dit gehad het, hoe kan Hy dan gesê het dat Hy volkome menslik was? Die mensdom vereis sekere beperkings. Verder, as Jesus almagtig was en in besit was van alle kennis, dan, op watter manier kon Hy dan deur God aan die kruis verlaat word?

GODDELIKE KRAG TER SYDE GELÊ

Die waarheid is dat Jesus sy Goddelike krag, die glorie van Sy Godlike heerlikheid tersyde gelê het. Hy het na die aarde gekom as 'n mens, beperk soos ons is, uit 'n vrou gebore (Galasiërs 4: 4). Hy is gebore in 'n liggaam wat al die genetiese afwykings en beperkings gehad het wat deur Adam se val op die mensdom gebring is, vermenigvuldig met vier duisend jaar van agteruitgang. Hy was werklik een van ons so ver as wat sy fisiese en genetiese erfenis betref! Hy het inderdaad uit die nageslag van Adam gekom.

Die plan van verlossing moes uitgevoer word volgens sekere bepaalde beperkings, binne sekere duidelike beperkte grense. Hoekom was dit so? Omdat God dit so moes doen sodat die heelal of skepping tevrede sou wees dat God billik en regverdig opgetree het - selfs in die hantering van Lucifer. Daar kan geen plek wees vir die vermoede van misleiding of bedrog aan God se kant nie. Satan het God daarvan beskuldig dat hy 'n leuenaar is en onbetroubaar was. Die enigste manier waarop God so 'n beskuldiging kon verslaan, was deur heeltemal deursigtig en oop te wees in al sy dade.

As Jesus op aarde al die mag en krag van die almagtige God in Homself besit het, sou al die lyding van Jesus net mooi niks beteken het nie. Dit kon alles net 'n voorgee, 'n bedrogspul en niks anders as rolle-spel gewees het nie. Satan kon hierdie beskuldiging gemaak het en hoe kon God bewys het dat dit nie so was nie? Hoe kan ons seker wees dat dit nie so was nie? As God 'n rol gespeel het, watter skepsel sal ooit ontdek het dat dit nie werklik was nie? Niemand is slimmer as God nie en niks kan vergelyk met Sy mag en krag nie.

As Jesus die krag van die almagtige God in Homself besit het, as 'n mens, dan is dit seker dat Satan die bewering sou maak dat Jesus nooit volkome mens was nie en het nie binne Sy menslike vermoëns oorwin nie en dat Hy nie bevoeg was om die mensdom te verteenwoordig nie, aangesien Hy nie as 'n mens kon oorwin het nie, maar slegs as God, in 'n menslike liggaam geklee. Hoe kan God ons oortuig dat dit anders was?

Iemand mag antwoord: "Wel, ons moet God vertrou." Ja, dit is waar. Ons vertrou egter op God omdat ons bewyse het dat God betroubaar is. Ons het bewyse dat Satan 'n leuenaar is. Maar waar het ons hierdie dinge bewys? Waar het God hulle bewys? Hy het hulle op Golgota bewys; Hulle is gedemonstreer in die groot offer wat God en Sy Seun gemaak het toe Sy enige gebore seun Jesus vir ons kom sterf het. As daar in daardie offer gebeurtenis enige plek is vir die aanklag dat dit alles 'n skyn was, 'n goddelike rolspel, dan is die gebeurtenis wat ontwerp is om vertrou in God te vestig, ongeldig gemaak.

Satan het baie metodes gebruik om die wêreld te oortuig dat Jesus nooit werklik gesterf het nie en dat die hele kruisigings verhaal 'n fabel was. Wat God bereik het in die passie, dood, opstanding en hemelse bediening van Sy Seun, is die enigste hoop vir die mensdom. In Jesus het God ons nie net 'n morele leermeester gegee nie, Hy het ons nie net 'n goeie voorbeeld gegee nie. In Jesus het Hy ons 'n Verlosser gegee, net wat ons nodig gehad het as sondaars en die enigste ding wat die mensdom kon red. Dit is die waarheid wat die ware Christendom bo alle ander godsdienste stel. Dank God vir Jesus!

NOTAS

VERSTAAN DIE PLAN

HOOFSTUK 10

WAAROM DIE SONDAAR MOET STERF

As ons die titel van hierdie hoofstuk bekyk, kan ons op die volgende manier reageer: "Wel, die sondaar moet sterf omdat die wet hom skuldig bewys en sy dood vereis." Ons sien sy dood as heeltemal afhanklik van sy verhouding met die wet. Hierdie konsep is diep gegrond in die denke van baie Christene, en alhoewel dit op 'n manier korrek is, verklaar hierdie gemeenskaplike begrip nie volledig die waarheid nie. Kom ons bekyk vir 'n oomblik wat 'n wet regtig is. 'n Wet is basies 'n beginsel of reël wat gedrag bepaal. 'n Wet bepaal die manier waarop ons optree.

Maar wanneer ons van die wet praat, is daar twee soorte wette wat ons moet bekyk. Daar is natuurlike wette en daar is geregtelike wette. Om die verskil tussen die twee soorte wette te verstaan is krities vir 'n behoorlike waardering van die rede waarom die sondaar moet sterf.

NATUURWETTE

In die geval van natuurwette erken alle mense die belangrikheid om altyd in harmonie met hulle te werk. Die reëls is in die natuur ingebou en ons kan dit nie verander of aanpas nie. Hierdie wette beskryf bloot die manier waarop die natuur werk en hulle word wette genoem omdat die natuur alles dwing om op te tree in ooreenstemming met daardie spesifieke beginsels. Ons moet in harmonie met hulle werk. Een sodanige wet is die wet van swaartekrag. Hierdie wet dwing ons om op 'n sekere manier op te tree met die sekerheid dat as ons ons gedrag verander, dan sal drastiese gevolge sekerlik volg. Byvoorbeeld, as ek nie saam stem met die wet van swaartekrag nie en ek spring van 'n 10 verdieping gebou af. Sal ek gou uitvind dat as ek nie binne die reëls met betrekking tot die wet van swaartekrag opgetree het nie, ek ernstige gevolge sal ondervind. Ek mag nie van natuurlike wette hou nie, maar as ek dit ignoreer, sal ongelukkige gevolge sekerlik volg. Dit geld vir alle natuurlike wette.



REGTERLIKE WETTE

Regterlike wette aan die ander kant, is wette wat deur 'n regerende owerheid neergelê word. Hulle is wette wat goed is of nodig beskou word vir die harmonieuse bestaan van individue binne 'n bepaalde samelewing en hierdie wette is nie noodwendig dieselfde in elke samelewing nie. Die aard van hierdie wette hang dikwels af van die geaardheid van die samelewing en diegene wat regeer en die wette maak. Met hierdie wette bring verontagsaming nie altyd gevolge nie. In baie gevalle word hierdie wette gebreek en die oortreder kom skotvry daarvan af. Die toepassing van hierdie wette word nie in die natuur ingebou soos in die natuurlike wette nie.


Met geregtelike regspraak moet die owerheid twee dinge doen. Eerstens moet hulle die wette maak en tweedens moet hulle hierdie wette kan afdwing. Hulle doen dit deur die instelling van strawwe vir die oortreding van die wette wat hulle self moet afdwing.



Baie van hierdie geregtelike wette wat deur verskeie regerings ingestel is, is foutief en selfs onregverdig. Maar God is die skrywer van alle natuurlike reg. Natuurlike wette is altyd goed. Hy het die heelal op 'n perfekte manier ontwerp met hierdie natuurlike wette wat ingebou is om te verseker dat die lewe sou bestaan en voortgaan in 'n patroon van balans en harmonie.

DIE AARD VAN DIE MORELE WET

Die morele wet word beskryf as 'n "transkripsie" van God se karakter. Soos hierdie morele wet in die Tien Gebooie uiteengesit word, word dit op 'n ietwat beperkte manier gestel en spreek nie die volheid van God se karakter aan nie en kan dit beter beskryf word as 'n "uitdrukking" van God se karakter, eerder as 'n noukeurige "transkripsie." Wanneer die morele wet egter behoorlik verstaan word in sy dieper implikasies, spreek dit beslis uit hoe God in sy morele natuur is en kan dit gepas beskryf word as 'n transkripsie van Sy karakter. Dit beteken dat: "Die morele wet is wat God is." God het nie die morele wet gemaak nie, al wat Hy gedoen het, was om in woorde te beskryf wat Hy is en dit aan ons gegee as 'n lewenswyse.



Om in harmonie met hierdie wet te lewe, is om in harmonie met God te wees. Aangesien God lewe is, beteken harmonie met Hom om in harmonie met die lewe te wees. Wanneer 'n mens egter uit harmonie met die morele wet beweeg, is hy nie in harmonie met God nie en dan ook uit harmonie met die lewe. Die dood is 'n gevolg, 'n versekerde resultaat! God hoef nie so iemand te vonnis of dood te maak nie. **DIE PERSOON BRING OUTOMATIES DIE DOOD OOR HOMSELF DEUR TE KIES OM VAN GOD GESKEI TE WEES, WAT DIE BRON VAN ALLE LEWE IS.**

Ons sien dus duidelik dat die morele wet 'n natuurlike wet is. Dit is 'n natuurwet. Om in harmonie daarmee te leef, is om die lewe te hê. Om dit te verontagsaam is om die dood te omhels. Niemand hoef jou te vonnis nie, en niemand hoef jou dood te maak nie. Sonde self sal die werk doen as 'n natuurlike gevolg van die werking van die wet!

HOE DIE DOOD ONTSTAAN HET

In die tuin van Eden het God vir Adam gesê:



“Maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.” (Genesis. 2: 17)

Die meeste mense het dit verstaan asof dit beteken dat God Adam gedreig het; dat Hy gesê het, "as jy van hierdie vrug eet, sal ek gedwing word om jou dood te maak." Was dit hoe dit werklik was? Het God vir Adam gedreig of het Hy vir Adam 'n voorspelling gegee? Het Hy verklaar wat Hy sou doen, of was Hy bloot besig om vir Adam die natuurlike gevolge van gebeure wat sou volg, as hy uit harmonie met God sou beweeg te gee? Die apostel Paulus sê:



Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het. (Romeine 5: 12)

Let op, een man het sonde in die wêreld in gebring. Toe die sonde ingekom het, het die dood daarmee saam gekom. Dit was nie God wat die dood gebring het of dit oor die mens ingestel het nie, dit was die sonde wat die dood gebring het. Toe die sonde ingekom het, het die dood op sy rug gery!

In 1 Korinthiërs 15: 56 sê Paulus dat " Die angel van die dood is die sonde" Wanneer iets jou steek, begin die gif in jou liggaam werk en eindig uiteindelik in die eindresultaat, die dood. Iemand wat gestek word, soos byvoorbeeld deur 'n giftige skerpioen, het die saad van die dood alreeds in hom. Die gif werk deur die liggaam en die eind resultaat is die dood. So sê Paulus dan "die angel van die sonde is die dood "

Wanneer sonde jou steek, spuit dit jou met gif wat met sy dodelike werk begin en jou gelydelik van binne opvreet totdat die onvermydelike gebeur, jy jou lewe verloor en dood gaan.

Paulus sê Adam het sonde gebring, wat weer die dood gebring het. Hierdie dood het na alle mense gekom, omdat almal gesondig het. Alle mense sterf omdat alle mense die siekte van sonde in hulle het. Kom ons kyk hoe Paulus dit bewys:



Hy sê, Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het. (Romeine 5:12)



Want vóór die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie. (Romeine 5:13)

Watter tydperk bedoel hy wanneer hy sê, "voor die wet" "Hy praat van die tydperk voordat die wet op die berg Sinai aan die mens gegee is, die tyd vanaf die skepping tot die tyd wat die wet aan Moses gegee is. Natuurlik het die wet altyd bestaan as 'n natuurlike reël van die lewe omdat die wet 'n uitdrukking is van God se natuur.

God was altyd daar, maar dit was nie deur die mense van daardie tyd in die algemeen verstaan nie totdat dit op die berg Sinai gegee is.

Paulus sê verder: "Maar die sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie." Wat is die punt wat hy maak? Sy punt is, sonde was hier. Mense was sondaars, maar God het nie sonde aan hulle toegereken nie, dit wil sê, God kon hulle nie skuldig bevind nie. Hoekom kon hy nie? Omdat die wet nog nie gegee was nie. Sonder die wet het mense nie 'n duidelike idee gehad van wat reg en wat verkeerd was nie, en daar was dus geen duidelike manier om mense wat verkeerd doen te straf nie.



Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom. (Romeine 5:14)

Ten spyte van die feit dat die wet nie algemeen bekend was aan die mense voordat God dit op die berg Sinai geproklameer het nie (dit is van Adam tot die tyd van Moses), het die dood oor mense geheers. Alle mense het gesterf. Aangesien sonde nie toegereken is nie, kon dit nie God wees wat hulle geoordeel en gestraf het met die dood nie omdat hulle skuldig was nie. Hulle het nie gesondig soos Adam gesondig het nie, in doelbewuste ongehoorsaamheid aan 'n spesifieke wet nie.

Sonder die wet was daar geen manier om hulle skuldig te maak nie, maar nogtans het hulle gesterf. Wat het hulle laat sterf? Dit was sonde wat hulle laat sterf het. Alhoewel hulle nie 'n duidelike definisie van reg en verkeerd gehad het nie, was hulle egter in 'n staat van sonde, oorgedra van Adam na alle mense en dit het die dood in almal veroorsaak.

Sodat, soos die sonde geheers het in die dood, so ook die genade kan heers deur die geregtigheid tot die ewige lewe deur Jesus Christus, onse Here. (Romeine 5:21)



Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? (Romeine 7:24)

Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort. (Jakobus 1: 15)

Dit is die punt wat Paulus wou maak!

WAAROM DIE GEREGTELIKE WETTE INGESTEL IS

Daar word egter nie ontken dat die Bybel leer dat mense op grond van die wet geoordeel sal word nie en diegene wat skuldig bevind word, sal gevonnissen word om te sterf.

Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg is. (Prediker 12: 14)



Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van Vryheid geoordeel sal word. (Jakobus 2: 12)

Hierdie, sowel as baie ander verse, maak dit duidelik dat ons individuele handeling gewigtig is en dat God elke daad in die oordeel in ag sal neem. Hoe kan dit verduidelik word? As sonde diegene wat dit omhels doodmaak en die dood die onontkombare gevolg van sonde is, waarom het God nodig om 'n straf op te lê op diegene wat sonde pleeg? Waarom was daar die behoefte aan 'n oordeel om die daad wat mense gepleeg het, te ondersoek en elkeen "volgens sy werke" te beloon?

Waarom het God nie net die sondaar in sy sterwende staat gelaat nie, omdat hy geweet het dat sonde uiteindelik tot die dood sou lei nie? Hoekom het God die kwessies in 'n geregtelike raamwerk geplaas, en waarom het Hy die geregtelike wette opgestel met strawwe, eerder as om dit net te laat waar die natuur dit gestel het, laat die sonde vernietig die wat dit omhels! In Romeine 5:20 word ons vertel:



Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; (Romeine 5:20)

DIE WET HET BYGEKOM OM DIE SONDE TE VERMEERDER. DIT IS, DAT DIE MENS BEWUS KON WORD VAN HOE STERK DIE KRAG VAN SONDE WERKLIK IS, WAT HULLE LEWENS VUL!



Het die goeie dan vir my die dood geword? Nee, stellig nie! Maar wel die sonde, dat dit kon blyk sonde te wees, omdat dit deur die goeie vir my die dood bewerk, sodat die sonde deur die gebod uitermate sondig kon word. (Romeine 7: 13)

Met ander woorde, toe Adam gesondig het, het sonde op alle mense gekom. As gevolg hiervan het alle mense betrokke geraak by onheilagtige en bese dade en almal het uiteindelik as gevolg van sonde gesterf. Maar vir die grootste deel het mense geen ware begrip gehad van hoe sondig hulle werklik was nie. Mense het die dood as 'n normale deel van die lewe beskou, hulle het geen verband gemaak met die soort lewe wat hulle besit en geleef het, en die dood wat oor hulle almal sou kom nie. God, in liefde, moes 'n manier vind om die mens te laat besef wat werklik in hul natuur bestaan het, en om hulle te laat verstaan dat daar 'n verband bestaan tussen daardie natuur en die dood - daardie sondige natuur was die oorsaak van die dood, sodat hulle kon leer om sonde te vrees en te haat. Hy moes 'n sisteem in plek sit "sodat die sonde deur die gebod baie meer sondig kan word." Hy het die wet in 'n geregtelike formule uitgedruk sodat die mens kon verstaan wat die ware natuur van sonde is!

DIE "ONDEKKING" VAN DIE WET

Isaac Newton, het eendag onder 'n appelboom gesit toe 'n appel op sy kop val. Vir die ondersoekende denke van hierdie wetenskaplike genie, het hierdie eenvoudige gebeurtenis die katalisator van 'n wonderlike "ontdekking" geword. "Hoekom," het hy gewonder, "het die appel op my kop geval? Hoekom het die appel af in plaas van op geval nie "Toe hy dit bedink, het hy bewus geword van die feit dat dit altyd die manier was waarop dinge hulleself altyd gedra, elke keer, in elke omstandigheid. Dit het hom gelei om die wet van swaartekrag te formuleer en daarom word hy gekrediteer vir hierdie ontdekking.

Natuurlik het hierdie wet bestaan lank voordat Isaac Newton op die toneel verskyn het, maar toe hy dit ontdek het, was dit vir hom en vir die wêreld 'n wonderlike ervaring. Vir hom was dit 'n volslae verrassing. Isaac Newton het hierdie wet in woorde uitgedruk en dit "die wet van swaartekrag" genoem. Maar alhoewel hy dit in woorde uitgedruk het, was dit slegs 'n manier om te beskryf wat nog altyd daar was voordat hy of iemand anders dit ontdek het. **Toe hy hierdie wet in woorde uitgedruk het, het hy nie die wet geskep of gevestig nie, maar het dit slegs tot 'n mate bekend en verstaanbaar gemaak.**

Op dieselfde manier bestaan die morele wet van God nog altyd. Al die engele het dit natuurlik gehoorsaam met geen tweede gedagte nie.


Lucifer was die eerste een wat ontdek en uitgewys het aan die engele dat hulle gedrag altyd in een rigting was; altyd in ooreenstemming met wat God wou hê. Hierdie gedagte dat daar 'n wet was waarin hulle beheer word, het vir die engele as 'n vreemde idee gekom omdat hulle diens nog altyd een van natuurlike en vreugdevolle gehoorsaamheid was. Soos dit was, het Lucifer die morele wet ontdek en vasgestel dat hy hom nie daaraan sou onderwerp nie.

Vir God om die mens in staat te stel om te verstaan hoe die morele wet werk sodat die mens die mag van die sonde kon ontdek en die verband tussen sonde en die dood kon sien, moes God hierdie wet formuleer, of met ander woorde om dit uit te druk in 'n formule wat die mens kon verstaan. Dit is wat Hy gedoen het op Sinai.

Kom ons kyk na 'n illustrasie wat ons kan help om hierdie saak beter te verstaan:

'N ILLUSTRASIE

Kom ons veronderstel dat daar 'n groep mense afgesny van die res op die top van 'n berg vasgekeer is. Rondom hulle is daar styl kranse en geen manier om van die berg af te klim nie. As jy van hierdie styl krans afkyk, is al wat jy kan sien net donkerte, en die bodem is so ver dat dit nie gesien kan te word nie. Trouens, onderaan is daar skerp gekapte rotse wat wag vir enige iemand wat val of dwaas genoeg is om van die berg af te spring, te verpletter. Op 'n dag verskyn 'n vreemde man van nêrens af en begin om die mense te vertel en te oorreed dat daar waar die die donkerte is, is daar 'n land van oneindige skoonheid en 'n ware paradys. Hy verduidelik dat daar 'n sisteem in plek is wat diegene wat van bo afspring, skielik stadiger laat val sodra hulle deur die duisternis beweeg en uiteindelik so sag soos 'n veer in hierdie paradys laat land.



Hierdie vreemde persoon neem selfs 'n sprong of twee van die top van hierdie berg en keer terug met sy arms vol gelaai met eksotiese vrugte. Geleidelik word die mense oorreed. Die een na die ander begin spring.

Daar is egter een man wat presies weet wat daar onder wag. Wanhopig pleit hy met die mense om nie te spring nie en waarsku hulle van die afskuwelike lot wat op hulle wag, maar alles tevergeefs. Die mense gaan voort om te spring. Uiteindelik trek die man, wat bewus is van die gevaar, 'n geweer en staan aan die een kant. Hy sê: "Ek gaan enige iemand skiet wat spring." 'n Paar mense besluit om die risiko te neem en te spring. Vir alle doeleindes is hierdie mense reeds dood, maar ongeag, hierdie man skiet hulle dadelik dood!



Nou verander die scenario. Eers was dit die val wat die mense doodgemaak het toe hulle gespring het, maar nou is dit hierdie man wat hulle doodmaak. In plaas van die wet van aksie en gevolg - in plaas van die swaartekrag wat die mense doodmaak, is dit nou hierdie man. Hy het 'n sisteem in plek gestel waar hulle aan die reël moet voldoen of 'n straf ontvang, en hierdie nuwe stelsel het die plek van die wet van aksie en gevolg ingeneem. Nou is dit 'n geregtelike wet ("Jy sal nie spring nie, of ek sal jou skiet") in plaas van 'n natuurlike wet (as jy spring, sal die swaartekrag jou doodmaak).

Die wet van die natuur is 'n hoër wet en dit bestaan van altyd, maar as gevolg van die onkunde van mense en hul dade van selfvernietiging, het hierdie man wat verstaan, hierdie regstelsel binne die natuurlike stelsel ingebring om diegene wat hy kan red, te red. In werklikheid maak hy die dood, die wat alreeds seker is om te sterf, en skiet hulle dood eerder as om te wag dat hulle op die rotse verpletter word, en so bewerk hy eintlik genade, want nou sal hy verskeie positiewe resultate bereik.

- Hy sal diegene wat agter bly bang maak om te spring. Sodoende sal hy die mense die geleentheid gee om 'n bietjie langer te leef met die hoop dat hulle vir hulleself die ware aard van dit wat daar onder lê, en die karakter van die wese wat hulle mislei, te ontdek.
- Hy sal die lyding van diegene wat op die rotse verpletter word en wat nie dadelik sterf nie, voorkom.

Natuurlik sal al die mense bang wees vir die man met die geweer. Hulle sal hom n tiran noem en 'n kans soek om te spring wanneer hy nie kyk nie.

Hulle sal gegrief voel in sy teenwoordigheid en hom beskuldig dat hy hulle van hulle geluk ontnem het. Maar in werklikheid werk hy net vir hulle beswil en goedheid.

Kan jy die parallel sien? **Daarom het God die kwessies in die raamwerk van 'n geregtelike wet geplaas, tesame met die nodige strawwe. Deur die wet te gee, het God gesê: "As jy spring, sal ek jou skiet."** Hoewel die sonde altyd mense doodmaak, **het hulle dit nie herken nie en was dus ook nie bang nie.** Hulle het hul korrupte lewenstyl, en hul daaropvolgende dood aanvaar omdat dit deel van die lewe was en het geen rede gesien om bang te wees vir die sonde of om hul weë te verander nie. Daarom het God 'n regstelsel ingestel. Hy het 'n raamwerk opgestel as jy die genoemde wette oortree dit die dood sou eis. Nou het die mens sonde gevrees want hulle het dit met die dood geassosieer, en in hulle probeerslae om dit van hulle af te weer, het hulle agter gekom hoe dit in hul natuur geïntegreer is. Hulle het ontdek dat hulle bonatuurlike hulp nodig het as hulle ooit daarvan ontslae wil raak en sodoende het die wet hul skoolmeester geword, om hulle na Christus te lei!



Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. (Galasiërs. 3:24)

Ongelukkig, by baie mense, is God beskou as die ware probleem, aangesien Hy hierdie reëls gegee het en vereis het dat hulle gehoorsaam was ongeag die pyn van die dood. Mense sou verkies het om van God ontslae te raak eerder as om van hulle sondes ontslae te raak en hulle het onder Sy reëls ongeduldig geraak en Hom die skuld gegee dat diegene wat ongehoorsaam was, moes doodgaan. Die feit is dat ongeag of God die oortreder tot die dood veroordeel het of nie, sou dit nie saak maak het nie. Sonde sou onafwendbaar sy dood veroorsaak het in elk geval.

Beskou die geval van die antediluviane(mense voor die sonvloed) of die Sodomiete. God het in die een geval 'n vloed gestuur en in die ander geval vuur om hul beskawings uit te wis. As God dit nie gedoen het nie, wat sou met hierdie mense gebeur het?

Wel, in 'n paar jaar sou daardie geslag almal in elk geval dood gewees het! Sonde wat gewerk het in hulle, sou hulle doodmaak het soos dit met alle mense doen! En hulle sou dood gewees het net soos die vloed of die vuur hulle sou maak het! So hoekom het God hulle vroeër doodgemaak? Watter verskil het dit gemaak? Dit was omdat God 'n stelling wou maak sodat ander sou leer om bang te wees vir die sonde, en ook sodat daar 'n rekord sou wees tot op watter dieptes die sonde die mensdom afgebreek het.

DRIE VLAKKE

In ons denkwysse en verhouding tot God is mense basies op drie vlakke.

1. Op die eerste en die laagste vlak glo mense: "As ek God ongehoorsaam is, sal Hy my doodmaak." Hulle is dus bang vir God en probeer om Hom te behaag deur te vrees vir straf. Dit is die grondslag van die heidense godsdienste, maar baie keer het die Israeliete ook aanbid uit hierdie verdraaide motivering, en ongelukkig is baie "Christene" vandag nog op hierdie primitiewe vlak van begrip. Hierdie mense sien God as die probleem.
2. Op die tweede vlak glo mense dat dit nie God is wat die probleem is nie, maar dat dit hulle sondige daade is. God wil hulle nie doodmaak nie, maar Hy sal moet as hulle nie hul optrede verander nie. Geregtigheid sal vereis dat Hy hulle vernietig. Hierdie het 'n beter begrip van God, maar hulle het nog nie die werklike probleem begryp nie en hulle sien die dood as God se nodige aksie omdat Hy deur geregtigheid beheer word. Hulle ag die werklike probleem as die daade wat hulle doen. Die ywer moet wees om hul werke te verander sodat hulle aan die vereistes van die wet kan voldoen. Op hierdie vlak sien die sondaar die kwessie as 'n kwessie van geregtigheid.
3. Maar op die derde vlak verstaan ons uiteindelik! Daar is een probleem, alleenlik net een probleem. Dit is dat die skeiding tussen God en die mens gelei het tot 'n siekte in my wat sonde genoem word en dit is besig om my lewe te verteer, dit produseer kwaad in my en maak my dood. Dit is die ware verwoester en dit is nie 'n geregtelike wet wat die sondaar se dood vereis nie; dit is 'n natuurwet, 'n wet van aksie en gevolg. Nou erken ons dat die werklike probleem sonde in my is en dat ek nie net my optrede moet verander nie, maar ook moet my natuur verander.

Ons moet dit verstaan, want as ons insig slegs die sekondêre vlak bereik, word ons verhouding tot sonde en God altyd gesien en ervaar vanuit 'n wetlike raamwerk. Sonde is verwant aan die besonderhede van die wet, en verlossing hou slegs verband met gehoorsaamheid van die reëls. God se guns, en die lewe self, is almal verwant aan hoe ons reageer op die reëls. In werklikheid is dit die grondslag van wettiesheid of wetsverering!

NIE MY WERKE, MY NATUUR

Wanneer ons na die derde vlak beweeg, is ons gereed om nie meer dienaars te wees nie, maar kinders van God en ons verstaan.



So was ons ook, toe ons kinders was, in diensbaarheid onder die eerste beginsels van die wêreld. Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus. (Galasiërs.4: 3,7)

Die probleem is nie wat ek doen nie. Dit is nie 'n probleem van my werke nie, dit is 'n probleem van wat ek is! **Dit is 'n probleem van my natuur.** Ek besef dat God se pogings nie daarop gemik is om my werke te verander nie, maar dat Sy pogings daarop gemik is om my 'n nuwe hart te gee, 'n nuwe natuur waardeur my werke sal verander. Nou is ek nie bang vir God nie, en ek is nie eens bang vir my dae nie. Nou is ek bang vir myself! Nou sukkel ek nie meer om my werke te verander nie, maar ek soek met my hele hart om Christus te vind wat alleen in staat is om my natuur te verander! Dit is nie God, of selfs geregtigheid wat my dood eis nie. Dit is my sondige vervloekte natuur wat die dood in my werk en terwyl die wet van God my tot die besef daarvan gebring het, is dit kragteloos om my probleem op te los. Ek moet na Christus kom (nie die geskrewe wet nie, maar die lewende wet) dat ek die lewe kan hê (Gal. 3:24); dat ek 'n nuwe natuur kan hê.



God het die omstredenheid (kontroversie) in 'n geregtelike raamwerk gestel. Hy het wette en strawwe vasgestel, maar dit is nie die hele prentjie nie. Dis slegs 'n prentjie in die prentjie; die sekondêre vlak.

Die ware kwessies bestaan op 'n hoër vlak en nie op die regsprekende vlak nie; hulle bestaan op die vlak van die natuurlike reg waar ons betrokke is by die beginsels wat in die bestaan van die heelal ingebou is.

NOTAS

HOOFSTUK 11

WAAROM JESUS MOES STERF

Ek het eenkeer die gasheer van 'n gewilde radio program in Jamaika gehoor hoe hy beskryf dat God 'n "bloeddorstige" wese is. Sy rede om tot hierdie gevolgtrekking te kom, was dat hy nie kon verstaan waarom God die dood geëis het vir die kleinste oortredinge nie, en waarom Hy so onbuigsaam sou wees in Sy eise dat die enigste manier waarop Hy ons sal vergewe, is as sy eie Seun sou sterf. Soos hy dit verduidelik het, was dat dit God se eis vir vergelding was, wat dit noodsaaklik gemaak vir die sondaar om te sterf en as dit vermy moes word, was die enigste manier waarop God dit sou aanvaar was, as sy eie Seun in ons plek geoffer word.

Hierdie man was duidelik in groot duisternis, maar hy het 'n probleem uitgewys wat my al jare lank besig gehou het en waarvoor ek al baie verduidelikings gehoor het, maar nie een wat voldoen het aan die werklike konsep van 'n God van oneindige genade nie!

Ek het gehoor dat daar gesê word dat die wet die dood van die sondaar eis; dat geregtigheid vereis dat as die mens gespaar moes word, dan moes 'n ander in sy plek sterf, en nie net enige iemand nie, maar een wat 'n goddelike wese was - een wat gelyk was aan die wet - die wetgewer self!

Maar my vraag was, watter wet, watter regstelsel sal aanvaarbaar wees dat een persoon gestraf word vir die sondes van 'n ander? Wie word tevrede gestel?

Laat ek verduidelik wat ek bedoel met die gebruik van 'n illustrasie. As ek my seun beveel om nie een van my mangos te pluk nie en hy het nie geluister nie en was ongehoorsaam, dan moet ek 'n straf oplê om my bevel van enige waarde te maak. Dit is om twee redes: Eerstens, dat my gesag gehandhaaf kan word, en tweedens dat hy mag leer, dit is belangrik dat hy my gehoorsaam sal wees. Ongehoorsaamheid kan hom enige tyd in ernstige moeilikheid bring. Maar om my seun te straf, sal dit die opsies wees wat ek oorweeg. Dit is nooit 'n kwessie van wraak nie, en dit is ook nie 'n wens van my om vergelding te bevredig nie. Dit is nie om hom te laat ly deurdat hy gewaag het om teen my wil te gaan nie. Verder sal ek nooit vir my seun sê: "As jy die mango pluk, sal ek jou doodmaak!"

Om hom te straf, moet vir die doel wees om hom 'n beter mens te maak, om sy lewe te red ... nie te vernietig nie! Verder, as my seun werklik jammer is vir wat hy gedoen het en bewys dat hy sy optrede diep betreur, sou dit nog nodig wees om hom te straf? Hoekom sal ek moet sê, "Wel, Seun, ek sien dat jy jammer is en ek wil jou vergewe, maar ek kan dit nie doen tensy iemand gestraf word nie. Jy het my instruksies verontagsaam en voordat ek kan vergewe, moet iemand gestraf word. Ek sien dat jy jammer is, so ek sal jou nie straf nie, ek sal jou broer in jou plek straf. "Maak dit enigsins sin?"

Dit is 'n gebied van die verlossingsplan wat weliswaar 'n grys area was vir my en vir baie ander. Ek het aanvaar dat daar 'n goeie rede was waarom Christus moes sterf, en ek het aanvaar dat dit nie God kon wees wat Sy bloed geëis het nie.

Maar ek kon nie die redes verstaan of verduidelik waarom dit alles nodig was nie. Gelukkig het ek deur studie van “regverdigmaking deur geloof” uiteindelik die rede waarom dit noodsaaklik was gesien, en ek het gekom om te waardeer wat 'n wonderlike plan dit was!

WETLIKE VERSINSEL?

Nie te lank gelede het ek op 'n vraag afgekom op die internet wat my nuuskierig gemaak het. Die vraag was: "Is die evangelie 'n wetlike versinsel?" Die basis van die vraag is: Wanneer mense in Christus glo (Hom aanvaar as Verlosser), dan is hulle geregverdig. Dit is, hulle word regverdig verklaar. God vergewe al hulle sondes en beskou hulle as regverdig soos Christus self. Nietemin, gewilde Christendom leer egter dat so 'n persoon nie eintlik in homself, in sy natuur en in sy optredes so regverdig soos Christus is nie. So is die evangelie oop vir die beskuldiging van 'n “wetlike versinsel.” Dit word gesien as 'n wetlike transaksie waardeur God “wetlik” aanvaar word, wat nie waar is nie. Hy aanvaar ons as “regverdig” wanneer ons in werklikheid nie is nie. Die teoretiese kwessies en die regs argumente word die fokuspunt; hulle word die belangrike dinge eerder as die realiteit van wat ons toestand eintlik is!

Ek moet eerlik wees en sê dat so 'n konsep 'n beeld van God bied wat nie gepas is vir 'n regverdige Koning van die heelal nie. Dit beeld Hom uit as een van die vinnige sprekende prokureurs wat wettige skuiwergate gebruik om die wreedste misdadigers te bevry en hulle op die samelewing los te laat om hul wrede misdade weer en weer te herhaal. Is dit aanvaarbaar as die beste "plan van verlossing" wat God kon aanbied? Is die evangelie wettiese argumente, of gaan dit oor die werklike probleem om die mens van 'n werklike sonde probleem te bevry?

In die vorige hoofstuk het ons vasgestel dat dit sonde is wat die mens doodmaak. Die teenoorgestelde is waar: geregtigheid gee lewe. Wanneer ons dit verstaan, neem die dood van Christus 'n heeltemal ander aard aan.

HOE DIE LEWE OORGEDRA WORD

Eerstens moet ons kennis neem van 'n belangrike fundamentele beginsel wat krities is vir ons begrip van hierdie kwessie. En dit is: Eertyds toe God lewe geskep het, was dit oorgedra aan ander deur voorplanting en geboorte. Elke wese ontvang sy fundamentele natuur wanneer hy gebore word en dit bepaal wat hy is, of dit nou hond, kat, leeu, wolf, mens,...ens. is. Binne die raamwerk van daardie natuur ontwikkel elkeen 'n karakter, maar die natuur bepaal wat die aard van die skepsel sal wees.

Soos ons vroeër geleer het, is ons almal gebore met 'n geestelike sowel as 'n fisiese natuur. Almal wat uit Adam se geslag kom, word gebore met 'n sondige, verswakte, sterwende liggaam en 'n vleeslike, sondeverslaafde, ongeregde gees ('n sondige verstand). Dit is wat ons by geboorte ontvang, en geen van die uitvindings van die mens - mediese wetenskap, sielkunde, opvoeding, hersosialisering, geloof ... ens, kan hierdie natuur verander nie, ook fisies of geestelik, alhoewel die mens sommige van sy manifestasies kan onderdruk of vermom.

Die natuur word slegs deur geboorte oorgedra! Die mens word gebore met 'n natuur wat geestelik dood is. Die Bybel beskryf hom as "dood in oortreding en sondes"



En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered (Efésiërs 2: 1, 5)

Mens is gebore met 'n liggaam wat dood gaan. As hy ooit die mag van hierdie dubbele dood (fisies en geestelik) wil ontvlug wat in hom werk, dan moet die mens wedergebore word! Dit kan nie verkry word deur op te tree soos iemand anders nie. Omdat die natuur slegs deur geboorte oorgedra word!

'N NUWE BRON VAN LEWE

Ons moet onthou dat wanneer daar 'n geboorte plaasvind, dat daar altyd 'n oorspronklike lewensbron is. Daar is altyd 'n ouer, een wat die lewe na 'n ander oorplaas. As daar ooit 'n nuwe geboorte vir die mens sou wees, as hy 'n nuwe lewe en 'n nuwe natuur kon ontvang, moes daar 'n oorspronklike bron wees, daar moes 'n ouer wees in wie hierdie nuwe lewe bestaan het. Verder moes al die belangrike eienskappe, die kenmerkende eienskappe van hierdie nuwe lewe en die nuwe natuur, deel wees van die oorspronklike lewe. Hulle moes eers deel van die ouer se lewe gewees het voordat dit na die nageslag oorgedra kon word.

Wat was dit wat God vir die mens wou doen? Hy wou hom 'n lewe gee waarin sonde verslaan en vernietig is; 'n lewe waarin die natuur na God en Sy geregtigheid gedraai het, so natuurlik soos wat die blom na die son draai. Slegs deur so 'n lewe te ontvang, kan 'n mens verlos word van die vreeslike lot wat hom opgelê was deur die lewe wat deur Adam oorgedra is.

Dit is wat God voorgestel het om in Christus te doen. Jesus was die tweede Adam, die tweede prototipe van die mensdom, "die ewige Vader (Jesaja 9: 6)", van 'n nuwe mensdom wat 'n lewe kan inbring waarin sonde verower en vernietig is en geregtigheid 'n natuurlike realiteit is. Maar om so 'n lewe te hê wat oorgedra kan word, watter kwalifikasies het Jesus nodig gehad?

- Hy moes sonde op Homself geneem het, sonde se mag ervaar het en dit verslaan en vernietig het sonder om daaraan toe te gee. Slegs op hierdie manier kon Hy 'n oorwinnende lewe hê om aan sy nageslag te gee.
- Hy moes 'n goddelike wese wees; een wat in sy aard natuurlik gelyk is aan die wet; een wat die werklikheid van die lewende wet was. 'n Engel kon instruksies gegee het oor hoe om die wet te gehoorsaam, en hy kon ons selfs 'n voorbeeld gegee het, maar net die Wetgewer self, die lewende wet, kon 'n natuur oordra waarin die diepste beginsels van daardie wet gebou is.

Dit is presies die soort Verlosser wat Jesus was en dit is Sy kwalifikasies. Jesus moes menslik wees, heeltemal menslik, of anders kon Hy nie ons sonde op Homself geneem het nie.

Hy kon nie ons sondige siekte op Hom geneem het sodat Hy dit kon vernietig nie. Tog op dieselfde tyd, kon daar ook nie verlossing kom van een wat net 'n seun van Adam was nie. Deur die wet van oorerwing is al wat Adam aan sy nageslag kon oordra, sonde en dood. As Jesus net 'n Seun van Adam was, is dit al wat Hy kon oordra. Ten einde die lewe te gee, moes hy van buite hierdie wêreld afkom. Hy moes van 'n ander geslag wees sodat Hy 'n nuwe bestanddeel in die mensdom kon bring. Meer as dit moes Jesus ten volle goddelik wees! Slegs deur 'n Goddelike wese te wees, een wat gelyk is aan God, kan Hy 'n lewe van volmaakte geregtigheid gee; een wat nie net aanpas by reëls nie, maar wat in opsigself, natuurlik suiwer, regverdig en heilig was!

TOT SONDE GEMAAK

Die woord van God vertel ons:



Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, “sonde vir ons gemaak”, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom: (2 Korinthiërs 5: 21)

Let op wat die woord van God sê: Dit is baie meer kragtiger as om te sê dat Jesus vir ons sondes gesterf het! Dit sê, Hy was "gemaak" om sonde te wees. Hoe was dit moontlik vir 'n Heilige wat sondeloos was? Hoe het Hy sonde geword? Hoe kan dit wees soos Petrus sê:



“ wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.”(1 Petrus 2:24)

Dit is omdat ons nie die ware natuur van sonde behoorlik verstaan het nie, ons het dit altyd verkeerd verstaan! Sommige het geglo dat Hy ons sondes gedra het en sonde geword het, bloot deur die feit dat Hy met 'n gedegenerende menslike liggaam gekom het en die swakhede van die vlees van alle mense in die algemeen gehad het. Ander, omdat hulle sonde beperk tot oortredingsdade, het veronderstel dat Hy ons sondes gedra het deurdat elke verkeerde daad wat ooit in die geskiedenis van die mensdom gepleeg is op een of ander geheimsinnige manier bymekaar gekom het en op Christus neer gekom het. Wanneer ons egter 'n behoorlike begrip het van wat sonde werklik is, verstaan ons skielik wat gebeur het toe Jesus vir ons sonde geword het. Skielik maak dit kristalhelder sin. Ons sien die wonderlike waarheid wat terselfdertyd vreeslik is, en tog wonderlik!

Die wortel van alle sonde is ongeloof, wat lei tot skeiding van God. In elke wese wat hierdie skeiding ooit ervaar het, of dit nou Lucifer en die gevalle engele of Adam, Eva en hul nageslag is, het hierdie skeiding in elk geval dadelik tot die manifestasie van sonde gelei, dit wil sê in die uitvoering van sondige dade. Dit is belangrik dat ons die stappe in hierdie afwaartse proses van sonde verstaan sodat ons ten volle kan begryp wat gebeur het toe Jesus ons sondes gedra het.

- Eerstens is daar ongeloof - 'n onwilligheid om God te vertrou.
- Dit lei tot die skeiding van God.
- Die onmiddellike gevolg is 'n algehele selfsugtige natuur.
- Die natuurlike en onvermydelike resultaat is die pleeg van sondige dade.

Elkeen van hierdie stadiums word verwys na as sonde, omdat hulle almal verwant is, met elkeen die oorsaak of die gevolg van die ander.

Die algemene oortuiging is dat Jesus alleenlik die laaste een van hierdie stadiums van sonde, (die sondige daad), geneem het toe Hy ons sondes aan die kruis gedra het. Maar omdat Hy self nooit 'n enkele daad van sonde gepleeg het nie, moes dit bloot die straf wees vir die sondes wat Hy vir ons gedra het. So ons idee is dat wanneer Jesus ons sondes gedra het, God elke verkeerde daad geneem het wat ooit in die geskiedenis van die wêreld gepleeg is, die straf van die verkeerde daad op Hom gelê het. Dit het ons weer gemaak om na verlossing te kyk as 'n wettige saak, iets wat verband hou met papierwerk en die balansering van die boeke. Ons sien dat Jesus die straf dra, sodat ons vrygelaat kan word en God die boeke wettig kan balanseer. Ons sien nie die sondes wat Christus in werklikheid dra nie, wat 'n dinamiese effek op die lewens wat ons tans ly, beïnvloed op 'n ware en praktiese manier nie.

Maar dit was ons sonde wat God op Christus gelê het. Nie sonde in sy eindresultaat van sondige daad nie, nie sonde in sy derde stadium van selfsugtige natuur nie, maar sonde in sy oorsprong, in sy basiese ontstaan, waar dit begin. Natuurlik het Jesus nie geloof in God verloor nie. Hy het nooit sy eie weg gekies nie (die eerste stap) dat Hy Homself van God verwyder het nie (die tweede stap). Maar God het ons sonde op Hom geplaas:



Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtheid van ons almal op Hom laat neerkom. (Jeseja 53: 6)

God het die tweede stap (skeiding van Homself) opgelê, op Christus. Hy moes dit doen sodat Christus die sonde beginsel kon vernietig!

SONDE VEROORDEEL

Toe God Homself van Sy Seun onttrek het, het Jesus die volle gevolge van die sonde gely. Die ang van daardie skeiding was meer as wat Christus kon verdra en dit het sy hart gebreek. Maar laat ons kyk wat Christus gedoen het. In elke ander wese wat ooit van God geskei was, was die onmiddellike resultaat selfsugtigheid. Die derde stap in sonde het dadelik gevolg. Die begeerte na selfbehoud het dadelik die oorheersende beginsel van die hart geword. Selfs Adam, wat sy volle vreugde in Eva gevind het, het haar dadelik beskuldig om sy eie bestaan te red nadat hy gesondig het en van God geskei is!

Nou het God Jesus alleen gelaat en dadelik het 'n groot afgryslieke duisternis oor Hom gekom. Sonder die gerusstellende versekering van God se Gees het alles onseker en onheilspellend gelyk. Selfs die profesieë wat verband hou met Sy opstanding het vaag en onmoontlik gelyk. Die gedagte het op Sy verduisterde en verwarde denke gedruk, as Hy sou sterf dit moontlik vir ewig sal wees. Kom ons onthou dat Jesus nie in die gemak van Sy slaapkamer was, en Sy Bybel bestudeer het met die Heilige Gees wat Sy verstand verhelder het nie. Hy was 'n gemartelde mens, het baie swaar gely en het erge bloedverlies gehad, waarskynlik meer as vier en twintig uur wakker gewees en dit het waarskynlik gely na hallusinasies, en nou die ergste van alles, verlate gelaat deur die Gees van God!

Daar was geen straal van lig om sy verstand te verhelder nie, en geen vertrooster om die profesieë terug te bring in sy gedagtes met vars krag nie! Daar benewens het Satan Hom aangeval met golf op golf van twyfeling!

Die logiese, die natuurlike, oënskynlik, die onvermydelike gevolg, was dat Jesus die volgende stap in die pad van die sonde sou neem en selfsugtig word - dat Hy sou probeer om Sy eie lewe te bewaar. Enige ander wese in die heelal sou dit gedoen het! Die heiligste engel in dieselfde situasie sou dit gedoen het. Maar Jesus was volkome goddelik. Hy was die eersgeborene Seun van God, en van dieselfde suiwer, heilige en onselfsugtige natuur van God. Toe sy kragte weggeneem is, toe die Heilige Gees teruggetrek is en alle hoop weggeneem is, kon Hy nie ophou om Homself te wees nie. Hy kon nie selfsugtig wees nie omdat Hy van nature God was en God is heeltemal goed! Hallelujah! Amen!

In plaas daarvan om na self te draai, en die volgende stap van die sonde te neem, in plaas daarvan om voor Satan se beginsel neer te buig, het Jesus gesterf vir sonde. Hy het die sonde in Homself weerstaan en dit tot die dood toe, en sodoende die sonde vir ewig in die menslike vlees vernietig!



Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, (Romeine 8: 3)

Dit was in Sy vlees, in Sy menslike vlees dat Jesus sonde veroordeel het. Hy het dit op Homself geneem en dit veroordeel. Nou is daar 'n mensdom waarin sonde vernietig is. Nou is daar 'n mensdom waarin die vyandskap tussen mens en God verwyder is. Daar is 'n menslike lewe waarvoor sonde nie meer heerskappy het nie, 'n lewe waarin sonde sy beste kans geneem het, maar is verslaan en vernietig. Waar is hierdie lewe? Waar is hierdie mensdom? Dit is in die tweede Adam, die nuwe skepping; Dit is in Jesus Christus!



En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun! (1 Johannes. 5: 11)

Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. . (Romeine 8: 1)

Die sonde in ons het ons veroordeel en die dood in ons veroorsaak. Skeiding van God het selfsugtige nature en selfsugtige handeling veroorsaak. Maar Jesus het hierdie veroordeling op Homself geneem, Hy het die vloek in Sy eie liggaam gedra:



Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang(Galasiërs. 3: 13)

— en daar is hierdie veroordeling vernietig. **Dit is die lewe wat Jesus nou aan almal gee vir die wat glo. 'n Lewe waarin skeiding van God, selfsugtigheid, selfsugtige dade, alles vernietig is. EN DIT IS WAAROM JESUS MOES STERF!**

In alle mense is daar 'n natuurlike wet wat in werking is, ingeplant en geërf van Adam. Hierdie verskriklike wet word “die wet van sonde en dood” genoem, en die apostel Paulus beskryf die manier waarop dit werk in Romeine 7: 14-24.



Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek. En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is. Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon. Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek. Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon. Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig. Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens; maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is. Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? (Romeine 7: 14-24)

Niemand kan deur enige menslike plan of moeite die uitwerking van hierdie wet oorkom nie. Dit is 'n beginsel ingebou in die lewens van almal wat van Adam se geslag afkomstig is. Dit is 'n natuurlike wet; 'n wet van die natuur. Reëls en regulasies kan nie die natuurlike wet kanselleer of ongedaan maak nie, so is die Tien Gebooie, God se wet uitgedruk in geregtelike norme, is magteloos om die probleem op te los. Geregtelike wetgewing was nooit die regte antwoord nie. Omdat die wet (geregtelike wetgewing) swak is in die vlees.



Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. (Romeine. 8: 2)

'n Groter wet as die regtelike wet is werksaam in die vlees en hierdie regtelike wetgewing kan dit nie oorkom nie. Dit sal wees soos iemand wat 'n mens 'n bevel gee: "As jy in die lug spring, sal jy nie weer na die aarde val nie." Die opdrag sou nutteloos wees. Dit kon nie die natuurlike wet van swaartekrag verander nie, maak nie saak hoeveel keer daar gepleit of gedreig is nie, of hoe hard ook al hierdie mens probeer het nie. As die natuurlike wet oorkom moet word, moet 'n hoër natuurwet ingestel word om die vorige wet teen te werk.

Swaartekrag is 'n natuurlike wet wat vereis dat alle dinge aan die aarde gebind bly. Die gevolge van swaartekrag kan egter deur die wet van lug dinamika oorkom word. Dit is 'n ander wet wat, wanneer dit toegepas word, 'n persoon in staat stel om bo die wet van swaartekrag te werk. Dit word elke dag bewys wanneer ons in vliegtuie vlieg. Ons oorkom swaartekrag deur 'n hoër wet toe te pas. Alhoewel hierdie persoon die bevel onmoontlik sal vind om uit te voer in homself, maar as hy die wet van aero dinamika sou toepas sou hy daartoe in staat wees om die opdrag te gehoorsaam.

DIE WET VAN DIE GEES

So sê die woord van God:



Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. (Romeine: 8:2)

“Die wet van die gees van die lewe (natuurwet - die wet van Christus se regverdige natuur) in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van sonde en dood (natuurwet - die wet van my sondige natuur).”



... wat die wet nie kon doen nie, omdat dit deur die vlees swak was, het God sy eie Seun gestuur in die gelykenis van sondige vlees en vir die sonde die sonde in die vlees veroordeel (Romeine 8: 3)

Die wet van sonde en dood het in ons wese geregeer en ons was te hulpeloos om dit te weerstaan. Die Tien Gebooue kon nie die krag verkry wat dit nodig sou gehad het om dit te oorwin nie. Maar daar is 'n ander wet, die wet van die gees van lewe, en waar bestaan hierdie wet? Dit is in Christus Jesus! Dit kan gevind en ervaar word in Christus. Wat God gedoen het, was om 'n ander natuurwet in te bring om die effekte van die eerste wet te kansleer. Diegene wat hierdie natuurlike wet beleef het, vervul die regverdigheid van die wet, hulle dink aan die dinge van die Gees, hulle het lewe en vrede, hulle liggame is dood vir sonde en lewendig tot regverdigheid, en hulle is waarlik die seuns van God. (Romeine 8: 4-14):



... sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid. En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. Daarom dan, broeders, is ons skuldenaars, nie aan die vlees om na die vlees te lewe nie; want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe, maar as julle deur die Gees die werke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe. Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. (Romeine 8 :4-14)

NOTAS

DIE VERBREEKTE VLOEK

HOOFSTUK 12

WAT IS 'N VLOEK?

Die kruis speel 'n sentrale rol in die redding van die mensdom. 'n Persoon kan nie deur die Nuwe Testament lees sonder om dit te erken nie. Die kruisiging van Jesus was 'n vooraf bepaalde aspek van die plan van verlossing, iets wat deur God en sy Seun bewerk is voor die eeue. Die apostels het die betekenis van die kruis verstaan en dit was altyd in die middel van hul onderrig. Paulus het geskryf:



maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; (1 Korinthiërs 1: 23)

want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. (1 Korinthiërs 2: 2)

Paulus het Christus gepreek, maar let op na sy beklemtoning. Dit was nie net Christus wat in die middel van sy boodskap was nie, maar Christus op 'n sekere punt in sy ervaring - Christus gekruisig. Hoekom is Golgota so belangrik? Wat het regtig aan die kruis gebeur? Dit is 'n vraag wat al die jare in ewigheid sal vereis om beantwoord te word, maar ondanks dit alles, is daar vandag nog baie feite wat ons kan versamel deur hierdie onderwerp noukeurig te bestudeer.

VERLOS VAN DIE VLOEK

Laat ons begin deur Galasiërs 3: 13 te bekyk.



Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang—(Galasiërs 3: 13)

Die apostel Paulus sê dat Christus ons van 'n sekere vloek verlos het en dat hierdie vloek "die vloek van die wet" was. Christus het ons teruggekoop van hierdie vloek. Maar hoe het Hy dit gedoen? Hy het dit gedoen deur self 'n vloek te word. Deur hierdie vloek op Homself te neem. Om sy punt te bewys, haal Paulus uit Deuteronomium 21:23 aan wat sê dat elkeen wat aan 'n paal hang, vervloek is deur God. Christus is aan 'n boom opgehang, daarom was Hy vervloek, en op hierdie manier dra hy die vloek en so het Hy ons van die vloek verlos.

Daar is 'n paar vrae wat ons onself moet afvra as ons hierdie onderwerp goed wil verstaan. Wat is 'n vloek? Wat beteken dit as ons onder die vloek van die wet was? En hoe het Christus hierdie vloek geneem en ons sodoende daarvan bevry?

WAT IS 'N VLOEK?

'n Vloek is 'n vonnis van onheil. Hierdie konsep bestaan selfs buite die Bybel. Die meeste van ons ken waarskynlik 'n storie van iemand wat vervloek is en gevolglik geteister word deur allerhande soorte ongeluk. Dit is 'n gewilde tema in storieboeke. Hierdie idee het 'n bietjie waarheid daarin.

In die boek Numeri in hoofstuk 22 lees ons dat Balak, die koning van Moab, vir Bileam gestuur het om Israel te vervloek. Israel het Palestina binnegeval en elke nasie wat in hul pad gestaan het, verslaan en Moab was volgende. Balak was bewus daarvan dat alles wat Israel gedoen het, geslaag het en hy het erken dat hy hierdie mense nooit sonder spesiale hulp kon verslaan nie, so het hy vir Bileam laat haal, omdat Bileam 'n reputasie gehad het. Hy was 'n profeet van God en elkeen wat hy geseën het, was geseën en elkeen wat hy vervloek het, was vervloek.

Maar toe Bileam daar aangekom het, het hy elke keer sy mond oopgemaak om Israel te vervloek, het Hy homself gevind dat hy seëninge uitspreek, nie vloeke nie, en dit vertel ons iets anders. Dit vertel ons dat 'n vloek nie iets is wat een persoon op 'n ander kan plaas nie. 'n Persoon kan 'n vloek uitspreek, die woorde van 'n vloek spreek, maar die persoon het nie die mag om 'n ongeluk op iemand anders te bring nie. Hierdie idee is algemeen in menslike denke, maar dit is glad nie die Bybelse idee van 'n vloek nie!

As voorbeeld van wat ek bedoel, laat ons kyk na Matteus 23. In hierdie gedeelte is dit Christus wat met die Jode praat:



Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug? Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe, en julle sal sommige van hulle doodmaak en kruisig en sommige van hulle in jul sinagoges gésel en van die een stad na die ander vervolg, sodat oor julle kan kom al die regverdige bloed wat vergiet is op die aarde, van die bloed van die regverdige Abel af tot op die bloed van Sagaría, die seun van Berégja, wat julle vermoor het tussen die tempel en die altaar. Voorwaar Ek sê vir julle, al hierdie dinge sal oor hierdie geslag kom. (Matthéüs 23: 33-36)

Daar was nooit 'n meer ernstige, 'n meer vreesaanjaende vloek uitgespreek oor 'n volk nie! Hierdie oordeel is vervul toe die Romeine Jerusalem omsingel het. Die omstandighede van die Jode was so verskriklik dat honger vroue hul eie kinders begin eet het! Toe die Romeinse leërs uiteindelik die stad ingeval het, het Joodse bloed in die strate van Jerusalem soos water geloop.

VERVLOEKINGE IS SELF-OPLEGGEND

Dit was 'n vloek, maar wie was dit wat Israel vervloek het? Jesus het die woorde gespreek, maar wie was dit wat hulle vervloek het? Die feit is, Israel het hulself vervloek! Was dit Christus wat hierdie rampe op hulle gebring het? Nee, dit was hul eie daade wat hulle vervloek het! Al wat Christus gedoen het, was om vir hulle die waarheid te vertel voordat dit sou gebeur. Hy het net geprofeteer van wat sou gebeur.

Dit was hulle wat van God afvallig geword het en Hom heeltemal verwerp het, soveel so, dat Hy hulle nie meer kon beskerm nie. Die gevolg was dat Satan sy werk in hulle kon doen, wat uiteindelik tot die vernietiging van die volk gelei het. Soos Spreuke 26: 2 vir ons sê, “vervloeking sonder oorsaak: dit kom nie uit nie.”



Soos die voëltjie wegfladder, soos die swaweltjie wegvlieg, so is ‘n vervloeking sonder oorsaak: dit kom nie uit nie. (Spreuke 26: 2)

Hierdie selfde waarheid word in Genesis hoofstuk 9 geïllustreer. Hier lees ons dat Noag na die vloed dronk geword en naak in sy tent gelê het. Ons word vertel dat sy jongste seun Ham ingegaan en sy pa se skaamte gesien het. Die Bybel vertel ons nie presies wat hy gedoen het nie, maar die afleiding is dat hy sy pa gespot het. Sommige sê dat hy meer gedoen het en dat hy eintlik sy vader gesodomiseer het, maar die Bybel maak dit nie bekend nie. In Genesis 9: 24,25 lees ons:



Toe Noag van sy wyn wakker word en merk wat sy jonger seun hom aangedoen het, sê hy: Vervloek is Kanaän! ‘n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers. (Genesis 9: 24,25)

En Noag het wakker geword en gesê: “Vervloek is Kanaän.” Wie was die persoon wat gekom en na hom gekyk het? Dit was Ham, maar vreemd, dit was nie Ham nie, maar Kanaän wat vervloek was! Wie was Kanaän? Hy was die seun van Ham. Ham het iets gedoen en Noag het ‘n vloek uitgespreek oor die seun van Ham. As Noag die persoon was wat die vloek op Kanaän gebring het, sou dit ‘n ernstige onreg van Noag wees. Maar dit was nie Noag wat hierdie vloek op Kanaän gebring het nie! Hy het nie daardie mag gehad nie. So, waarom het Noag, onder die inspirasie van God se Gees, ‘n vloek op Ham se seun uitgespreek. Watter beginsel leer ons uit hierdie verse?

Daar is ‘n lewensreël wat onafwendbaar is en dit word die “wet van gevolg” genoem. God mag die straf van ‘n persoon se sonde vergewe, maar die gevolge bly. Met ander woorde, wat ons doen, affekteer ons kinders! ‘n Persoon wat ‘n siekte opdoen as gevolg van sondige gedrag, kan sy of haar kinders met daardie selfde siektes besmet. Later kan die persoon God vra om die sonde te vergewe en natuurlik sal God vergewe, maar die kinders sal nie wonderbaarlik genees word van die siekte nie, net omdat die persoon vergewe word nie. Gevolge bly!

Noag se seun, Ham, het iets in sy karakter gehad wat aan sy seun Kanaän oorgedra sou word. Lewers in die toekoms sal hierdie houdings wat in die karakter van die nageslag van Ham vervat is, tot gevolg hê dat hulle dienaars van sy broers se nasate word. So het die vloek op Kanaän geval, nie omdat God willekeurig besluit het om Kanaän te straf nie, maar omdat Ham sy eie gewoontes en houdings aan sy seun oorgedra het wat dit weer aan die volgende geslag oorgedra het. Trouens, God sê dit gaan aan tot die derde en vierde geslag en dit bly regtig so lank as wat die bose eienskappe in die familie bly. Hierdie voorbeelde bring ‘n beginsel uit wat ons deeglik moet verstaan. In Eksodus 20: 5 sê God, ...



Ek, die HERE jou God, is ‘n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; (Eksodus 20: 5)

Hoe kan ons dit verduidelik? Is dit God wat willekeurig besluit dat wanneer iemand verkeerd doen, sal Hy, God, daardie persoon se seun en sy nageslag, geslag na geslag, straf? Is dit hoe God is? Absoluut nie!

Een groep mense wat baie gelyk het, is die swart ras. Alhoewel dit waar is dat sommige van die "groot" beskawings van die verlede van Afrika was, is dit ook waar dat een van die donkerste hoofstukke van die menslike geskiedenis die slawerny en brutale behandeling van Afrikane was, in sommige gevalle deur hul eie rasse(mense), maar meer dikwels deur ander rasse. In die hele geskiedenis van die mensdom het die mens sy medemens as slawe gebruik, maar dit blyk dat hierdie boosheid die meeste gesien was in die slawerny van swart mense. Maar waar het dit begin? Oor die algemeen is Afrikane afstammeling van die stamlyn van Ham.

Ham het 'n koers, teenstrydig met God geneem en sy kinders in dieselfde koers gelei. Een van die eerste groot rebelle teen God was Nimrod wat 'n afstammeling van Ham was. Nimrod het 'n koninkryk opgerig wat in direkte opstand teen God was:



Kus was ook die vader van Nimrod. Hy het begin om 'n gewelddadige jagter op aarde te wees. Hy was 'n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, 'n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE. En die begin van sy ryk was Babel en Ereg en Akkad en Kalne in die land Sinear. (Genesis. 10: 8-10)

Die vloek (die bose eienskappe) het van vader tot kind oorgegaan, aangesien Ham se afstammeling verder en verder weggedryf het van die ware kennis van God. Soos hulle meer verward geword het, het hulle meer gedegradeer totdat hulle uiteindelik klippe en stukke hout begin aanbid en in sommige van die mees vernederende daede betrokke was.

Waar stop die afwaartse spiraal wanneer 'n mens gebore word in 'n land waar mense, mense eet, waar die enigste gode wat bekend is, van hout en klip is, en waar die mees vernederende aspekte van die menslike natuur algemeen en normaal voorkom en beskou word as die normale manier van lewe? Watter hoop het 'n mens om ooit die siklus te breek? Dit word net erger!

Die vloek is dus werklik die uitwerking van natuurlike gevolge, en dit is een ding wat ons moet verstaan. Normaalweg tree God nie tussenbeide nie, wat ookal die gevolge is. Hy mag straf vergewe, maar die gevolge bly staan. Dit is hoe dit is!

HOE KAN 'N VLOEK VERBREEK WORD?

Kom ons neem kennis van die feit dat God sê dat Hy die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders: "Tot die derde en vierde geslag van die wat my haat." Kan ons 'n element van hoop in hierdie stelling sien?

In Genesis 27 het Jakob na sy vader gekom en deur bedrog en kullery iets gekry wat aan sy broer behoort het. Hy het sy broer se seën gesteel. Toe Esau later inkom om sy seën te ontvang, het hy gevind dat al sy seën weg was, en alhoewel hy met sy pa gepleit het om hom ook sy seën te gee wat aan hom behoort het, kon sy vader dit nie doen nie.

Isak kon nie van voorneme verander nie, want die seën, soos die vloek, was bloot 'n profesie, van hoe dinge sal gebeur onder die leiding van die Gees, Isak kon nie iets sê wat nie waar was nie. Maar in vers 40 het hy aan Esau gesê:



En van jou swaard sal jy lewe, en jou broer sal jy dien. Maar as jy jou kragte inspan, sal jy sy juk van jou nek afruk." (Genesis. 27:40)

Hoe word 'n vloek verbreek? God het deur Isak aan Esau gesê dat hy sy broer sou dien, maar wanneer die dag kom dat hy Jakob se heerskappy van sy nek kon verwyder, sou hy vry wees van hierdie vloek. Om 'n vloek te verbreek, moet 'n mens eers onder sy mag wees, en dan van daardie posisie af, daardie mag verslaan. Dit is die enigste manier om 'n vloek te verbreek.

Gestel daar was 'n man wat 'n duisend jaar gelede in 'n primitiewe deel van Afrika gewoon het, half naak, en ook hout en klip aanbid het. As hierdie man tot die volle waarheid van die ware God gekom het, wat sou met sy kinders gebeur het? Die vloek sou in sy familie verbreek gewees het! Daar sou in die middel van Afrika, 'n stam omring deur duisternis, wat heeltemal anders was as dié rondom hulle, ontstaan het. In hulle sou reinheid en geregtigheid van die ware Christendom geopenbaar word, ten spyte van die omliggende duisternis en onkunde. Maar dit het net een persoon gekos om hierdie vloek te verbreek!

Maar hoe kon iemand wat opgegroeï en sy hele lewe in sulke omstandighede deurgebring het, wegbreek van daardie siklus? Iemand wat in daardie situasie opgegroeï en geleef het, kan nooit onder normale omstandighede daaruit wegbreek nie. Die enigste manier was om 'n nuwe beginsel in sy lewe bekend te stel.

Dit is hoekom, selfs al was slawerny so 'n afskuwelike ding, is ons dankbaar dat God hierdie verskriklike boosheid kragteloos gemaak het, om goeie dinge te bewerkstellig. Sommige van my voorouers het onder hierdie verskriklike omstandighede na die Karibiese Eilande gekom, maar dit het 'n geleentheid gegee vir baie mense van Afrika-afkomstig om aan hierdie evangelie blootgestel te word. Daarom is ek vandag waar ek is: 'n kind van God en gelukkig met my lot in die lewe. So het die latere omstandighede 'n verandering gebring, en 'n nuwe toekoms het in die verdorwe lewe van Ham gekom; sodat die vloek nie aan my oorgedra is nie. Daardie vloek op Ham is gebreek omdat 'n nuwe toekoms in die lewe van my voorvaders gekom het!

NOTAS

HOOFSTUK 13

DIE VLOEK VAN DIE WET

In Galasiërs 3: 13 lees ons, om ons te verlos, het Jesus die "vloek van die wet" aangeneem. Wat is hierdie "vloek van die wet"? In Spreuke 28: 9 sê hy:



Wie sy oor wegdraai om nie na die wet te luister nie, selfs sy gebed is 'n gruwel.
(Spreuke 28: 9)

Wat beteken dit? Wat is 'n gruwel? 'n Gruwel is iets wat baie hoogs aanstootlik is; iets wat mens onverdraagsaam vind. Die Webster se Nuwe Wêreld woordeboek definieër 'n gruwel as "enigiets wat haatlik en walglik is." Die man wat sy ore sluit vir die eise van God se wet het 'n groot gaping tussen homself en God gebring. Selfs sy gebed is 'n gruwel. As sy gebed 'n gruwel is, wat dan van die persoon self? Dit gee ons 'n idee van hoe om te verstaan wat die vloek van die wet is. Die vloek van die wet kom op 'n persoon wanneer hy die wet verbreek.

Galasiërs 3: 10 sê:



Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. (Galasiërs 3: 10)

Dit is diegene wat nie ALLES doen wat die wet sê nie, wat vervloek is. Om die vloek van die wet te vermy, moet 'n mens absoluut alles doen wat die wet sê, maar soos Jakobus dit stel, as hy op een punt oortree het, is hy skuldig aan ALMAL. Geen mens, (behalwe Christus) het die wet ten volle perfek onderhou nie. Niemand van ons het ooit in "alles" wat in die wet beveel word, gehou nie, daarom was die vloek van die wet op die hele mensdom. Die vloek waaraan ons bloodgestel is deur om ongehoorsaam te wees, en om van die wet weg te draai.

Adam is die persoon wat hierdie vloek ingebring het, en sodoende die hele mensdom onder hierdie vloek geplaas het. In Genesis 2: 17 het God aan Adam en Eva 'n waarskuwing gegee. Hy het hulle baie duidelik laat verstaan wat die gevolg sou wees as hulle van die boom van die kennis van goed en kwaad sal eet:-



Maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.. (Genesis 2:17)

Die gewilde opinie is toe God Adam en Eva vertel het dat hulle sou sterf as hulle van die vrug sou eet, het Hy 'n vloek op hulle geplaas. Maar laat ons onthou die beginsel wat ons alreeds vas gestel het: "God vervloek niemand nie." Wat ons as 'n vloek van God beskou, is inderwaarheid Sy voorspelling van wat sal gebeur as 'n gevolg van 'n persoon se keuses en gedrag.

Toe God gesê het: "As jy eet, sal jy sekerlik sterwe." Hy het nie gesê: "As jy eet, sal Ek jou doodmaak nie!" Absoluut nie! Hy het gesê dat as jy die vrugte eet, gaan jy iets ervaar wat jou gaan doodmaak.

Hy het hulle in liefde gewaarsku. Maar hulle het gesê: "Ons dink nie U vertel die waarheid nie. Hierdie slang het gelyk of hy n goeie begrip het van wat regtig aan die gang is. "So het hulle God se raad verwerp en die vrug geneem.

Maar God bly nie waar Hy nie welkom is nie. Die oomblik toe Adam doelbewus, wetend en opsetlik gekies het om ongehoorsaam aan God te wees, het God van Adam af weggegaan. God moes Adam toelaat om sy vrye keuse te maak en Hy moes Adam se keuse respekteer. Adam het gekies om van God verlate te wees. In hierdie toestand is daar niks anders as die dood, fisies en geestelik nie! **"Dit is die vloek van die wet; die vloek wat voortspruit uit die verwerping van God, geopenbaar deur ongehoorsaamheid aan Sy wet."**

Dit is waar dat Adam nie daardie dag gesterf het nie, maar dit was net omdat die oomblik toe hy gesondig het, het Christus sy vonnis op hom geneem en belowe dat Hy in sy plek sou sterwe. Hy het dadelik begin om voordeel te trek uit Christus se offer, alhoewel Christus nog nie eintlik gesterf het nie. Die Bybel vertel ons dat "Jesus Christus die lam is wat geslag is van die grondlegging van die wêreld af"



En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. (Openbaring. 13: 8)

Omdat genade dadelik beskikbaar was, is dit moeilik vir baie van ons om regtig te begryp wat die mens daardie dag oor hulle self gebring het. Maar as ons 'n paar tree in die toekoms ingee en dink aan die toestand wat sal heers wanneer die genade tydperk sluit(voor die wederkoms van Christus) en die Gees van God van die aarde onttrek word, sal ons 'n beter beeld kry van waar die mens werklik verdien om te wees. Die Bybel sê dit van die mense op daardie tydstop:



... en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie (Openbaring. 16:11)

Hoekom sal hulle nie hulle self bekeer nie? Dit is omdat die Gees van God van die aarde af onttrek het. Sonder God kan geen mens berou hê nie! Hulle het geen begeerte om na God terug te draai nie, hulle genade tydperk het gesluit, hulle het geen voordeel, geen genade, geen lig van God nie, en hulle kan nie meer na God terugkeer nie. Die mens wat deur die sewe laaste plae gaan, sal ervaar wat dit beteken om ten volle onder die vloek te wees. Hulle sal na die dood soek en nie kan sterf nie omdat Christus nie meer tussen die mens en die volle gevolge van die vloek staan nie.

Dit is waar Adam en Eva daardie dag moes gewees het! Dit is wat hulle gekies het! Maar God het steeds seëninge vir die mensdom gebring omdat Christus daardie dag ingegryp het!

GOD ALLEEN IS GOED

In Mattheus 19: 17 vind ons wat ek beskou as die eerste en groot fondament van die Christelike geloof. Dit is wat Jesus vir ons sê: ...



En Hy sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God..... (Mattheus 19: 17)

Hierdie waarheid word herhaal in Openbaring 15: 4 waar dit van God sê. **U alleen** is heilig!

Die woord, "alleen" beteken dat daar geen ander is nie. Daar is niemand goed nie, nee, nie een nie, behalwe God. God alleen, is goed! Nog 'n waarheid spruit outomaties uit hierdie groot fundamentele waarheid. En dit is: Enige plek in die heelal waar goedheid gevind word, kan ons seker wees dat die teenwoordigheid van God daar is. Wanneer 'n mens vind wat werklik goed is, het hy werklik die teenwoordigheid van God gevind! As 'n mens goedheid buite God kon vind, sou dit beteken dat daar meer as een God is omdat God alleen goed is. Hierdie is 'n fundamentele beginsel en as ons dit nie verstaan nie, sal niks wat ons glo in verband met geregtigheid korrek wees nie. Dit is een van die hoekstene. Ons kan nie goedheid op enige plek vind, behalwe in God nie!

In die begin het God die heelal gemaak en dit was goed. Hy het 'n wêreld geskep en dit was alles baie goed! Tot watter gevolgtrekking kon ons dan kom? Dat hierdie hele heelal gevul is met die teenwoordigheid van die goedheid van God. Dit is duidelik dat God hierdie wêreld ontwerp het om 'n weerspieëling van Homself te wees. Hy het dit ontwerp om 'n plek te wees waardeur Sy lewe sou vloei, en uitgedruk word in elke boom, elke blaar, elke knop en elke blom. Daarbenewens moes die lewende, intelligente wesens woonplekke vir die lewende God wees. Hul liggame was tempels waarin Hy sou lewe en Hy homself kon uitdruk. Dit is die plan wat God in gedagte gehad het toe Hy hierdie wêreld ontwerp het en dit geskep het. In hierdie toestand was alles goed.

Maar Lucifer het iets in die heelal ingevoer wat nie in die oorspronklike plan ingesluit was nie. Vir die eerste keer het Lucifer die heelal in twee verdeel. Dit was nie 'n fisiese verdeling nie, dit was 'n ideologiese verdeling. Lucifer het die idee daar gestel dat dit moontlik was om sonder God beter te lewe.

Soos ons in Genesis lees, het Satan aan die vrou gesê (parafrasering): "God vertel nie die waarheid nie! God weet dat as jy van die boom op hierdie dag eet, sal jy soos God wees! "Die noodsaaklike element wat God in hulle lewens gebring het, was dat hulle goed was. Maar in wese het Satan vir hulle gesê: "Jy het God nie nodig om goed te wees nie. Al wat jy moet weet, is om te weet wat reg en verkeerd is. As jy die kennis van goed en kwaad het, sal jy soos God wees! "In wese het hy voorgestel dat God se hoofdoel is, die verstaanbaarheid van moraliteit, as mens verstaan tussen goed en sleg, dan word God onbelangrik.

Hierdie foutiewe leer lê aan die wortel van alle vals godsdienste op hierdie planeet.

Elke valse godsdiens leer dat wat 'n mens regtig nodig het is 'n morele opvoeding en dan kan Hy die res doen. Dit is nie die waarheid nie! Elke vals godsdiens bou op die beginsel van as jy die regte morele opvoeding het, jy reeds die benodighede het om goed te wees.

Maar God alleen is goed!! En sonder God kan “ons niks doen nie.” Om goed te doen moet 'n mens se lewe verenig wees met God se lewe!

So, die persoon wat na die geregtigheid soek, moet begin om God te soek, en dit is dwaas om dit binne homself te soek. Die persoon wat soekend is om reg te doen in homself, sal 'n leuen vind, iets wat die voorkoms van geregtigheid kan hê, maar dit is regtig 'n sataniese vervalsing of namaaksel.

DIE VLOEK KOM BINNE

Die heelal is verander nadat Satan sy nuwe beginsels bekend gestel het. Satan het iets bekend gestel wat genoem word, “boosheid”, wat die heelal in twee verdeel het. Nou was daar twee alternatiewe vir die lewe in die heelal: Aan die een kant was 'n lewe vol van God se teenwoordigheid waarin alles goed was. En aan die ander kant was 'n lewe geskei van God waarin niks goed was nie, en alles net boos was.

Kom ons onthou dat wanneer ons van hierdie verdeling praat, was dit nie 'n fisiese verdeling nie. Die hoofelement wat die een kant van die ander verdeel het, was die element die lewe van God. Oral waar goed bestaan, daar was die lewe van God! Maar aan die teenoorgestelde kant was daar geen lewe van God nie. Diegene wat daar is, is reeds dood in hulle oortredinge en sondes. Hulle is vleeslik, en die vleeslike verstand is vyandskap teen God en kan hom nie onderwerp aan die wet van God nie, en dit kan ook nie wees nie!

Ons kan dan verstaan dat 'n persoon wat ten volle van God geskei is, nie net gedeeltelik boos is nie. Hy is heeltemal boos, want daar is niemand goed behalwe God nie! Terselfertyd sal iemand wat heeltemal met God verenig is, 'n volkome goeie mens wees (soos Adam aan die begin was) want daar is geen kwaad in God nie.

In die begin was die mens aan God se kant, waar alles goed was, terwyl Lucifer en sy engele aan die ander kant was, waar alles boos was en niks goed nie. Toe Adam die keuse gemaak het om God te verwerp, het hy aangesluit aan die kant van Satan sonder God. So het Adam die mensdom onder die vloek gebring. Die vloek van skeiding van God!

'N STRAAL VAN HOOP

Kom ons kyk na die mensdom vir 'n oomblik, hoe dit sou gelyk het as Christus nie ingegryp het nie. Ons moet dit doen as ons regtig wil verstaan wat Christus gedoen het.

Wanneer 'n persoon van die goeie kant na die bose kant beweeg, sal die natuurlike gevolg wees dat al sy kinders(nageslag) in daardie bose kant gebore sal word, geskei van God en van sy Gees. Die gevolge van sy optrede sal sy afstammeling beïnvloed. Hulle sal onder die vloek gebore word.

Hoe kan die vloek gebreek word? Wel, dit is eenvoudig. Iemand moet teruggaan na die ander kant. Iemand moet 'n besluit neem om terug te keer na die kant waar God is. Maar is dit moontlik vir iemand om van die regtekant af na die bouse kant te beweeg, en dan na die goeie kant?

Die antwoord is, nee. Hoekom nie? Omdat almal daar sonder God is en daar is geen pleitende invloed van God se Gees nie, en niemand, sonder God, kan God kies of God se weg kies nie! So die mensdom was in 'n dilemma en Satan het gevoel dat daar geen uitweg vir ons was nie. Hy was seker dat as ons eenkeer sy beginsels aanvaar het, die beginsel van afhanklikheid van God sou syne wees vir altyd. Maar reg in die begin, daar in die tuin, het God iets gesê wat hom gevul het met 'n vreemde vrees.



En God het gesê: En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt. (Genesis 3:15)

God belowe dat die vrou se saad die kop van die slang sal vermorsel. Satan se hoof (kop) verteenwoordig sy beginsels, sy filosofieë en die grondslag waarop sy regering gebou is, die beginsel van onafhanklikheid van God en die skeiding van God. God het gesê dat die Saad sy kop sal vermorsel en Satan het 'n vrees in sy hart gevoel, want alhoewel hy sy wêreld gehad het en hy sy regering gestig het, het God se woorde beteken dat daar iets beplan is wat 'n ramp op hom sou bring. Wat God gesê het, was dat daar iemand sou kom wat hierdie vloek sou verbreek!

NOTAS

HOOFSTUK 14

CHRISTUS 'N VLOEK GEMAAK

In die begin, het God die mens goed geskape. Die mens was nie die keuse gegee om te besluit of hy goed en in 'n verhouding met God geskep moet word nie, of aan die ander kant boos en verwyder van God nie. Dit was God wat vir hom gekies het. Maar daar was destyds twee opsies in die heelal, goed en kwaad; lewe met God, of 'n lewe sonder God.

Hoekom het God nie die mens die opsie gegee om te kies nie, aangesien God in vryheid glo en hy regverdig is? Dit was Satan se argument. As God regverdig was en daar twee teenstrydige filosofieë in die heelal was, waarom het God nie die mens toegelaat om te besluit aan watter kant hy wou wees nie? Hoekom het God die mens nie 'n opsie gegee nie, sodat hy sy eie keuse kon maak nie?

VRYE KEUSE

Dit is waarom God die boom in die tuin moes plaas. Dit was God se manier om hulle die opsie te gee om 'n keuse te maak. Dit was vir hulle die vryheid om te kies om van God geskei te word as dit was wat hulle wou hê. God het hulle albei goed geskep. Nou moes Hy hulle die keuse gee om kwaad te kies as dit was wat hulle wou kies.

As ons hierdie oorweeg, besef ons dat die hele omstredenheid gebaseer is op die beginsel van vrye keuse, omdat God 'n God is wat nie sal regeer op 'n plek waar Hy nie welkom is nie. Dit is hoekom God die mens 'n vrye keuse gegee het. Ongelukkig het die mens hierdie vryheid gebruik om homself aan Satan se kant te plaas. Nou as die mens weer na God wil terugkeer, moes dit op grond van vrye keuse wees!



God kon nie inmeng toe die mens oor gestap het na die bose kant toe nie. Dit was die mens wat vrywilliglik sy keuse gemaak het om daar te wees en God moes daardie keuse respekteer! God wou die mens red, maar Hy kon nie inmeng met die mense se keuse nie, sonder om die mens se vryheid van keuse weg te neem nie. Tog was die mens in 'n verskriklike stryd, want hy kon nie kies om na God terug te keer nie. **Nadat die mens oor beweeg het na die bose kant, was dit onmoontlik vir die mens om terug te keer. Hoekom was dit so? Want toe die mens gekies het om van God te skei, het God nie meer die reg gehad om die mens deur Sy GEES te beïnvloed nie. Hy het nie die reg gehad om by die mens te pleit en om hom tot bekering te lei nie, want dit was die mens se keuse dat hy van God geskei is. Nogtans sonder die invloed van God se Gees, kan geen sondaar na God toe kom nie. Die bose verstand is vyandskap teen God, dit het geen begeerte tot God nie.**

Mense was vyande van God en het geen begeerte gehad om uit daardie posisie te ontsnap nie. Eie-wil het die mens vry gemaak van God se beheer, maar nou sal sy vrye-wil hom hou op 'n plek waar hy 'n slaaf is, en God kan nie inmeng nie.

God moes Sy lewe weer herinvoer in die menslike lewe - deur die mens se keuse - sonder om die mens se vrye wil te benadeel! Maar die gevalle mens kan God nie kies nie.

Daarom, die enigste manier waarop God dit kon doen, was om Sy Seun te stuur om mens te word en die keuse namens die mensdom te maak.

Onthou asseblief dat ons dit bekyk vanuit die perspektief van die mens se ware dilemma, soos die mensdom sou gewees het, sonder Christus se ingryping. Dit is die realiteit; dit is wat met die mensdom gebeur het. Ons het verkies om onself in 'n gat te sit min wetend wat ons gedoen het, en toe ons daar kom, kon ons nie uitkom nie! Die mens het vrywilliglik sonde gekies en nou moes hy terugkom uit vrye wil, maar dit was onmoontlik!

EEN NAMENS ALMAL

Miskien kan iemand sê, "Dit is onregverdig dat Adam 'n besluit geneem het en ek daaronder moet ly." Maar is dit 'n kwessie van regverdigheid of geregtigheid? As ek iets verkeerd doen en die regter vonnis my seun, is dit onregverdig, maar as ek iets doen en die gevolge gaan oor na my seun, dit is nie onreg nie, dit is die realiteit van hoe die lewe is. Dit is niemand se skuld nie, dit is hoe die natuur werk. Gevolge word oorgedra, wat natuurlik ook diegene wat nie skuldig is nie, beïnvloed. Dit is die manier waarop die heelal werk, God tree nie in en bemoei Hom met gevolge nie, selfs al vergewe Hy.

So het Adam hierdie gevolge op die hele mensdom gebring. Toe hy hierdie gevolge op die mensdom gebring het, was daar geen manier waarop hy dit kon omkeer nie, want nou was hierdie man aan die bese kant, en hy het geen vermoë gehad om terug te keer na die goeie kant toe nie. So is elke lewe wat uit die lewe van Adam op hierdie bese kant gebore word, is gedoem tot die ewige dood, geskei van God. Dit was die realiteit.

Wat moes God doen? As God een enkele mens kon vind wat die keuse kon maak om terug te keer na die goeie kant, kon God 'n manier vind om een mens te red. As een man gevind kan word wie God liefgehad het, dan kan die menslike lewe teruggebring word na die plek van gemeenskap met God. In daardie een lewe sou die vloek gebreek wees. Natuurlik sal dit nie die probleem heeltemal en volledig oplos nie, want as een mens terugkom, kan daardie een mens alleenlik homself terugbring. Maar laat ons begin met eerste dinge eerste.

KWALIFIKASIES VAN DIE VERLOSSER

Kom ons vra, was dit moontlik dat die vloek verbreek kan word? Kan God 'n manier vind waarmee die vloek vir een persoon verbreek kan word? Wat sal hierdie persoon moet doen of moet hê om die vloek te verbreek?

Eerstens, hy moet opsigself goed wees. Hy moes 'n persoon wees wat goed is in homself van natuur, en nie net deur assosiasie met God nie. Hoekom is dit so?

Omdat die toestand van die vloek, skeiding van God is en die gevolg hiervan is dat diegene onder die vloek heeltemal boos is, nie in staat is om goed te kies of om God te kies nie. As iemand onder die vloek nog steeds God kon kies, kan dit alleenlik net wees as daardie persoon 'n goeie mens kan bly, terwyl hy nog van God geskei is.

Maar wie kan van God geskei wees en goed bly? Daar is slegs een persoon in die heelal wat kwalifiseer. Hierdie persoon is iemand wat net soos God is. Hierdie persoon is natuurlik die Seun van God. Jesus kan van God geskei word en steeds goed bly, want Hy is die eniggebore Seun van God, van dieselfde natuur as God! Jesus, wat goddelik is, is goed in Homself. Alhoewel die menslike natuur in Eden misluk het, kon die menslike natuur, gekombineer met goddelike natuur, slaag, selfs wanneer die Gees van God ontrek is.

Watter ander kwaliteite het Jesus nodig gehad om die mensdom terug te bring? Wel, Hy moes ook mens wees! Watter soort mens moes hy dan wees? Hy moes 'n mens van die gevalle geslag wees, lei onder al die gevolge wat op die mens gekom het toe hy gekies het om onafhanklik van God te wees.

Maar meer as dit moes Hy 'n mens wees onder die vloek, in hierdie gevalle toestand, van God geskei, moes hy daarin slaag om na God terug te keer. Niemand anders in die heelal kon dit doen nie, nie 'n mens of engel nie!

Die enigste rede waarom Jesus suksesvol daarin kon slaag om na God terug te keer toe hy ten volle van Hom geskei was, was omdat Jesus in hom die een element van die lewe gehad het wat hom in staat sou stel om die vloek te verbreek! Hierdie nuwe element, nooit voorheen ingebore in die mensdom, was die element van goddelikheid.

Dank God vir Jesus! God self kon dit nie doen nie, want hy kon nie van homself geskei word nie. Hy kon nie die vloek neem nie. Niemand anders kan dit doen nie. Dit bewys weer dat Jesus die ware Seun van God is. Die waarheid dat Jesus 'n mens moes wees, onder die gevolge van die sondeval, is 'n absolute waarheid, maar laat ons nie die ander waarheid ontken dat Hy ook absoluut goddelik was nie. Albei gevalle moet waar wees!

CHRISTUS SE KWALIFIKASIES

Kom ons kyk daarna, van wat die Bybel ons vertel:

- **Christus was 'n goddelike wese**

En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid. (Johannes 1:14)

Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe— en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is (1 Johannes 1: 1,2)

- **Daarom, was Hy innerlik goed**

En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word. (Lukas 1:35)

- **Hy het die gevalle menslike natuurlike aangeneem.**

Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, (Galasiërs.4: 4)

Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom (Hebreërs 2:16)

Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, (Romeine. 8: 3)

- **Hy het ons sondes gedra ... aan die kruis**

wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is. (1 Petrus. 2:24)

- **Hy is sonde gemaak aan die kruis**

Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom. (2 Korinthiërs. 5:21)

- **Hy het 'n vloek geword deur aan 'n hout te hang.**

Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang— (Galasiërs. 3:13)

- **Hy was vervloek van God aan die kruis.**

dan mag sy lyk nie aan die paal oornag nie, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek. En jy mag jou land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie. (Deuteronómium 21:23)

- **Aan die kruis was Hy van God geskei.**

en omtrent die negende uur het Jesus met 'n groot stem geroep en gesê: Eli, Eli, lama sabagtáni? Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat? (Matthéüs 27:46)

- **Hy het die sonde in die gevalle vlees veroordeel.**

Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, (Romeine. 8: 3)

CHRISTUS 'N VLOEK GEMAAK

Jesus het na hierdie aarde gekom en die Bybel sê dat hy 'n vloek vir ons geword het, maar waar het hy 'n vloek geword? Dit was "**op die houtkruis!**"



"Vervloek is elkeen wat aan 'n houtkruis hang." (Galasiërs. 3:13)

Sommige glo dat Jesus die vloek geneem het die oomblik toe Hy gebore is en dat hierdie vloek bestaan het uit die gevalle vlees wat Hy aangeneem het, maar dit is nie wat die Bybel sê nie. **In 1 Petrus 2:24 word ons vertel dat Hy ons sondes in sy eie liggaam op die kruishout gedra het! Dit was op die kruishout dat hy 'n vloek gemaak is. Onthou wat ons vroeër ontdek het, dat die vloek die gevolg is en in hierdie geval, die gevolg dat Hy heeltemal van God geskei was.**

Toe Paulus sê, "vervloek is almal wat aan 'n houtkruis hang", het hy aangehaal uit Deuteronomium 21:32 wat sê:



Dan mag sy lyk nie aan die paal oornag nie, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek. En jy mag jou land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie (Deuteronomium 21:23)

Is dit regtig waar dat elkeen wat al ooit aan 'n boom opgehang is, deur God vervloek is? Natuurlik nie. Daar is baie mense wat verkeerdelik opgehang is, wat nie skuldig bevind was aan die misdaad waarvoor hulle aangekla was nie. Dus, wat beteken die vers? Die feit is dat hierdie vers spesifiek verwys na Christus; 'n profesie van wat met hom sou gebeur.

Let op wat die vers sê: "*Hy wat opgehang word, is vervloek deur God.*" Elke persoon in die heelal wat van God geskei is, is daar as gevolg van sy eie opsetlike skeiding, of soos in die geval van die mensdom, die opsetlike skeiding deur Adam. God verkies nie om van enige een geskei te wees nie, dit is ons wat kies om Hom te verlaat. Dit is altyd God se begeerte om by ons te bly, ongeag wat die omstandighede is. Dit is die weg van die liefde. Maar in die geval van Christus, laat ons daarop let dat dit God was wat hierdie vloek op Sy Seun gelê het. **Vir die eerste keer in die geskiedenis van die heelal het God iemand vervloek. Hy het gekies om iemand te verlaat wat begeer het om met Hom in gemeenskap te bly. Dit was die manier waarop dit moes wees, dit was wat ons verlossing albei Hom en Sy Seun gekos het!**

Dit is in ooreenstemming met Jesaja 53 wat vir ons sê:



Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.... Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtheid van ons almal op Hom laat neerkom.... Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees. (Jesaja 53: 4,6,10)

God het dit alles op sy seun gebring; Hy het sy rug op Hom gedraai. Sy Seun, wat nooit enige deel van die wet verbreek het nie, het gely deurdat God die vloek van die wet op hom geplaas het en sy rug op hom gedraai het en hom alleen in die heelal gelaat het.

God het toegelaat dat Sy Seun in 'n plek van vreeslike groot gevaar verkeer het toe Hy sy teenwoordigheid van Hom by die kruis weggeneem het. By die kruis het God sy rug op Sy Seun gedraai en Jesus was alleen gelaat om onder die mag en aanvalle van Satan te verkeer, terwyl hy ook onder die volle gewig en krag van die mensdom se vloek was.

Toe die skeiding plaasgevind het tussen Hom en Sy Vader, was Jesus verward en verwilderd. Hy, wat die grootste kameraadskap met Sy Vader geniet het, meer as enige wese in die heelal, was nou geheel en al beroof van daardie kameraadskap en Hy het baie swaarder gely as wat ons ooit sal besef of verstaan. Dit was in hierdie verwarde toestand dat hy in pynlike smart uitgeroep het:



"My God, my God! Waarom het U My verlaat?" (Matthéüs 27:46)

Satan moes gedink het: "Dit is dit! Ek het uiteindelik gewen! Niemand wat van God verlate is, kan aan God getrou bly nie! Alhoewel Hy die Seun van God is, was Hy steeds beperk deur degenereerde menslike swakheid, en dit is nie moontlik vir Hom om God se weg te kies nie!"

Maar op daardie oomblik is Satan se koninkryk vernietig. Op daardie oomblik is sy kop verpletter. Jesus het die vloek oorwin! Die vloek van skeiding het almal wat onder die vloek gekom het, gedwing om self te kies en nie God nie, maar Jesus het dit oorwin. As 'n mens, onder die mag van die vloek het Hy gesê: Ek kies God! "In U hande gee Ek my gees oor."!

TWEE BOME

Daar was twee bome waar die mens se lot beslis is. Die eerste was 'n lewende boom, en daar het Adam die dood gekies. Die tweede een was 'n dooie boom en daar het Christus die lewe gekies. Die kruis was eintlik die tweede boom van kennis van goed en kwaad.

Toe Adam by die boom kom waar die mensdom aan die heerskappy van die sonde verkoop is, was die plek 'n paradys en al die omstandighede was perfek. Adam en sy omgewing was die kenmerk van lewe en skoonheid. Adam het elke geleentheid gehad om God vir ewig te dien en te gehoorsaam. Maar toe Jesus na die houtkruis op die heuwel kom, waar die mensdom se lot herskryf is, was dit 'n vreesaanjaende plek omring deur die tekens van dood en verval. Die naam van die plek was veelbetekenend: Golgota, "die plek van 'n skedel." 'n Simbool van die lewelose, hopelose mensdom wat Christus verteenwoordig het.

By die boom in die tuin het Satan gesê: "As jy God ongehoorsaam is, sal jy vir ewig lewe." By die houtkruis op die heuwel het hy vir Jesus gesê: "As jy God gehoorsaam, sal jy vir ewig sterf." Adam het geluister na die leuen, maar Christus het dit verwerp.

So nou, op die houtkruis is daar 'n menslike lewe waar die vloek verbreek is. Dank die Here! Daar is 'n menslike lewe waarin Satan se mag nie heers nie! Een man is vry, maar wat het dit met die res van ons te doen?

'N LEWE-GEWENDE GEES

Net soos Adam sy verslane, sondige lewe aan sy kinders oorgedra het, moes hierdie een Man 'n manier vind om sy oorwinnende en seëvierende lewe te neem en dit aan ander te gee. Op dieselfde beginsel waarmee die hele mensdom korrup geraak het, moes hierdie Mens die mensdom herstel. Daarom word Hy die "laaste Adam" genoem (1 Korinthiërs 15:45)



So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees. (1 Korinthiërs. 15: 45)

Toe Christus die vloek op die kruishout verslaan het, en die weg gebaan het vir die mens om 'n herstellende verhouding met God te hê, moes God 'n manier vind om hierdie vrygekoopte lewe te verenig met ander, en om hulle in nuwe skepsels te herskep.

Dis die rede hoekom dit nodig was dat Jesus moes terug gaan na die hemel om verheerlik te word. Solank as wat Jesus net vlees en bloed gebly het, kon hy nooit iemand die lewe gee anders as vir Homself nie. Hy moes die vermoë ontvang om sy lewe aan ander te gee. Die Skrif vertel ons:



So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees. (1 Korinthiërs 15:45)

Jesus was gemaak 'n "opwekkende gees" of 'n "lewendmakende Gees." Dit is een belangrike aspek van die lewe van Christus wat baie nie verstaan nie. Een van die redes waarom hierdie waarheid in duisternis gehul is, is die feit dat min mense verstaan dat die Heilige Gees die ware lewe van Jesus Christus is, deur die ontvang van die Heilige Gees, ontvang jy die ware lewe van Jesus. Die lewe van Jesus was oorwinnend oor die vloek en dit is die lewe wat samebindend (verenig) is met die lewe van God. In Efesiërs 4: 10 sê die apostel Paulus:



Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring. (Efesiërs 4:10)

Waarom het Jesus teruggegaan na die hemel? Sodat Hy alles kan vervul. Toe hy op aarde was, kon Jesus een persoon vul en dit was Homself! Dit was onmoontlik vir Hom, terwyl hy in sy vleeslike liggaam op die aarde was, om enigiemand anders met Homself te vul. Hy moes terug gaan en met die Vader verheerlik word sodat Hy sy oorwinnende lewe kon neem en dit aan elkeen van ons oordra. Nou sal almal wat in God glo en die gawe wat Hy ons in sy Seun gegee het, daardie lewe ontvang. Almal sal inderdaad wedergebore word! Prys die Here vir die plan!

GLO

Soos deur een mens die dood oor die hele mensdom gekom het, so ook deur een mens het die lewe oor die hele mensdom gekom om **DEUR ALMAL ERVAAR TE WORD WAT DIT GLO**. Dit is waar ons vandag is. Wanneer ons dit verstaan, kan ons sien wat 'n tragedie dit is dat die mens probeer om die plan van verlossing te baseer op die grondslag van menslike werke. Dit is 'n tragiese idee en 'n onmoontlike doelwit. Voordat 'n persoon reg kan doen, moet hy eers die Lewe ontvang, en as hy die lewe ontvang het, sal hy reg doen. Mag God ons help om die skoonheid en volmaaktheid van wat Hy vir ons gedoen het deur die lewe en dood van Christus, verstaan! Amen.!!



NOTAS

TIPE EN ANTI-TIPE

HOOFSTUK 15

DIE CHRISTEN EN DIE WET

Is dit nodig vir Christene om die werke van wette te onderhou? Die apostel Paulus gee vir ons 'n duidelike antwoord in sy brief aan die Galasiërs:



Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk. (Galasiërs 5:6)

Met ander woorde daar is geen voordeel ten opsigte van besnydenis en geen voordeel om nie besny te word nie. Die saak is van geen waarde nie. Albei gevalle het niks te doen met saligmaking nie. Al wat saak maak is geloof wat deur liefde werk. Dit is Christenskap, dit en niks meer nie. Die besnyde persoon het niks meer as die onbesnede sover as dit Christus aanbetref nie. Kom ons hou hierdie beginsel in gedagte en ons oorweeg dat besnydenis is een van die werke wat deur die wet vereis word. Maar dan, as dit waar is, wat is die bedoeling van Paulus se stelling in die volgende teks verse:



Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie. En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou. Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval. (Galasiërs 5:2-4)

Hier sê Paulus dat daar beslis iets verkeerd is met besnydenis, terwyl hy in die vorige verse gesê het dat dit nie regtig saak maak nie. Is hy verward?? Neem kennis wat die twispunt is: dit is Christus teenoor die wet. Wanneer 'n Christen verkies om besny te word was dit 'n aanduiding dat hy gesoek het om aanvaarbaar vir God te wees op die basis van gehoorsaamheid aan die wet. Omdat hy verwag het om aanvaarbaar te wees, deurdat hy die wet onderhou, logies dan sal so 'n persoon onder die verpligting staan om te onderhou, of om te doen, die hele wet, al die wette!!! Was hy verplig om toe te sien dat al 613 wette en geboie gehou word wat gespesifiseer word in die wet.

Laat ons dan nie die punt mis nie: As 'n persoon tot die gevolgtrekking kom dat van hom verwag word om enige deel van die wet te hou dan beteken Christus vir hom niks nie. **Hoekom is dit so?? Dit is so want hierdie persoon het nog nie aanvaar dat Christus voldoende is nie. Hy het nie die feit aanvaar dat God voorsiening gemaak het vir alles wat hy nodig het in Christus nie. Die feit dat 'n persoon voel dat iets ekstra benodig word saam met Christus is 'n aanduiding dat so 'n persoon nog nie Christus aanvaar het nie en dat Hy nie genoegsaam is vir al sy behoeftes nie.** As gevolg van hierdie persoon se geloofsoortuigings dat sy verhouding met God afhang van wetsonderhouding, dan is so 'n persoon verplig om al die wette, elke enkele gebod te hou, want dit is wat die wet vereis van ons. Perfekte gehoorsaamheid tot al die wette is die enigste weg wat ons uit hierdie voordeel kan behaal.

Dit is wat die apostel leer:



Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie. En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdigde sal uit die geloof lewe. Maar die wet is nie uit die geloof nie, maar die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. (Galasiërs 3: 10-12)

Dit wil voorkom asof Paulus se standpunt teenstrydig is met die standpunt wat ons voorheen gelees het. Eerstens het Paulus gesê dit maak nie saak of jy besny is al dan nie en nou, hier sê hy as 'n persoon besny is, Christus vir hom niks sal beteken nie!!. Hoe kan hierdie sogenaamde teenstrydigheid verduidelik word?

Laat ons onself die vraag vra, wat is die rede wat sal veroorsaak dat 'n persoon homself laat besny? Wel, as 'n persoon 'n Jood was, sou hy besny gewees het op die 8ste dag na geboorte. Dit was deel van die wet wat aan Moses gegee is op die berg Sinai en dit was 'n onbuigsame deel van die Joodse geloof. Oor die eeue het dit 'n integrale deel van hulle lewensstyl en kultuur geword. Paulus se brief was gerig aan die nie-Jode, heidense broeders in Galasiërs. Daar was Christen gelowiges wat nooit Jode was nie. Daar was geen kulturele saak vir hulle om betrokke te raak met besnydenis nie want dit was nie 'n deel van hulle tradisionele leefstyl nie, nogtans was dit moontlik vir die Christen Joodse mense om aan te hou met die besnydenis as gevolg van kulturele en nasionale tradisies en omdat hulle gedink het dit word van hulle verwag deur God. Maar vir die heidense gelowiges was die enigste rede vir hulle om besnydenis te verlang, dat as hulle geglo het, dat dit 'n vereiste was om gered te word.

Let op na hierdie belangrike kwessie. Besnydenis in opsigself is niks. Joodse Christene het dit gedoen en dit was nie 'n groot ding nie. Waarom sou dit 'n probleem wees as Heidense Christene dit gedoen het? Was daar 'n verskil tussen Joodse broers en heidense broers? Glad nie, maar hier is die kritieke punt. Dit is nie wat ons doen wat so belangrik is nie, dit is wat ons glo wat belangrik is. Op een stadium het Paulus self Timotheus geneem en hom besny:



En hy het in Derbe en Listre aangekom; en daar was 'n dissipel met die naam van Timótheüs, seun van 'n gelowige Joodse vrou, maar van 'n Griekse vader. Hy het goeie getuïenis gehad van die broeders in Listre en Ikónium. Paulus wou hê dat hy saam met hom op reis sou gaan, en hy het hom geneem en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was; want hulle het almal geweet dat sy vader 'n Griek was. (Handelinge. 16: 1-3)

Maar hoekom het hy dit gedoen? Het hy geglo dat dit nodig was vir verlossing? Absoluut nie! Die Skrif sê dat Paulus Timotheus besny het om partydigheid van die Jode se gedagtes te verwyder omdat hy en Timotheus besig was om met Jode te werk. Timotheus was 'n half-Jood en dit sou hom toelaat om meer effektief te wees in die bediening van die Jode. Hy was nie besny nie omdat Paulus geglo het dat dit nie nodig was nie en ook nie 'n vereiste vir verlossing nie.

Ons geloof is die belangrike element. Ons word gered alleen deur geloof, so as ons geloof verkeerd is, dan is ons verlore! Dit is die strydpunt of kwessie.

As my geloof my vertel dat Christus nie genoeg is om my te red nie, en dat ek die werke van die wet moet onderhou, dan is ek verlore! Dit is die punt wat Paulus maak. As ek nog ander vereistes byvoeg, is dit duidelik dat my geloof nie die verlossing wat in Christus is, aan geneem het nie en daarom probeer ek nog byvoeg wat Christus alreeds gedoen het. Hierdie poging om werke van die wet by te voeg, is die bewys dat ek nie aanvaar het wat in Christus is nie, en daarom is ek verlore.

Die werke van die wet is niks in hulle self nie. Hulle is net dade van menslike gedrag. Maar wanneer 'n mens glo dat hy dit as deel van die proses van verlossing moet doen, dan word sulke optredes 'n probleem. Hulle is dan vernietigend tot geloof en daarom ook vernietigend tot redding.

Nou, nadat die nuus van Christus se geregtigheid ontvang is, wou hierdie heidense Christene besny word; wat was hul rede hiervoor? Die rede hiervoor was dat daar 'n groep Joodse gelowiges was wat oortuig was dat geloof in Christus nie genoeg was vir verlossing nie. Hierdie mense is oortuig dat enigiemand wat 'n Christen geword het, ook die werke van die wet moes beoefen om gered te word. Hulle het na 'n paar plekke gegaan waar Paulus die evangelie verkondig het en probeer om diegene wat bekeer is, te oortuig dat hulle nodig gehad het om die wet te onderhou, en ook om in Christus te glo. Een van die plekke waar hierdie Jode aangekom het, was Galasiërs. Ons hoef nie te spekuleer oor hierdie dinge nie, die Bybel maak dit baie duidelik.

Hierdie probleem het so ontstellend geword dat daar by geleentheid 'n spesiale konferensie in Jerusalem gehou is om hierdie saak te bespreek.



En sekere persone wat van Judéa afgekom het, het die broeders geleer: As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie. Toe daar nou geen klein stryd en woordewisseling van die kant van Paulus en Bárnabas teen hulle ontstaan het nie, het hulle besluit dat Paulus en Bárnabas en nog 'n paar ander van hulle sou opgaan na die apostels en ouderlinge in Jerusalem in verband met hierdie vraagstuk. (Handelinge 15:1-2)



Maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en bevel ontvang om die wet van Moses te onderhou. (Handelinge 15: 5)

Die apostels en ouderlinge het bymekaar gekom en daar was 'n lang gesprek oor die saak. Uiteindelik het die raad tot die volgende besluit gekom:



Aangesien ons gehoor het dat sommige wat van ons uitgegaan het, aan wie ons geen opdrag gegee het nie, julle met woorde ontstel en julle gemoedere verontrus deur te sê dat julle besny moet word en die wet moet onderhou, het ons eenparig besluit om manne te kies en na julle te stuur saam met ons geliefde Bárnabas en Paulus— manne wat hulle lewe oorgegee het vir die Naam van onse Here Jesus Christus. Ons het dan Judas en Silas afgevaardig om ook mondeling dieselfde berig te bring.



Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel! (Handelinge 15: 24-29)



Wat egter die gelowiges uit die heidene betref het ons geskrywe en besluit dat hulle niks van dié aard moet onderhou nie, maar hulle net moet onthou van afgodsoffers en bloed en van wat verwurg is, en van hoerery.. (Handelinge 21:25)

Hier sien ons die probleem duidelik en onmiskenbaar uitgelê. Hierdie Joodse gelowiges (wat meestal fariseërs was) het geëis dat die heidense gelowiges die wet moet onderhou, ingesluit die besnydenis. Hierdie misleide broers het Christenheid nie verstaan nie. Wat hulle aanbetref, was Christenheid 'n toevoeging tot hul godsdienstige geloof, dit was iets wat by die Torah gevoeg moes word (die wet).

Daarom het hulle gevoel dat enigeen wat 'n Christen geword het, ook Judaïsme moes aanvaar en by hulle stelsel insluit. Maar dit was nie die waarheid nie. Die Christendom was nie 'n toevoeging tot die wet nie. Dit was nie 'n toevoeging tot die godsdienst van die Jode nie. Terwyl die hele stelsel van die wet op Christus se koms gewys het en Christus verteenwoordig het, was Christus die einde, of die doel van die wet:



En hy het die oë op hom gehou en vol vrees gesê: Wat is dit, my heer? Toe antwoord hy hom: Jou gebede en jou aalmoese het voor God in gedagtenis gekom. (Romeine 10: 4)

Toe Jesus gesterf het en opgewek is, het die wet (die hele Torah) sy doel vervul en was nie meer nodig in God se plan nie. Nou was dit nie iets om by hierdie nuwe godsdienst genaamd Christendom gevoeg te word nie, dit moes deur Christendom vervang word.



Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n middelaar. (Galasiërs 3: 19)



Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregtig kan word uit die geloof. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie. (Galasiërs 3: 24-25)

Die stelsel van die wet was veronderstel om in gebruik te wees tot die Saad (Christus) sou kom. Dit was 'n skoolmeester, 'n onderwysing om God se mense te lei en te leer totdat Christus gekom het. Nadat Hy gekom het en hul geloof 'n werklikheid geword het, was die wet nie meer nodig nie. God se mense was nie meer deur die skoolmeester beheer nie, maar deur Christus self deur Sy Gees.

Christene moet nie meer die wet onderhou of die werke van die wet doen nie. Die stelsel van die wet is deur Christus afgeskaf en in die onderhouding van die werke van die wet wys (demonstreer) Christene dat hulle nie werklik geloof in Christus se verlossing het nie.

Natuurlik, die onmiddellike vraag wat na vore kom is: "Wat van die Tien Gebooie?" Was hulle ook nie deel van die wet nie? Sê ons dat hulle ook afgeskaf is? Hierdie vraag word later aangespreek in hierdie boek in die hoofstuk getiteld **“Die Wet Van Die Gees.”**

Hoofstuk 16

DIE TWEE VEBONDE



Wat ons ook bekwaam gemaak het as dienaars van 'n nuwe testament, nie van die letter nie, maar van die gees; want die letter maak dood, maar die gees maak lewend. (2 Korinthiërs 3:6)



As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning. (Hebreërs 8:13)

NUWE VERBOND LERAARS

God het ons predikante van die Nuwe Testament gemaak, of van die nuwe verbond. As God ons dienaars van die nuwe verbond gemaak het, dan kan ons natuurlik nie terselfdertyd leeraars van die ou verbond wees nie. Dit is wat Paulus sê, en in die verse wat volg, maak hy dit baie duidelik. Hy verduidelik ook die kritiese verskille tussen altwee verbonde.

Let op: hy sê dat die skrif maak dood, maar die gees gee lewe. Wat bedoel hy as hy na die "die skrif" verwys? Wat is hierdie ding wat verband hou met die Ou Verbond wat "dood maak?" Paulus verduidelik waarna hy verwys in die vers wat volg:



En as die bediening van die dood, met letters op klippe gegraveer, in heerlijkheid was, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die aangesig van Moses nie vanweë die heerlijkheid van sy aangesig, wat tog moes vergaan, (2 Korinthiërs 3:7)



Hoeveel te meer sal die bediening van die Gees dan nie in heerlijkheid wees nie? (2 Korinthiërs 3: 7-8)

Dit lyk moeilik om dit verkeerd te verstaan waaroor Paulus hier praat. Hy verwys na iets wat "geskryf en in klippe gegraveer is." Toe dit ingestel was, het Moses se gesig met "n glorie geskyn" wat dit vir die mense moeilik gemaak het om na sy gesig te kyk. In Exodus 34: 28-30 vind ons die gedeelte waarna Paulus verwys. Dit sê:



En hy was daar by die HERE veertig dae en veertig nagte; hy het geen brood geëet en geen water gedrink nie. En Hy het op die tafels die woorde van die verbond, die tien woorde, geskrywe. En toe Moses van die berg Sinai afdaal—die twee tafels van die Getuënis was in die hand van Moses toe hy van die berg afdaal het Moses nie geweet dat die vel van sy gesig blink omdat hy met Hom gespreek het nie. En toe Aäron en al die kinders van Israel Moses sien, het die vel van sy gesig geblink! Daarom was hulle bevrees om naby hom te kom. (Exodus 34: 28-30)

Hier word baie duidelik gesê dat wat op die kliptafels geskryf is die woorde van die verbond was, die tien gebooe. Watter verbond was dit? Natuurlik was dit die Ou Verbond.

Kom ons kyk na 'n paar ander gedeeltes wat dit duidelik maak dat die middelpunt van die ou verbond die Tien Gebooe was.



En die HERE het met julle uit die vuur gespreek; julle het 'n stem van woorde gehoor, maar geen verskyning gesien nie—net 'n stem was daar. Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe. (Deuteronomium 4: 12-13)



En Moses het die hele Israel laat roep en vir hulle gesê: Hoor, Israel, die insettinge en die verordeninge wat ek vandag voor julle ore uitspreek; julle moet dit leer en dit sorgvuldig hou. Die HERE onse God het by Horeb met ons 'n verbond gesluit. Met ons vaders het die HERE hierdie verbond nie gesluit nie, maar met ons self, ons wat hier vandag almal in die lewe is. Van aangesig tot aangesig het die HERE op die berg uit die vuur met julle gespreek— ek het in dié tyd tussen die HERE en julle gestaan om aan julle die woord van die HERE bekend te maak, want julle was bevrees vir die vuur en het nie op die berg geklim nie—en Hy het gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jalouse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, en aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooe onderhou. Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie. Onderhou die sabbatdag, dat jy dit heilig soos die HERE jou God jou beveel het. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy. En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland 'n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou. Eer jou vader en jou moeder soos die HERE jou God jou beveel het, dat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat die HERE jou God aan jou gee. Jy mag nie doodslaan nie. En jy mag nie egbreek nie. En jy mag nie steel nie. En jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie. En jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie; en jy mag nie na jou naaste se huis hunker nie—na sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie. (Deuteronomium 5: 1-22)

Deuteronomium 5: 1-22 maak dit ook duidelik dat die ou verbond op die tien gebooe gegrond was.

DIE VERSKIL TUSSEN VERBONDE

Hoe kan ons verstaan wat Paulus gesê het? Het hy geleer dat die tien gebooe afgeskaf is? Het hy gesê dat God se wet weggedoen is weens die nuwe verbond? Nee, dit is nie wat hy sê nie! As ons terugkyk na 2 Korinthiërs. 3: 6 sien ons dat Paulus die kritieke verskil tussen beide verbonde identifiseer. Hy sê, "nie van die skrif nie maar van die gees." Hierdie frase hou die sleutel tot die begrip van die verskil tussen beide verbonde.

Die term "die skrif" verwys na wat geskryf is (in hierdie geval op klip geskryf).

Onder die ou verbond sowel as onder die nuwe verbond het die groot behoefte van die mense dieselfde gebly. Die doel was om geregtigheid te verkry, om 'n manier te vind om te ontsnap uit die sonde en die dood wat daarmee gepaard gegaan het. Onder die ou verbond het die volk probeer om geregtigheid te vind deur die woorde (die skrif) van die tien gebooi te gehoorsaam. Deur streng gehoorsaamheid het hulle gehoop om God se guns te verkry en 'n plek van heiligheid te bereik waar God hulle sou kon seën en al Sy beloftes sou nakom aan hulle. Dit het nooit gebeur nie. Die stelsel wat soek na geregtigheid kan nooit werk nie. Al wat dit gedoen het, was om die mens in veroordeling te bring. Paulus verwys na dit as die "bediening van veroordeling."



Want as die bediening wat veroordeel, heerlikheid was, veel meer is die bediening wat regverdig maak, oorvloedig in heerlikheid! (2 Korinthiërs. 3: 9)

Laat ons oplet dat die gebooi self foutloos was. Paulus verklaar dat hulle "heilig en regverdig en goed is" (Rom 7:12). "Maar as die manier om mense regverdig te maak of as 'n manier om goddelike gedrag te lewer, was die gebooi hopeloos. Paulus sê:



... as daar 'n wet gegee was wat die lewe kon gee, sou die wet regverdig gewees het. (Galasiërs 3:21)

En die gebod wat tot lewe gelei is, het ek tot die dood gevind. (Romeine 7: 10)

Die mens het geregtigheid nodig. Die gebooi beskryf en vereis geregtigheid. So, wat was die probleem? Waarom moes God die ou verbond afskaf, gebaseer op die wet wat op 'n klip geskryf is?



Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde. (Romeine 7:14)

Die ou verbond kon nooit geregtigheid in die mens lewer nie. Daar was 'n fundamentele konflik tussen twee partye wat dit onmoontlik gemaak het vir die doel om geregtigheid te bereik. Die wet het sy plig geloofwaardig gedoen. Uit die twee kliptafels het dit geregtigheid en gehoorsaamheid vereis. Maar die woorde was net woorde wat in klip uitgekapt is, net 'n lewlose skrif en hulle het op die verdorwe harte van vleeslike mense geval met hul eis vir geregtigheid. Die mens wou geregtigheid hê. Hy het probeer en weer probeer om hierdie heilige wet, die volmaakte wet, te gehoorsaam, maar hy was net vleeslik. In so 'n toestand was daar nie eens die geringste hoop dat hy ooit geregtigheid sou verkry deur gehoorsaam aan die wet te wees nie. Maak nie saak hoe hard hy probeer het nie, hy het altyd misluk. Nou, die ou verbond, gebaseer op die geskrewe wet (die skrif), kon nooit die groot behoefte van die mensdom tot geregtigheid bevredig nie, en daarom moes die stelsel verander!

In Hebreërs hoofstuk 8: 7 word ons vertel dat daar 'n fout was met die eerste (die ou) verbond en daarom moes God die tweede instel.



Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie. (Hebreërs 8: 7)

Let op dat hierdie verbond wat die "nuwe verbond" of die tweede verbond genoem word, eintlik die ewige verbond is. Dit is die verbond waardeur mense deur al die eeue gered word en Paulus beklemtoon dit in Galasiërs:



Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus. Maar ek sê dít: die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, maak die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak nie. (Galasiërs 3: 16,17)

Maar in God se handeling met Israel as nasie, was die verbond wat by Sinai met hulle gemaak is, die eerste verbond op grond van hul wederverarings as 'n volk. Paulus sê dat daar 'n fout was met die verbond en dat dit is hoekom dit verander moes word. In Heb. 8: 8,9 sê hy vir ons duidelik wat hierdie probleem was:



Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here. (Hebreërs 8: 8-9)

Die skuld was by die mense. Die ou verbond bevat 'n wet wat geen fout gehad het nie, een wat "heilig, regverdig en goed" was. Maar die mense van wie dit geregtigheid eis, was "vleeslik, verkoop onder sonde." Die stelsel kon nie werk nie omdat die wet en die mense heeltemal teengesteld was van mekaar. Gehoorsaamheid was onmoontlik onder hierdie omstandighede en so het God bepaal dat hierdie verbond slegs vir 'n beperkte tyd moes duur.



Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. (Hebreërs 8:10)

Wat was die verskil tussen hierdie nuwe verbond en die ou verbond? Wel, in die ou verbond is God se vereistes op klip geskryf. In die nuwe is hulle op die hart geskryf. In die ou was daar slegs die letter van die wet (die geskrewe woorde), maar in die nuwe was daar die gees van die wet (die lewende werklikheid van daardie woorde). In die ou tyd is geregtigheid net beskryf en geëis, maar in die nuwe is geregtigheid deelagtig gemaak deur die Gees van God wat die hart van die gelowige binne gaan.

Soos u kan sien, beskryf die tien gebooue geregtigheid. Hulle verkondig God se wil vir die mensdom in foutlose woorde. Maar hulle kan nie opsigself regverdigheid lewer nie. Geregtigheid word nie verkry deur oefening of deur die vorming van gewoontes nie!

Dit is 'n kwaliteit van die natuur, 'n aspek van die lewe en kan slegs deur geboorte ontvang word. Daarom bied die gebooue nie 'n oplossing vir die mens se probleem nie. Wat die sondaar betref, is hy vleeslik en "verkoop onder sonde" die enigste doel wat die wet kan dien, is om hom te laat weet hoe uiters ellendig en hopeloos sy toestand is en om hom te laat sien hoe onbekwaam hy is om te verander en te verbeter. Al wat dit kan doen is om hom te veroordeel vir sy sonde, maar dit kan hom nie van sy sonde bevry nie!

DIE WARE BRON

As ons ware geregtigheid moet hê, moet ons die bron van geregtigheid vind. Ons moet die plek vind waar die geregtigheid geproduseer word. Die wet kan slegs geregtigheid beskryf, maar wat ons nodig het, is om die plek te vind waar geregtigheid self as 'n realiteit bestaan.

Toe Isaac Newton swaartekrag ontdek het, het hy sy bevindings neergeskryf, en sy woorde het beskryf hoe swaartekrag werk. Selfs in skole vandag bestudeer studente daardie woorde en hulle verwys na wat Newton geskryf het as Newton se Gravitasië wet. Maar niemand is dwaas genoeg om te glo dat die swaartekrag self in Newton se woorde bestaan nie. Hulle weet dat Newton se woorde net die "letter" is en dat as hulle die swaartekrag self wil ondervind, hulle êrens anders moet gaan soek as net dié woorde. Die woorde kan 'n persoon help om swaartekrag te verstaan, maar nie om dit te ervaar nie. Dit is die presiese verhouding wat die tien gebooië tot geregtigheid moet hê. Die gebooië kan die geregtigheid beskryf, maar hulle kan dit nooit produseer nie. En so sê die apostel Paulus:



Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet en die profete daarvan getuig, (Romeine 3:21)

Ons sien dus dat daar 'n geregtigheid bestaan wat "sonder die wet" is, dit is sonder die letter van die wet. Dit is nie in stryd met die wet nie, maar dit is onafhanklik van die wet omdat die wet dit nie kan produseer nie. 'n Persoon kan nie hierdie geregtigheid verkry deur die wet te hou nie, omdat die wet dit nie kan gee nie. Daar is 'n plek waar geregtigheid bestaan as 'n lewende werklikheid. Dit is nie afhanklik van die nakoming van die wet nie. Hierdie plek is in Christus Jesus. (Rom 3:22; 2 Kor. 5:21; Fil.3: 9). Nou kan 'n mens na Christus kom wat die bron van alle geregtigheid is, wat Self die lewende wet is, die lewende werklikheid van alles wat die wet beskryf, en daar in Christus kan ons 'n vry geskenk ontvang om die perfekte geregtigheid te vind waarna ons op soek was!

NATUURLIKE GEREGTIGHEID

Oorweeg hierdie vraag: was die wet vir God gemaak? Was dit iets wat in plek geplaas was om te verhoed dat God iets sou verkeerd doen? Hoekom doen God net goed? Is dit omdat die gebooië Hom verhoed om kwaad te doen? Wat 'n belaglike idee! God het nie die wet nodig om te verseker dat Hy goed doen nie. Hy is goedheid self; Hy is die lewende wet. Die gebooië is slegs 'n uitdrukking van wat Hy is!

Wanneer 'n persoon Christus ontvang het deur die geloof, is dit hierdie werklike lewe van God wat syne word, deur die Heilige Gees. Die persoon het 'n mede deelgenoot geword van die goddelike natuur - dit is dat God se natuur sy natuur geword het. Sien jy hoekom hy nie meer 'n verhouding met die letter van die wet nodig het nie? Hy het nou die gedagtes van Christus en die natuur van God. Nou doen die mens wat reg is, nie omdat die wet dit vereis nie, maar omdat Christus in hom woon en die enigste lewe wat Christus kan lewe, is 'n heilige lewe - een wat volkome in harmonie met die wet is!

Gestel 'n man vind 'n foto van 'n pragtige vrou. Hy word verlief op wat hy sien en elke dag neem hy hierdie foto waar hy ookal gaan.

Hy praat met die foto, soen dit, omhels dit en snags neem hy dit saam met hom bed toe. Hoeveel bevrediging sal hy kry? Nie veel nie, tensy hy mal is. Al wat dit sal doen, is om hom te frustreer omdat die prentjie net 'n beskrywing is. Dit is nie die realiteit nie. Om ware bevrediging te vind, moet hy die lewendige mens vind. Die foto het baie beperkinge. Dit is 'n beeldtenis van die werklikheid, maar dit ontbreek baie, baie van die eienskappe van die oorspronklike. Natuurlik kan die foto nuttig wees, dit kan die man help om die persoon wat dit uitbeeld, te vind, maar dit is die enigste goed wat dit kan doen. En so sê die Bybel van die wet:



Daarom was die wet ons skoolmeester om ons na Christus te bring, sodat ons deur die geloof geregtig kon word. (Galasiërs 3:24)

Om op te som, in die anti tipe is die kwessie nie “sondes” nie, maar die sonde self, die “sondige natuur.” Die kwessie is nie skuld nie, maar die skeiding van God. Dit is die werklike probleem wat slegs deur die beperkte voorstellings van die tipe geïllustreer kan word. Vandag, deel ons met die werklike dinge en laat die tipe agter!

GEBOOIE TEENOOR KARAKTER

Die volgende waarheid volg natuurlik van wat ons so pas ondersoek het. In die Ou Verbond het die klem geval op die reëls en veral die Tien Gebooie. Dit was die standaard waarmee sonde gedefinieer is, en dit was die middele om, 'n persoon te identifiseer óf as 'n sondaar of as 'n regverdige man. Die oortreding van die wet was sonde, en hierdie sonde het die oortreder skuldig gemaak. Die bloed van 'n dier was geëis om die skuld te vergewe.

Maar ons het gesien dat die probleem nie sondes is nie, nie daade nie, maar dat dit die vleeslike natuur is wat die werklike probleem was. Ons het gesien dat die natuur van die mens die ware probleem is. Ons het gesien dat Jesus nie net gesterf het om skuld te oorwin nie, maar meer om die sondige natuur te vernietig en om die mensdom te herstel na gemeenskap met God. Dus, was ons ook beperk in hoe ons die wet van God gesien het? Was die Tien Gebooie ook 'n voorstelling van iets groter? Was hulle ook 'n tipe van 'n groter werklikheid?

Die Tien Gebooie is in die ark, in die mees heiligste plek van die aardse heiligdom geplaas. Elke ding wat in die heiligdom was en met die heiligdom verband hou, was 'n tipe (soort), 'n voorstelling van 'n baie groter realiteit!


Die eerste „voorwerp“ wat verband hou met die heiligdom diens was die koper altaar waar die offer diere geslag is. Hierdie altaar het Golgota verteenwoordig, die plek waar Christus gekruisig is. Let daarop dat dit nie soos Golgota lyk nie, dit is nie eers gebou in die vorm van 'n kruis of 'n heuwel nie, maar dit verteenwoordig Golgota, die betekenis daarvan was die dood van Christus.

Die volgende item was die koper bak waar die priesters gewas het. Dit verteenwoordig die opstanding van Christus toe Hy uit die dood opgestaan het, die wedergeboorte uit die graf. Want toe Hy uit die graf opgestaan het, het Hy alreeds die sonde verslaan en in Sy liggaam is Hy dus gereinig van daardie sondige natuur.

Die volgende was die heiligdom self en sy items. Hierdie anti tipes het in die spel gekom nadat Christus opgevaar het na die hemel en Sy diens vir die mensdom in die hemel voort gesit het.

In die eerste vertrek het die tafel met die toonbrode gestaan en verteenwoordig die bediening van die woord van God. Die sewe-arm goue kandelaar verteenwoordig die werk van die Heilige Gees. Die wierook altaar het die werk van gebed verteenwoordig in die ondervinding van God se mense.



Binne die tweede vertrek, die aller heiligste plek, was daar 'n goue houerkas, genaamd die Ark van die Verbond. Hierdie houerkas is bedek met 'n goue plaat genaamd die versoen deksel. Bokant hierdie versoen deksel was 'n bonatuurlike lig wat verwys word as die Heerlikheid van God (Die Shekinah). Die versoen deksel het die troon van God voorgestel en die lig van die Heerlikheid (Shekinah) het natuurlik die teenwoordigheid van God aangedui. Binne die goue houerkas (ark) was die Tien Gebooe.



Laat ons noukeurig kyk wat die betekenis was van elke artikel wat in die heiligdom was, dit was 'n simbool van iets groter. Nie een was opsigself die ware ding nie; alles was simbolies. Hoe kan die Tien Gebooe dan die realiteit van God se wet wees? Hoe dan kan die Tien Gebooe die ware grondslag van God se troon wees? In ooreenstemming met die res van die heiligdom moet hierdie gebooe ook 'n tipe wees, 'n beperkte voorstelling van 'n groter realiteit! Dit is 'n baie belangrike punt en dit kan nie ontken word as ons eerlik is nie. Dit is totaal onlogies om te sê dat alles in die heiligdom figuurlik was, maar die Tien Gebooe was 'n letterlike saak.

Soos al die ander items in die heiligdom tipes was, het die Tien Gebooe die waarheid vertel, maar slegs op 'n beperkte manier. Dit verteenwoordig die waarheid in 'n skadu lig vorm, maar was veel minder as die werklikheid waarna dit verwys het. Ons kan verstaan dat die werklikheid of die anti tipe van die Tien Gebooe is die perfekte karakter van God, iets wat nooit in slegs tien sinne uitgedruk kan word nie. God en Sy weë oorskry die tien reëls sover soos wat 'n lewende persoon 'n pop oorskry.


B5 Tabernakel en hoëpriester



Hoëpriester

Eksodus hoofstuk 28 beskryf die klere van Israel se hoëpriester in besonderhede

- 1 Tuiband (Eks 28:39)
- 2 Heilige toewydingstekens (Eks 28:36; 29:6)
- 3 Onikssteen (Eks 28:9)
- 4 Kettinkie (Eks 28:14)
- 5 Borsstuk van oordeel met 12 edelstene (Eks 28:15-21)
- 6 Erod en sy geweefde lyfband (Eks 28:6, 8)
- 7 Blou moulose oorkleed (Eks 28:31)
- 8 Soom met klokkies en granaatjies (Eks 28:33-35)
- 9 Kleed van fyn linne met 'n blokkiespatroon (Eks 28:39)



Kenmerke van die tabernakel

- 1 Ark (Eks 25:10-22; 26:33)
- 2 Gordyn (Eks 26:31-33)
- 3 Pilaar vir die gordyn (Eks 26:31, 32)
- 4 Heilige (Eks 26:33)
- 5 Allerheiligste (Eks 26:33)
- 6 Skerm (Eks 26:36)
- 7 Pilaar vir die skerm (Eks 26:37)
- 8 Kopervoetstuk (Eks 26:37)
- 9 Reukaltaar (Eks 30:1-6)
- 10 Tafel met offerbrode (Eks 25:23-30; 26:35)
- 11 Lampstaander (Eks 25:31-40; 26:35)
- 12 Tentdoek van linne (Eks 26:1-6)
- 13 Tentdoek van bokhaar (Eks 26:7-13)
- 14 Bedekking van ramsvelle (Eks 26:14)
- 15 Bedekking van robbevelle (Eks 26:14)
- 16 Paneelraam (Eks 26:15-18, 29)
- 17 Silwervoetstuk onder paneelraam (Eks 26:19-21)
- 18 Staaf (Eks 26:26-29)
- 19 Silwervoetstuk (Eks 26:32)

- 20 Koperkom (Eks 30:18-21)
- 21 Brandofferaltaar (Eks 27:1-8)
- 22 Voorhof (Eks 27:17, 18)
- 23 Ingang (Eks 27:16)
- 24 Hangende gordyne van linne (Eks 27:9-15)

Wanneer die Nuwe Testament ons vertel dat God Sy wette in ons harte en denke skryf, hou miljoene Christene steeds vas aan die wanopvatting dat wat Hy binne-in ons geskryf het, die Tien Reëls (Tien gebooe) is. Die waarheid is dat wat in ons harte ingeskryf is, die ware natuur van die lewende God is. Dit is die karakter van God wat deur die inwonende Heilige Gees aan ons oorgedra word, iets veel groter, en baie beter as net Tien Stellings wat opdrag gee. Dit is iets wat uitreik tot die hart van die mens se behoefte en voorsien 'n perfekte teenmiddel tot die probleem van sonde. Dit moes so wees, want wette kan slegs goeie gedrag eis, maar dit verg 'n goeie natuur om daardie gedrag tot uiting te bring.

REGTER VS VADER

Die God van die Ou Testament lyk baie streng. Soms lyk dit of hy genadeloos en ras bevooroordeelt was. Die Bybel vertel ons dat dit nie 'n akkurate beeld van God was nie, maar dat as ons perfek wil verstaan wat God regtig is, moet ons na Sy laaste openbaring van Homself kyk, dit wil sê, ons moet na Jesus Christus kyk.



Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. (Hebreeërs 1: 1-2)

Maar die vraag bly steeds, wat is die betekenis van die Ou Testamentiese prent? Was dit vals? Moet ons glo dat die Ou Testamentiese Skrif nie die waarheid vertel het nie? Inteendeel, maar weereens, dit word verklaar deurdat dit steeds handel met tipe en anti tipe. Die God van die Ou Testament is die waarheid, verteenwoordig in 'n tipe, deur voorstelling en illustrasie. Die dinge wat daar aangeteken is, het regtig gebeur, maar soos hulle gebeur het, gee dit nie 'n akkurate beeld van hoe God regtig is nie.

Dink aan die lam wat geoffer is; Die lam het regtig gesterf, en die bloed was regtig gestort. God het regtig die bloed van 'n dier nodig gehad. Dit het die waarheid vertel, maar was dit die realiteit van die waarheid? Nee, natuurlik nie! Dit het die waarheid in vorms en illustrasies vertel. Tensy die illustrasies geïnterpreteer en verstaan word, sal 'n baie verdraaide idee van die plan van verlossing die gevolg wees. Trouens, baie mense het die doel en betekenis van hierdie diere offers verkeerd verstaan en dikwels het diegene wat geoffer het, gedink dat die bloed van hierdie diere werklik vir God genot verskaf het en dat hierdie bloed Sy woede tot bedaring gebring het. En vertel die Ou-Testamentiese Skrifte ons nie dat dit so was nie? Baie keer word ons vertel dat die reuk van brandoffers 'n aangename geur in God se neus was en veroorsaak het dat Hy guns aan die mens getoon het. Maar dit is dom om te dink dat die reuk van brandende dierevleis, God welgevallig is en genot gebring het!

God wou hê dat die mense moes sekere lesse leer en Hy wou hê hulle moes verstaan hoe belangrik hierdie dinge was. Die waarheid is dat alle verbintenis met sonde diegene sal vernietig wat daarmee besmet is. Dit maak nie saak of die verbinding baie klein is nie. Sonde sal uiteindelik 'n mens vernietig. Dit is die natuur van sonde. God wou die mensdom hierdie groot les van die verhouding tussen sonde en dood en uiteindelijke vernietiging laat verstaan. Daarom het God 'n tipe opgestel waarin Hyself die agent van die “gevolg” geword het. Hy het die bron geword vanwaar gevolge ontstaan het toe die mens hulself verbind het met sonde. Is dit hoe dit in die werklikheid of die anti tipe is?

Nee, in werklikheid is dit sonde wat mense vernietig. Alle mense ly die gevolge van hulle verbintenis met sonde en in die finale analise is dit sonde wat vernietig, selfs al sou God self 'n einde moet maak aan die lyding van sondaars.

Maar as God op die sonde en die natuur moes wag om die sondaar te verwoes en die sondaar te vernietig, sou die lesse nie geleer word nie, want hoewel sonde 'n definitiewe vernietiger is, is dit nie oop in sy vernietiging nie. Die oorgrote meerderheid mense op aarde herken nie die verskriklike gevaar om met sonde te assosieer nie. Daarom het God hierdie tipiese stelsel in die Ou Testament ingestel waarin Hyself die agent van vergelding en wraak geword het - die vervolger van sonde. Alle kontak met sonde was streng en onbuigsaam gestraf. Diegene wat verteenwoordig was as geheel en al aan sonde verbind, is genadeloos verdolg, heeltemal uitgewis. Selfs Sy eie mense, diegene wat naby Hom en Sy beste vriende was, was nie gespaar in hierdie tipiese stelsel nie. Moses, een van God se beste vriende moes ook sterf, om hierdie vergelding te ly toe hy ongehoorsaam was aan God om die rots te slaan toe God hom gesê het om daarmee te praat.

Wou God Moses doodmaak? Wou Hy hom straf? Toe Moses gepleit het: "O, laat my asseblief toe om hierdie goeie land te sien en ook Libanon." God se antwoord was "nee!" Hoekom was God so streng met hom? Die antwoord is, dit was 'n tipe en in hierdie tipe het God gewys dat die sonde sal vernietig word en dat daar geen wegkomkans is nie. God kon Moses nie gespaar het sonder om 'n verwronge prentjie van die waarheid te gee nie. Maar onthou dit was tipe, dit was 'n illustrasie. Dit was 'n lesboek, maar dit was nie die uiteindelijke waarheid nie!

Wat is die eindelike waarheid? In die regte stelsel, wat het regtig gebeur? In die ware opset het God Moses opgewek en hom dadelik na die hemel geneem! Hy het hom iets baie beter gegee as wat hy verlang het. Genade en barmhartigheid is aan Moses geskenk, maar in die tipe moes hy sterf, die les moes geleer word!

Dit verklaar baie van die oënskynlik genadelose slagtings in die Ou Testament: die dood van Korag, Datan en Abiran met hul klein kinders, die dood van Ussa wat geraak het aan die ark en onmiddellik gesterf het net omdat hy wou help, die dood van die ongehoorsame profeet, die slag van die nasies van Kanaän en baie, baie meer. Hierdie was almal tipes en illustrasies en hulle verteenwoordig nie die God van liefde en genade nie. Hulle verteenwoordig die wet van gevolge, en die onwrikbare gevolge wat verband hou met sonde.

In Jesus Christus sien ons die ware natuur (aard) van God, nie die geregtigheid en genadeloosheid wat deur die wet van gevolg vereis word nie. In die Ou Testament het God hierdie natuur aangeneem omdat die les geleer moes word, maar ons moet nie glo wat al hierdie stories ons alles vertel nie. Dit is eers in die wederopstanding dat ons die ware lot van baie van diegene wat in hierdie omstandighede gesterf het, onder "geregtigheid" en "oordeel" sal weet. Uiteindelik, in die anti tipe, is genade en barmhartigheid wat sal oorwin en daar sal baie verrassings wees. Dit is wat Johannes verkondig het toe hy gesê het:



Want die wet is deur Moses gegee, maar genade en die waarheid het gekom deur Jesus Christus. (Johannes 1:17)

NOTAS

HOOFSTUK 21

VERGIFNIS EN GERECHTIGHEID

Byna elke siening van die plan van verlossing toon aan dat die probleem 'n geregtelike vraag is. Trouens, ek het nog nooit 'n rede of verduideliking gesien hoekom Jesus moes gesterf het nie, en waarom sondaars tot die dood veroordeel word nie, wat dit nie verklaar het in wetlike terme nie. Die basiese idee is dit:

God het my veroordeel om te sterf. Hoekom? Ek het sonde gepleeg. Ek het die wet oortree, daarom hang 'n vonnis van die dood oor my. Hoe stel God daardie sonde tersyde? Hoe verwyder Hy die rekord van sonde uit die boeke, sodat hy my onskuldig kan verklaar? Die gewilde konsep sê dat wanneer God die bloed van Christus sien, God sy gedagtes oor my verander en Hy sê: "Ek vergewe." As gevolg van die dood van Sy Seun, kan God Sy denke verander.

WAT IS VERGIFNIS?

Die bogenoemde populêre konsep beskou vergifnis as 'n houding van denke. As een persoon iets doen wat seermaak, moet die een wat seergemaak is, vergewe en nie slegte gevoelens hou teen die een wat hom seergemaak het nie. Dit word gesien as 'vergifnis'. Mense het hierdie konsep van vergifnis aan God toegeskryf, dus, die idee is, wanneer ek verkeerd doen, God se houding teenoor my verander. God het harde gevoelens teenoor my, en God sê: "Voordat ek My gemoed kan verander en Ek weer goed kan voel oor jou, moet Ek bloed hê en as dit nie joune is nie, sal dit die bloed van My Seun wees! Wanneer daardie bloed vergiet word en Ek die bloed sien, sal Ek die rekord van jou sonde in My gedagtes en in die boeke verwyder en sal Ek weer goed dink van jou. "Miskien is dit 'n growwe manier om dit uit te druk, maar uiteindelik, dit is regtig hoe populêre teologie die kwessie van God se vergifnis beskou.

Iets is baie verkeerd met hierdie konsep. Wat sê die Bybel oor God? "God is liefde," en "God verander nie." As God ooit letterlik Sy gedagtes oor enigiets verander, kan dit nie waar wees dat God onveranderlik is nie. Al God se weë is volmaak, en al Sy weë is weë van liefde, daarom is dit onmoontlik vir God om ooit te verander. Wanneer ons God se vergifnis moet verstaan in terme van 'n God wat verander, dan moet ons besef dat hierdie konsep van God se vergifnis 'n valse konsep is. Dit is waar die mense verkeerd gegaan het. Hulle het nie die Bybelse konsep van vergifnis verstaan nie. Die offer van Christus is nie gemaak dat God Sy denke of gemoed kon verander nie.

TER WILLE VAN CHRISTUS

En tog sê die Bybel in Efesiërs 4:32,



Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het. (Efesiërs 4:32)

Hoekom het God jou vergewe? Dit is "ter wille van Christus." Dit is 'n basiese, fundamentele lering van die Bybel: God vergewe "ter wille van Christus." Maar wat beteken dit? Beteken dit dat God se houding verander as gevolg van Christus? Is vergifnis werklik 'n verandering van gesindheid, of is daar iets meer in Bybelse vergifnis? Beïnvloed vergifnis God of beïnvloed dit die mens? Beïnvloed dit 'n hemelse, ontasbare ding wat genoem word, 'geregtigheid', iets sonder naam, geen gesig waar God en die mens onderworpe is aan nie? Wat beteken vergifnis regtig en wie beïnvloed dit?

Die ondebaterende waarheid is dat God my altyd liefhet en altyd Sy hande uitreik na my toe. Toe ek hierdie feit ontdek het, het dit my lewe verander. Ek het geleer om Hom te waardeer, en hierdie waardering het gegroei met elke dag wat verbygaan. God het nooit 'n negatiewe gedagte teenoor ons gehad nie! As ons op hierdie beginsel bou, sal ons vind dat ons begrip van God en Sy woord duideliker sal word. Ons beeld van Hom sal meer in ooreenstemming wees met die waarheid dat "God liefde is." Dus, God se vergifnis is nie en was nog nooit oor God wat Sy handeling en bedoelinge oor ons verander het nie.

BYBELSE VERGIFNIS

Kom ons kyk na 'n gedeelte in Lukas wat hierdie saak duidelik maak:




Pas op vir julleself. En as jou broeder teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom. En as hy sewe maal op 'n dag teen jou sondig en sewe maal op 'n dag na jou terugkom en sê: Ek het berou—moet jy hom vergewe. (Lukas 17: 3-4)

In hierdie stelling het Jesus probeer om die natuur van God se natuur wat Hy besit het, uit te druk. Hy het die scenario aangebied van 'n persoon wat voortdurend teen 'n ander oortree het - soveel as sewe keer in 'n enkele dag. Sy opdrag vir ons is dat ons so 'n persoon moet vergewe. Volgens die gedeelte, wat is die voorwaardes waarop ons hierdie persoon moet vergewe? Dit is op die voorwaarde dat hy berou het. Maar veronderstel die persoon toon nie berou nie, moet ek hom vergewe? Die gewilde antwoord is: "Natuurlik moet ons vergewe!"

Maar laat ons iets vir 'n oomblik hier oorweeg. As ons nie ons sondes bely nie, sal God ons vergewe? Die antwoord is, nee. Volgens die Bybel, vergewe God nie as ons nie berou toon nie, en God vra ons nie om te doen wat Hy nie doen nie.

Hoekom moet 'n mens berou toon voordat hy vergewe kan word? Die antwoord word duidelik wanneer ons verstaan wat Bybelse vergifnis werklik is:

In teenstelling met die algemene oortuiging, is vergifnis in die Bybel nie 'n verandering van gesindheid in die verstand of gemoed nie. Vergifnis is eintlik 'n herstelde verhouding.



Vergifnis is nie 'n eensydige transaksie nie, maar is 'n ervaring waarin beide partye versoen word. 'n Beter woord vir hierdie Bybelse konsep van vergifnis is regtig “versoening.” Dit is nie net eenvoudig dat God se houding van ons verander nie, maar dit is 'n ervaring wat 'n persoon terugbring in onbeperkte gemeenskap en harmonie met God!

As dit net 'n saak was dat die gedagtes van die benadeelde party verander het, dan is daar geen vergifnis nodig nie, want God, die benadeelde Persoon, het altyd goed van ons gedink. Hy het nooit ooit 'n enkele negatiewe gedagte gehad teenoor selfs die slegste sondaar nie. Tog sê God dat die sondaar homself moet bekeer voordat hy vergewe word. Hoekom is dit so? Wat is die rede hiervoor? Kom ons kyk na die volgende scenario:

As 'n vriend by my huis kom en 'n duisend rand steel, vereis die algemene verstand van vergifnis my om die persoon te vergewe. Dit beteken dat ek die persoon in my vriendskap moet terugneem asof dit nooit gebeur het nie. So die volgende keer wat hierdie vriend kom besoek aflê, moet ek hom weer vrye toegang tot my huis gee. Hierdie keer steel hy twee duisend rand! Maar ek weet dat ek hom moet vergewe, so ek handhaaf 'n goeie verhouding teenoor hom en ek moet hom behandel asof hy niks verkeerd gedoen het nie en ek het hom weer laat inkom. Nie verrassend nie, kom hy die volgende keer weg met tien duisend rand. As ek dit aanhou toelaat, sal ek binnekort geen huis meer hê nie, en alhoewel ek die Gees van Christus het, is daar iets in my wat my meer en meer ontstel. Die waarheid is, ons verhouding versleg vinnig omdat 'n goeie verhouding op vertrouwe gebou word!

Hierdie persoon moet ten minste by die plek kom waar hy sê: "Ek erken dat ek verkeerd was en ek is jammer." As hy dit doen, is daar ten minste 'n basis vir ons om ons verhouding te herbou. Hy mag weer van my steel, maar ek weet ten minste op grond van sy verskoning dat dit nie sy bedoeling was nie. As hy nie van plan is om dit te doen nie en dit gebeur weer, en ek weet hy is jammer, het ek het iets om mee te werk, want hy wil beter doen en verander.

Die probleem is wanneer hy nie erken dat daar iets fout is nie. As hy nie berou het nie, moet ek seker maak dat hy nie weer my huis binne kom nie, totdat hy erken en berou het dat hy iets verkeerd gedoen het!

In die Bybelse sin van vergifnis herstel God nie 'n verhouding nie totdat ons erken dat daar iets fout is met ons. Wanneer ons berou het en ons sê: "God, ek het verkeerd gedoen en dit het U seergemaak en ek weet nie hoe om dit te verhelp nie, maar ek is jammer dat ek U seergemaak het." Dan sal God sê: "Daar is 'n basis vir ons om weer vriende te wees: Ek het nooit verwag dat Jy nie weer sal misluk nie, jy is net 'n arme skepsel en jy kan niks sonder My doen nie, maar as jy erken dat jy My hulp nodig het, kan Ek met jou werk." Daarom sê Hy, "Bekeer jou"

Ons kan sien dat bekering, vergifnis en reiniging nie eintlik verskillende gebeurtenisse is nie. Hulle is basies verskillende aspekte van dieselfde ervaring. Die Bybel leer in Kol 2:10 dat, “en julle het die volheid in Hom,”

Wanneer ons na God kom, in Christus, is ons vergewe, ons sondes is vergewe en ons ervaar 'n volle lewe. Die feit is dat vergifnis, uit die Bybelse perspektief, die beste beskryf word deur die Engelse woord “reconciliation.”

Dit is 'n proses waardeur die mensdom en God weer versoen word in 'n verhouding waar die skadu's en struikelblokke tussen ons verwyder is. Dit is nie 'n proses waardeur God se denke aangepas word nie.

BEPERKTE KONSEPTE

Dit is waar dat soms wanneer ons na die Bybel kyk, dit terme gebruik wat voorgee dat dit God se gedagtes of denke is wat verander moet word; maar bedoel God dat ons hierdie stellings ooglopend moet aanvaar sonder om te oorweeg dat Hy die soort Persoon is wat Hy Homself openbaar? Dit is belangrik vir ons om die hele openbaring wat God van Homself in die Bybel weergegee het te oorweeg, en nie net om ons te beperk tot sekere dele van Sy Woord nie.

Toe die mense Hom gevra het: "Sal 'n man sy vrou skei vir enige oortredings?" was Jesus se antwoord: "Nee." Toe hulle reageer deur daarop te wys dat Moses toestemming gegee het vir egskeiding op grond van kleinighede, het Jesus gesê: "Moses het dit toegelaat as gevolg van die hardheid van julle harte. "Maar was dit Moses wat die opdrag gegee het om egskeiding te magtig? Natuurlik nie, daardie opdragte was van God - trouens, dit was Jesus self wat daardie instruksies aan Moses deurgegee het op die berg Sinai. Jesus het nie op sy eie woord teruggegaan nie, en Hy het homself nie weerspreek nie. In wese het Hy gesê, "daar was 'n tyd toe Ek so met julle gedeel het op hierdie manier as gevolg van julle beperkte begrip. Daar was 'n tyd vir kinderagtige redenasies, maar nou gaan julle in die lig van iets groter, en dit is die tyd vir 'n groter begrip van God en Sy doelwitte. God lei jou na 'n groter begrip van Sy ware natuur en jy kan nie by daardie beperkte konsepte bly nie."

Baie van ons is nog steeds beperk tot Ou Testamentiese denke in vele dinge! Dit is waar dat daar in die Ou Testament 'n groot klem geval het op vergifnis van sondes eerder as die verwydering van sonde, maar 'n behoorlike begrip van die evangelie soos geopenbaar in die lewe en leer van Jesus en sy apostels lei tot die gevolgtrekking dat die evangelie gaan oor die verwydering van die sonde, en die verwydering van "die natuur van sonde", in plaas van bloot die ignorering van individuele sondige optredes, soos in die Ou Testament beklemtoon is. In die Ou Testament as iemand iets gesteel het, het hy vergifnis vir een aksie gekry. Hy het sy lam gebring en met hierdie handeling gesê: "Ek is jammer dat ek gesteel het." Hy het die lam doodgemaak en sy individuele daad van sonde was vergewe, maar terselfdertyd was daar dalk begeerlikheid in sy hart en hy het dalk oë gehad vir sy buurvrou. Dié offers het nooit sonde weggeneem nie - hulle het net spyt uitgespreek vir individuele optrede!

DIE WARE PROBLEEM

In die Ou Testament is elke daad van oortreding as 'n individuele sonde behandel, maar in die Nuwe Testament word 'n groter begrip van sonde geopenbaar. Hier sien ons dat die probleem nie is wat ons doen nie, en dit is nie die een sonde nie. Om die probleem van die sonde op te los, is dit nie die steel, of die doodmaak, of die leuens wat gehanteer moet word nie, maar die wortel van die probleem moet mee gehandel word, en die wortel is wat hierdie skadelike optredes veroorsaak. Jesus het dit duidelik gemaak in die volgende gedeelte:



En Hy sê: Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein. Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein. (Markus 7: 20-23)

Ek het een keer die verhaal gehoor van 'n vrou wat week na week na 'n gebeds byeenkoms gegaan het en gebid het en altyd dieselfde gebed gebid het. Elke week sal haar gebed wees: "Here, neem asseblief hierdie spinnerakke weg van my hart." Aanvanklik was daar baie hartlike 'amens' van die ander broers, maar soos dieselfde versoek aangehou het, week na week, maand na maand, was die „amens“ baie minder en minder en meer gedemp. Ten slotte, een aand toe dit die beurt van 'n ander broer was om te bid, het hy gesê: "Here, maak asseblief die spinnekop dood wat al hierdie spinnerakke maak in ons suster se hart!"

Die probleem is nie die spinnerakke nie die probleem was die spinnekop. Die probleem is nie die verkeerde optrede wat mense doen of die gevolglike skuldgevoelens nie, die probleem is die natuur wat hierdie verkeerde handeling oplewer. Ons optredes is slegs die gevolg van wat ons is!

Teen die einde van die tyd sal daar 'n oordeel wees op grond van 'n ondersoek van ons optredes, daar is geen twyfel daaroor nie. Maar dit is nie omdat optredes werklik die probleem is nie - dit is omdat die handeling die waarheid oor 'n persoon se natuur openbaar. Hierdie aksies bewys dat 'n persoon óf die sondige natuur van die verlore sondaar óf die natuur van Christus met die erfdeel van die wedergebore Christen besit. Ons handeling sal ondersoek word, maar ons optredes is nie wat ons red of ons verlore laat gaan nie. Dit is ons verhouding met Christus. Dit is of ons die vleeslike of die geestelike natuur het!

In die Ou Testament het God sy waarheid in swaar gesluiserde illustrasies aangebied. God het mense geleer dat sonde die ding is wat die dood bring. Elke sonde het gepaard gegaan met die ooreenstemmende dood van 'n dier. Maar soos die Bybel ons vertel, kan die bloed van bulle en bokke nooit sonde wegneem nie. Vergifnis het nooit die probleem enigsins opgelos nie, dit het nooit werklik die onderliggende probleem gehanteer nie, dit het net die realiteit uitgedruk dat daar 'n dieper probleem was. Dit is in die Nuwe Testament dat ons die werklike kwessie hanteer. God probeer nie aksies kanselleer nie, God probeer om van die wortel en die siekte van binne ontslae te raak!

WAAROM JESUS MOES STERF

Dit is waarom Jesus moes sterf. Dit is hoekom Hy ons menswees met sy swakhede moes aanneem. Dit is waarom Hy goddelikheid gebring het om met die mensdom te verenig sodat die goddelike natuur die sondebeginsel kon oorwin in die menslike natuur en om die dood van die menslike natuur daar te stel en sodoende 'n nuwe menslike lewe te skep waar sonde verslaan is!

Nou sê Hy: "Ek het hierdie lewe, wil jy dit ook hê?" Dit hang van ons af of ons kies om te glo en met Hom te verenig deur die geloof. Jesus het gekom om vir ons te doen wat ons nie kon doen nie. Die Bybel vertel ons in Romeine 8: 3-4:



Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. (Romeine 8: 3,4)

Geen wonder dat die apostel Paulus uitgeroep het: "Dankie aan God vir sy onuitspreeklike geskenk!" God het ons die ewige lewe gegee en hierdie lewe is in Sy Seun. Dit is 'n gawe van God, 'n lewe wat goddelik en ook menslik is, afkomstig van die nuwe Vader van die verlore menslike ras; van Een wat namens ons oorwin het en ons Sy oorwinnende lewe vrylik as 'n geskenk gee!

Kan ons, deur te probeer, die kleur van die Ethiopiër se vel verander? Kan ons deur te probeer, die kolle van 'n luiperd verwyder? Slegs God kan hierdie wonderwerk doen. Geen mens kan dit doen nie. God kon nie verlossing in my hande laat nie, en Hy kon dit nie aan my oorgelaat het nie, want ekself, kon dit nooit uitvoer nie, maar ek dank God vir die gawe van Sy Seun!

Almal van ons was vervloek deur Adam. Sy optrede stel ons almal onder die vloek, maar God sê: "Ek stuur nie My seun in die wêreld om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te red. Ek gaan vir jou doen wat jy nie kan doen nie, en as jy sal glo, dis al wat Ek van jou vra" Die wonderlike ding is, selfs die mees weerlose een van ons kan glo. Ons het elkeen daardie kapasiteit. Ons kan die Woord van God lees en dit glo en sê: "As jy glo wat Ek vir jou in My Seun gedoen het en My genade en My gawe sal aanvaar, sal jy verlossing hê."

Wanneer ons hierdie dinge sien vanuit die perspektief van die wet, vanuit 'n Ou Testamentiese perspektief, vind ons dat ons begrip van die plan van verlossing gebaseer is op regs-kwessies. Die wet kan niemand veroordeel omdat hy 'n vleeslike persoon is nie, maar dit kan hom veroordeel omdat hy sonde pleeg. Die wet vra nie wat ons is of wat in ons harte gebeur nie, dit vra: "Wat het jy gedoen?" En dit veroordeel die individuele aksie. Daarom hou die wet ons altyd besig om onself te meet vanuit ons perspektief oor ons aksies, eerder as die perspektief van ons natuur. Wanneer ons, ons op grond van die wet onself met God verbind, slaag ons nie daarin om die ware probleem te hanteer nie, en ons moet op die wettiese vlak bly. Alles oor ons Christelike struktuur moet op daardie idee gebou word, sodat dit 'n regs-kwessie kan wees, en ons bou ons idees onvermydelik op daardie grondslag.

'N WONDERWERK VAN GOD

Ons moet sien dat dit nie gaan oor 'n reaksie op die wet nie, dit gaan oor God wat ons natuur verander. Dit gaan oor 'n wonderwerk wat net God in staat is om te verrig. Toe ek begin fokus het op die boodskap van geregtigheid deur geloof, het iemand gesê: "Weet jy wat ek agter gekom het? Ek het besef dat baie Christene die nuwe geboorte ontken. Wat hulle glo, is redding deur geleerdheid." Hoe meer ek bekend geword het met die argumente, hoe meer het ek besef dat dit waar is. Mense leer jou dat as jy op die regte manier in jou kinderjare opgevoed is, sal jy groei tot geregtigheid. Maar hoekom sê Jesus, "as 'n mens nie wedergebore is nie, kan hy die koninkryk van die hemele nie ingaan nie?" Die Woord van God sê ons moet wedergebore word, omdat die eerste geboorte ons plaas in vyandskap teenoor God. Die sondige denke is nie onderworpe aan die wil van God nie en dit kan ook nie wees nie!

Die Christelike lewe is 'n wonderwerk. Dit is 'n daad van God en kan slegs 'n realiteit word deur die bonatuurlike inwoning van Sy Heilige Gees. Ons moet verstaan dat ons in aanraking moet kom met die bonatuurlike dinge.

Die Christendom is nie net 'n ander godsdiens waar sy voorstanders probeer om morele uitnemendheid te bereik deur 'n sekere filosofie te bestudeer nie. Dit is nie 'n kwessie van die Christendom wat meer edele morele leer verkondig as ander godsdienste nie. Die God van Christendom is 'n God van wonderwerke en Hy bereik een van die grootste wonderwerke wanneer Hy 'n vleeslike sondaar in 'n geestelike heilige verander.

Adam het sonde ingebring, maar Christus het geregtigheid gebring. Die probleem is opgelos. Daar was die dood, maar Christus het die lewe gebring; daar was veroordeling, maar hy het geregtigheid gebring!

WAAROM DIE WET?

Die vraag is: "Waarom dan, die wet?" Watter rol speel die wet, aangesien die dood en veroordeling opgelos is deur Christus alleen? Romeine 5:20 sê:



Maar die wet het daar bygekom, sodat die misdaad meer sou word; en waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword; (Romeine 5:20)

Met ander woorde, die mens is veroordeel deur Adam se sonde. Adam se oortreding het ons almal onder veroordeling gebring. Ons het almal die gevolge van die "oortreding" gevoel. Maar die wet het in die prentjie gekom om daardie veroordeling selfs groter te maak. Adam se sonde het die veroordeling van alle mense tot gevolg gehad. Alle mense is vleeslik en in staat om slegs sondige dade te doen. Maar die meeste mense verstaan dit nie. God het die wet in die prentjie gebring om vir ons te wys hoe ons gedrag moet wees, en so sê die wet vir ons: "jy moet gehoorsaam wees" en jy sê: "Ek sal, ek sal", maar jy doen dit nie en jy ontdek dat iets verkeerd is met jou. "Ek kan nie, ek kan nie," en die wet word ons leermeester om ons na Christus te dryf.

Mag God ons almal help om te kom waar ons erken dat wanneer die wet sê, "jy moet, jy moet" ons reaksie sal wees om na Christus te draai. Ons moet nie by die wet stop nie, anders sal dit die einde van die pad vir ons beteken. Ons sal niks anders as 'n ramp, frustrasie, leegheid en uiteindelik die dood kry nie. Die wet se doel is om ons na Christus te bring, dit is hoekom dit in die prentjie ingekom het, sodat ons deur die geloof geregverdig kon word. Dus het die wet 'n geregtighedsdoel, dit het 'n goeie plek in God se plan, maar daardie plan is nie om ons te red nie, maar om ons na Christus te bring en om ons te laat verstaan ons is onbevoeg en nietig, sodat ons na Christus kan terugdraai.

GEREGTIGHEID

As ons, ons redenasie voortsit op grond van die beperkte Ou Testamentiese konsepte, kom ons by hierdie vraag, "wat is die teenoorgestelde van vergifnis?" As 'n mens nie vergewe word nie, volgens die beperkte konsep waar ons te make het met geregtigheid en regs kwessies, wat is die gevolg? Geregtigheid eis die persoon se veroordeling.

As die persoon nie vergewe word nie, moet geregtigheid sy gang gaan. Mense werk op die vlak van geregtigheid, want niemand kan 'n man se hart verander nie, daarom moet ons op grond van geregtigheid funksioneer.

Ons het nie 'n probleem met regstelsels nie, want die Bybel sê dat God hulle in plek gestel het om 'n afskrikmiddel vir bose daders te wees. Waar mense nie natuurlike neigings het om goed te doen nie, moet reëls ingestel word om hulle te dissiplineer en om orde te handhaaf.

Die wet is daar geplaas vir die persoon wat oortree en natuurlik daarteen is - die wet word nie vir 'n wetsgehoorsame persoon gemaak nie (1 Tim.1: 9), maar as ons die beperkte begrip van die regstelsel hanteer, sal ons erken dat die teenoorgestelde van vergifnis is geregtigheid en veroordeling. Die stelsels van hierdie wêreld funksioneer op hierdie geregtelike vlak.

Kom ons veronderstel dat 'n man veertig jaar gelede iemand vermoor het, tien jaar later word hy 'n Christen en draai sy lewe om en word 'n model burger. Alle gedagtes van moord word uit sy kop verwyder. Veertig jaar later ontdek die polisie dat hy hierdie moord gepleeg het. Wat sal met hierdie man gebeur? Hy sal veroordeel word en moontlik die doodstraf kry. Wat hy nou is, maak nie saak nie, dit gaan oor die aksie wat hy veertig jaar gelede gepleeg het wat nou in ag geneem word. Die wet moet tevrede gestel word, en dit is hoe geregtigheid werk.

Wanneer mense die dinge net op 'n geregtelike vlak verstaan, begin hulle, hulle houdings en motiewe aan God toeskryf in ooreenstemming met hul eie beperkte kennis. Uit hierdie soort wanopvatting het leerstellings gegroei soos "die ewige brandende hel." Diegene wat hierdie verskriklike leer verkondig, sê dat God se oordeel van so 'n aard is dat as jy jou vingers op die verkeerde tyd klap en jy sê nie, "Ek is jammer nie," God jou sal laat brand in 'n ewige brandende vuur vir alle eeue, vir ewig. Hulle sal sê dat "geregtigheid dit eis!" Wat 'n tiran sou hierdie ding noem as "geregtigheid", sodat selfs God hom daaraan moet onderwerp om dit te doen en so heeltemal strydig is met Sy natuur van liefde en genade! Dit is waar ons eindig wanneer ons die groot stryd en die plan van verlossing beskou as 'n regs kwessie!

In die Ou Testament was die kwessie sondige dade en strawwe. Dit kan nie ontken word nie. Die wet het by die berg Sinai tot stand gekom, en waar die wet bestaan, moet daar strawwe wees. Waar daar 'n wet is, moet daar straf wees. Toe God dan die regstelsel ingevoer het, het hy ook strawwe en geregtelike stelsels ingestel; maar daar is 'n hoër vlak waar God werk, op die basis van aksie en gevolge.

Adam het die dood en korrupsie in die menslike familie ingebring. Die ware gevolg van sonde is die skeiding van God, wat uiteindelik na die dood lei. Sonde maak ons nie dood omdat God gekies het om van ons te skei en om ons seer te maak, of te wond nie, maar dit maak ons dood omdat dit 'n versperring tussen ons en God veroorsaak wat uiteindelik tot ons dood lei.

As ons na die mense in die Bybel kyk wat nooit gesterf het nie, soos Henog en Elia, sal ons sien dat hulle mense was in wie God die sonde afgeskaf het. Moses het amper dit in daardie getal gemaak, hy het amper nooit gesterf nie, maar op die ou end het selfbeheersing hom ingehaal en kon God hom dus nie toelaat om die beloofde land in te gaan nie. God moes hom die les leer dat sonde in die kleinste graad ons sal vernietig. So moes Moses sterf, die les moes geleer word.

Wanneer ons aan geregtigheid dink, watter begrippe assosieer ons dikwels met die woord?

1. Straf: Ons assosieer dit met geregtigheid, en wat is straf? Dit is 'n lyding wat aan 'n persoon opgelê word omdat hy verkeerd doen.
2. Vergelding: Ons assosieer ook geregtigheid met vergelding, lyding in verhouding tot die oortreding.
3. Wraak: Dan is daar ook wraak. Wraak is om 'n persoon seer te maak om jou eie gevoelens van seer te bevredig.

Al hierdie is instellings wat ons aan God toegeskryf het, want ons het hom op die regterlike vlak hanteer. Mense skryf hierdie dinge aan God toe en hulle eindig op, doodbang vir Hom, angstig om Hom te behaag, sodat Sy straf nie op hulle val nie, sodat Sy wraak hulle nie sal bereik nie. Hulle dink dat Hy hulle wil laat ly omdat hulle verkeerd gedoen het, hulle dink dat Hy wil hê hulle moet ly in verhouding tot die sondes wat hulle gepleeg het. Hulle dink Hy wil hulle seermaak om Homself te bevredig vir die seer wat hulle Hom aan gedoen het. Hulle verstaan nie dat God se hart gewond en bloei as Sy hande uitgestrek word en Hy pleit en sê: "Kom na My dat Ek jou lewe kan gee, verstaan jy nie dat ek Jou en almal liefhet nie. Al wat Ek wil doen, is om jou sonde vir ewig te verwyder sodat jou lyding en Myne tot 'n einde kan kom!"

N WARE BEELD VAN GOD

In die Nuwe Testament sien ons Jesus werk hard om die mens 'n regte begrip van God te gee en ons in staat te stel om hierdie waarhede te begryp:



Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. (Johannes 3: 17-18)

Hy wat nie glo nie, word alreeds veroordeel, maar nie deur God nie. God het hom nooit veroordeel nie, sy eie teenstand teen God, sy ongeloof veroordeel hom tot die dood, veroordeel hom tot 'n lewe van skeiding van God, veroordeel hom tot 'n lewe van ellende, nie omdat God dit so wil hê nie, maar omdat God nie daartoe instaat is om hulle te red as hulle weier om na hom te kom nie. In Lukas 9: 52,55 lees ons:



En boodskappers voor Hom uit gestuur; en hulle het vertrek en in 'n dorp van die Samaritane gekom om vir Hom klarigheid te maak. En hulle het Hom nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem op reis was. En toe sy dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdal en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het? Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie; (Lukas 9: 52-55)

Wie was dit wat vuur uit die hemel gestuur het in die tyd van Elía? Dit was God wat dit gedoen het. Nou het die dissipels gekom, en hulle wou dieselfde doen omdat hierdie Samaritane ook die Seun van God verwerp het!

Hulle het gedink hulle het soveel regverdiging gehad soos Elía, maar Jesus het hulle skerp bestraf en gesê: "Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie."

Maar as dit reg was in Elia se tyd, hoekom was dit verkeerd in die dissipels se tyd? Verander God? Nee! Hy doen nie. In die Ou Testament moes God sekere lesse beeldend leer, sodanig dat hy sekere dinge gedoen het wat nie altyd maklik verstaanbaar was nie. Hy moes in ooreenstemming wees met die regstelsel wat Hy ingestel het. Wette vereis strawwe en daardie strawwe moet uitgevoer word, anders beteken die regstelsel niks nie. Dit is waarom Moses moes sterf toe hy die wet op die laaste oomblik verbreek het voordat hy die beloofde land sou binne gegaan het. Nietemin moet ons altyd onthou dat hoewel Moses gesterf het sonder om die beloofde land onder “die regstelsel” te sien, het hy onder “die genade stelsel” alreeds sy beloning in die hemel ontvang!

God moes so onder die Ou Verbond met mense handel, omdat hulle primitief was in hul begrip en in hul godsdiens, en hulle moes hanteer word in ooreenstemming met die primitiewe stelsel. Maar nou het Jesus gekom om die tyd van “die koninkryk” bekend te stel. Hy het groter volwassenheid en begrip van God se natuur, karakter en weë gebring en Jesus moes sy dissipels dinge laat sien soos wat dit werklik is. Inderwaarheid het Hy vir hulle gesê, "jy verstaan nie wat in die Ou Testament gebeur het nie. Jy het gedink dit was God se denke en God se gedagtes, maar dit is nie hoe God oor mense voel nie. Selfs toe Ek dit in die Ou Testament gedoen het, het dit My seergemaak om dit te doen, maar nou is die tyd verby deur die leer van daardie metodes. Nou is die tyd vir die realiteit en dit is tyd om te verstaan wat God regtig is!"

Kom ons leer die verskil tussen die simbool en die realiteit. As ons nie verstaan wat daar onder die Ou Verbond gebeur het nie, word ons baie verward en eindig ons met 'n soort Mosaïese God wat soms goedgehartig is, maar soms is Hy baie streng en genadeloos.

Ons God is nie so nie. Dit is waar dat God mense in die tye van die Ou Verbond gedood het. Dit is waar dat Hy die dood van duisende mense beveel het. Hierdie dinge kan nie deur enige Bybel student ontken word nie. Wanneer ons egter besef dat die hele stelsel van die Ou Verbond figuratief was, dat dit 'n tipe en 'n onderrig middel was, erken ons dat die Ou Testamentiese gedrag van God nie die manier verteenwoordig soos wat Hy regtig is in terme van Sy karakter nie, en dat baie van die handeling wat Hy in die Ou Testament beveel het, nie noodwendig ewige aksies was nie.


Byvoorbeeld, toe Hy Moses op die berg Horeb laat sterwe het, was dit 'n voorbeeld van die gevaar van sonde, maar dit was nie die realiteit van Moses se lot nie. God self het Moses weer opgewek en vir Hom die ewige lewe gegee. Moses se werklikheid is die ewige lewe, deur God se genade, nie die ewige dood soos voorgestel deur sy dood op die berg Horeb as gevolg van sy oortreding van die wet nie. Die dood op Horeb was illustratief, en nie die werklikheid nie. Daar was ongetwyfeld baie sulke gevalle in daardie eeu en onder daardie stelsel. Daarom as ons oorweging skenk aan die eind bestemming van mense moet ons die vraag vanuit die perspektief van God se liefde en genade, en nie die perspektief van die regstelsel of selfs vanuit die perspektief van God se optrede in die Ou Testament beoordeel nie.



Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; (Romeine 8: 15-16)



Want julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm en basuingeklank en die geluid van woorde waarby die hoorders gesmeek het dat hulle geen woord meer sou toegevoeg word nie— want hulle kon die gebod nie verdra nie: selfs as 'n dier die berg aanraak, moet dit gestenig word of met 'n pyl neergeskiet word. En Moses, so vreeslik was die gesig, het gesê: Ek is verskrik en ek sidder. Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges, en by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel. . (Hebreërs 12: 18-24)



Het jy die versekering dat Hy jou Vader is? Kan jy vrylik en openlik sonder voorbehoud met Hom praat, met die wete van die onwrikbare liefde van die Almagtige Wese wat veronderstel is om ons Vriend te wees? Weet jy dit?

Laat die gees van vrees nie in ons harte bly nie, laat daar geen voorbehoud tussen ons wonderlike God en ons wees nie. Wees lief vir Hom, hou Hom vas, en glo in Sy beloftes. Hy het heerlike dinge gereed vir ons!

DIE PLEK VAN GELOOF

HOOFSTUK 22

REGVERDIGHEID DEUR GELOOF

Een van die mees gedagte-wekkende definisies van geloof word in Hebreërs 11: 1 gevind. Paulus begin hierdie groot hoofstuk deur te sê:



Die geloof dan is 'n vaste vertrouwe op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. (Hebreërs 11:1)

Nie baie mense sou op hierdie manier geloof omskryf of verklaar het nie. Waarskynlik sal die populêre definisie so iets omskryf as: "geloof is iets wat jy met jou hele hart glo, selfs wanneer jy dit nie kan sien nie." Daar is natuurlik meriete in daardie definisie en daarom is Paulus se definisie so interessant. Waarom het hy hierdie definisie gekies wat so duidelik uitgedink en presies bewoord was? Die feit dat dit so onregsinnig is, dwing ons om kennis te neem.

